# MISDADE TEEN VROUE IN DIE GAUTENGPROVINSIE

deur

THOMAS IGNATIUS MULLER JOOSTE

voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

KRIMINOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER : PROF. HERMAN CONRADIE

NOVEMBER 2001

Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en heerlikheid, van nou af tot in ewigheid. Amen (1 Timotheus 1:17).

Opgedra aan my eggenote Joey en seuns

Percy, Johannes, Tommie, Gerrit, Justice en Arista.

# DANKBETUIGINGS

Graag wens ek hiermee die volgende persone en instansies te bedank vir die hulp en ondersteuning wat hulle verleen het tydens hierdie studie:

Prof. Herman Conradie, my studieleier, vir sy besondere leiding en ondersteuning asook sy ononderbroke motivering terwyl hy in my vermoëns geglo het;

Prof. R. P. de la Rey, vir die wonderlike inspirasie en motivering toe ek dit op die nodigste gehad het;

Dr. Anna-Mart Bonthuys, die taalkundige, vir voortreflike diens gelewer en werk van hoë standaard;

Senior superintendent Marius Freislich van die SAPD vir sy onbaatsugtige en waardevolle insette betreffende die verskaffing van inligting;

My eggenote Joey en ons pragtige seuns wat altyd vir my daar was, en my ondersteun het ten spyte van die gesinstyd wat soms tydens my studie in die gedrang gekom het;

My Skepper.

T. I. M. Jooste
November 2001

TITEL

MISDADE TEEN VROUE IN DIE GAUTENGPROVINSIE

**Deur:** T. I. M. JOOSTE
**Studieleier:** Prof. Herman Conradie
**Departement:** Kriminologie
**Graad:** Magister Artium

## OPSOMMING

Die doel van hierdie navorsing was om misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie van Suid-Afrika te beskryf en te verklaar. Dit is gedoen aan die hand van literatuurstudie, en is uitgebrei met 'n empiriese ondersoek wat op polisiedossiere gebaseer is, teen die agtergrond van Seligman se teorie van aangeleerde hulpeloosheid. Die literatuurstudie is gebruik om 'n skedule te ontwerp. Die navorsingskedule is gebruik vir datavangs uit polisiedossiere. Die polisiedossiere van die Misdaadinligting-Analisesentrum (MIAS) van Gauteng se streekkantoor in Johannesburg is gebruik vir die samestelling van 'n gerieflikheidsteekproef bestaande uit 303 gevalle. Hierdie gevalle kom uit die aanmeldings by die aanklagkantore van Pretoria-Moot, Villieria, Pretoria-Noord, Pretoria-Wes, Eersterust en Hillbrow, en wel tussen 1 Januarie 1997 en 1 Maart 1998. Ten slotte word aanbevelings vir die ontwerp van voorkomingstrategieë gedoen en voorstelle vir moontlike toekomstige navorsing gemaak.

## TITLE

## CRIMES AGAINST WOMEN IN THE GAUTENG PROVINCE


| | |
|---|---|
| **By:** | **T.I.M. Jooste** |
| **Supervisor:** | **Prof. Herman Conradie** |
| **Department:** | **Criminology** |
| **Degree:** | **Master of Arts** |


## SUMMARY


The purpose of this research was to describe and explain crimes against women in the Gauteng Province of South Africa. It was conducted by means of a literature review, followed by empirical research, based on police dockets, against the background of Seligman's theory on learned helplessness. The literature review was used to design a research schedule. The schedule was used for data capturing from police dockets from the Crime Information Analysis Centre (CIAC) at their Gauteng Regional office in Johannesburg. From this data, a convenience sample, consisting of 303 cases, was compiled. These cases were reported at the charge offices of Pretoria-Moot, Villieria, Pretoria-North, Pretoria-West, Eersterust and Hillbrow, for the period between 1 January 1997 and 1 March 1998. Finally, recommendations are made for the design of preventative strategies, and suggestions are made for possible future research.



**Key terms:**

**Violence against women**
**Spouse battering**
**Sexual abuse**
**Emotional abuse**
**Physical abuse**
**Crime prevention**
**Learned helpessness**
**Victims**
**Service providers**
**Rape**

INHOUDSOPGAWE

**Hoofstuk** **Bladsy**


**1. Inleiding en metodologiese fundering** .......... 1

1.1 Inleiding .......... 1

1.2 Rasionaal van studie .......... 3

1.3 Doel van die navorsing .......... 5

1.4 Afbakening van die navorsingsveld .......... 7

1.4.1 Konseptuele afbakening .......... 7

1.4.2 Tyd-ruimtelike afbakening .......... 9

1.4.3 Kwalitatiewe afbakening .......... 10

1.4.4 Kwantitatiewe afbakening .......... 10

1.5 Hipoteses .......... 11

1.5.1 Hipotesestellings oor misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie .... 12

1.6 Die navorsingsproses .......... 17

1.7 Die samestelling van die skedule .......... 18

1.7.1 Data-analise en interpretasie .......... 19

1.8 Die samestelling van hierdie verslag .......... 19

1.9 Samevatting .......... 20

**2. Die aard en omvang van misdade teen vroue** .......... 21

2.1 Inleiding .......... 21

2.2 Tipes misdade teen vroue .......... 25

2.2.1 Aanranding (gewoon) .......... 25

2.2.2 Aanranding met die doel om ernstig te beseer .......... 25

2.2.3 Uitlokking met die doel om seksuele dade te pleeg ..... 25

2.2.4 Roof ..... 26

2.2.5 Ontvoering ..... 26

2.2.6 Moord ..... 26

2.2.7 Verkragting ..... 26

2.2.8 Diefstal ..... 27

2.2.9 Viktimisasie ..... 27

2.3 Verdere bespreking ..... 27

2.4 Nog aspekte wat betrekking het op misdade teen vroue ..... 29

2.4.1 Verbale aspekte ..... 29

2.4.2 Psigologiese aspekte ..... 30

2.4.3 Politieke aspekte ..... 31

2.5 Die omvang van die probleem ..... 32

2.6 Weerhouding van misdaadinligting ..... 33

2.7 Die situasie met betrekking tot misdade teen vroue in verskeie lande.. 34

2.7.1 Die Amerikaanse situasie ..... 35

2.7.2 Die situasie in Brittanje ..... 36

2.7.3 Die Suid-Afrikaanse situasie ..... 36

2.8 Die oorsake en verklarings van misdade teen vroue ..... 40

2.8.1 Psigo-patologiese of psigiatriese analise ..... 41

2.8.2 Sosio-psigologiese analise ..... 41

2.8.3 Sosiologiese of sosio-kulturele analise ..... 41

2.9 Moontlike oplossings ..... 42

2.10 Samevatting ..... 43

**3. Die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie ........ 44**

3.1 Inleiding ........ 44

3.2 Die oorsprong en ontwikkeling van die teorie ........ 45

3.3 Uitgangspunt van die teorie ........ 46

3.3.1 Drie aspekte ........ 47

3.3.2 Die slagoffer se onvermoë ........ 47

3.3.3 Persoonlike magteloosheid ........ 49

3.3.4 Universele magteloosheid ........ 49

3.3.5 Algemene magteloosheid ........ 50

3.3.6 Depressie ........ 50

3.4 Ander faktore ........ 52

3.5 Reaksies op viktimisasie ........ 53

3.6 Kritiek teen die teorie ........ 55

3.6.1 Negatiewe kritiek ........ 55

3.6.2 Positiewe kritiek ........ 57

3.7 Misdaadverklaringsmoontlikhede ........ 57

3.8 Samevatting ........ 59

**4. Regspleging in die bekamping van misdade teen vroue ........ 61**

4.1 Inleiding ........ 61

4.2 Agtergrond ........ 62

4.3 Polisiëring ........ 65

4.3.1 Agtergrond van die situasie ........ 65

4.3.2 Arrestasie ........ 66

4.4 Polisiëring van misdade teen vroue in Suid-Afrika ........ 68

4.4.1 Agtergrond ..... 69

4.4.2 Die polisiëringsplan ..... 69

4.4.3 Beskerming van die gesin ..... 70

4.4.4 Privaatheid van die gesin ..... 70

4.4.5 Beskerming van die oorlewende slagoffer ..... 70

4.5 Regsoorwegings en oplossings ..... 71

4.5.1 Verpligte berading ..... 71

4.5.2 Verpligte arrestasie ..... 72

4.6 Die howe en straf ..... 74

4.7 Die breër spektrum van die regsplegingsituasie ..... 76

4.8 Strawwe wat deur die hof opgelê kan word ..... 78

4.9 Voorstelle om die wet meer effektief toe te pas ..... 79

4.9.1 Gereelde monitering ..... 79

4.9.2 Amendemente ..... 79

4.9.3 Die totstandkoming van 'n gesinshof ..... 80

4.9.4 Vergemakliking van wetstoepassing ..... 81

4.10 Rehabilitasie ..... 81

4.11 Samevatting ..... 82

**5. Voorkoming van misdade teen vroue ..... 83**

5.1 Inleiding ..... 83

5.2 Die soektog na oplossings ..... 85

5.2.1 Lektuur ..... 85

5.2.2 Die ontwikkeling van 'n nuwe samelewingsfilosofie ..... 85

5.2.3 'n Kultuur van selfbeheersing ..... 86

5.3 Kategorieë van voorkoming ..... 87

5.3.1 Primêre voorkoming ..... 87

5.3.2 Sekondêre voorkoming ..... 88

5.3.3 Tersiêre voorkoming ..... 88

5.4 Skuilings en plekke van veilige bewaring ..... 88

5.5 Sielkundige berading vir slagoffers sowel as oortreders ..... 89

5.6 Veilige plekke ..... 90

5.7 Sielkundige hulp aan ootreders ..... 90

5.8 Die Suid-Afrikaanse situasie ..... 91

5.8.1 Voorkoming deur die owerhede ..... 91

5.8.2 Voorkoming deur die gemeenskap ..... 94

5.8.3 Beter fasiliteite vir slagoffers ..... 96

5.8.4 Veiligheidsplekke ..... 96

5.8.5 Verbetering van beradingsdienste ..... 97

5.8.6 Opleiding aan die gemeenskap ..... 97

5.8.7 Verbeterde wetstoepassing en regspleging ..... 97

5.8.8 Wat vroue in die gemeenskap self kan vermag ..... 99

5.9 Samevatting ..... 99

**6. Statistiese ontleding ..... 101**

6.1 Inleiding ..... 101

6.2 Biografiese data van die slagoffers ..... 102

6.2.1 Ouderdom ..... 102

6.2.2 Ras ..... 102

6.2.3 Huwelikstatus ..... 103

6.3 Familieverband tussen slagoffer en oortreder ..... 104

6.4 Biografiese data van die oortreder ........ 105

6.5 *Modus operandi* (metode wat gevolg is) ........ 122

6.6 Besonderhede rakende die regspleging van die misdaad ........ 130

6.7 Bevindinge ........ 133

6.7.1 Bevindinge oor die biologiese data van die slagoffer ........ 133

6.7.2 Bevindinge oor die biologiese data van die oortreder ........ 134

6.7.3 Bevindinge oor die *modus operandi* van die oortreder ........ 135

6.7.4 Bevindinge rakende die besonderhede van die regsplegingsproses ... 139

6.8 Slotbeskouing ........ 140

**7. Samevatting, bevindinge en slotbeskouïng ........ 142**

7.1 Inleiding ........ 142

7.2 'n Kort samevatting van die ondersoek ........ 142

7.3 Bevindinge ........ 144

7.3.1 Bevindinge van die literatuurstudie ........ 144

7.3.2 Empiriese datavangs ........ 146

7.4 Aanbevelings vir verdere navorsing ........ 151

7.4.1 Algemene aanbevelings ........ 151

7.4.2 Voorstelle oor veiligheidsplekke vir vroue en/of kinders ........ 152

7.4.3 Voorstelle vir verbetering van beradingsdienste ........ 153

7.5 Slotbeskouing ........ 153

7.6 Slotwoord ........ 155

**Bibliografie ........ 156-161**

**Bylae ........ 162**

**Vraelys ........ 163-169**

## Lys van tabelle


1.5 Data wat uit polisiedossiere bekom kon word....................................10

2.7.3 Mans wat gevonnis is weens misdade teen vroue....................................38

6.2.1 Ouderdom van die slagoffer ....................................102

6.2.2 Ras van die slagoffer....................................103

6.2.3 Huwelikstatus van die slagoffer ....................................103

6.3.1 Familieverband tussen slagoffer en oortreder ....................................104

6.4.1 Geslag van die oortreder....................................105

6.4.2 Ras van die oortreder ....................................105

6.4.3 Huwelikstatus van die oortreder ....................................106

6.5.1 Maand van die jaar ....................................122

6.5.2 Dag van die week ....................................123

6.5.3 Tydstip van die dag....................................124

6.5.4 Plek van die voorval....................................125

6.5.5 Tipes misdade....................................126

6.5.6 Het alkohol 'n rol gespeel?....................................127

6.5.7 Was die aanval beperk tot slegs een slagoffer?....................................127

6.5.8 Was die oortreder deel van 'n groep?....................................128

6.5.9 Wat het die voorval veroorsaak volgens die oortreder? ....................................128

6.5.10 Was provokasie deur die slagoffer 'n faktor?....................................129

6.5.11 Waarmee en hoe is die misdaad gepleeg?....................................129

6.6.1 Het die oortreder enige vorige veroordelings gehad?....................................130

6.6.2 Indien daar vorige veroordelings was,

watter tipe vonnisse is opgelê? ....................................131

6.6.3 Wie het die saak by die polisie aangemeld? .......... 131

6.6.4 Tydsverloop voor aanmelding van die voorval .......... 132

**Kruistabelle**

6.4.1 Ouderdom van die slagoffer en huwelikstatus van die oortreder .......... 106-107

6.4.2 Ouderdom van die slagoffer en vooraf bekendheid .......... 107

6.4.3 Ouderdom van die slagoffer en wie die saak aanmeld .......... 108

6.4.4 Ouderdom van die slagoffer en *modus operandi* van die oortreder .......... 109

6.4.5 Ras van die slagoffer en huwelikstatus van die oortreder .......... 109

6.4.6 Die ras van die slagoffer en die rol van drank .......... 110

6.4.7 Ras van die slagoffer en huwelikstatus van die slagoffer .......... 111

6.4.8 Die huwelikstatus van die slagoffer en voorafkennis .......... 111

6.4.9 Die huwelikstatus van die slagoffer en familieverband met die oortreder .......... 112

6.4.10 Die huwelikstatus van die slagoffer en die tipe misdaad .......... 112

6.4.11 Die huwelikstatus van die slagoffer en die rol van drank .......... 113

6.4.12 Die huwelikstatus van die oortreder en provokasie deur die slagoffer.......... 114

6.4.13 Die geslag van die oortreder en die tipe misdaad .......... 114

6.4.14 Die geslag van die oortreder en die redes wat deur die slagoffer aangevoer word waarom die misdaad gepleeg is .......... 115

6.4.15 Geslag van die oortreder en provokasie deur die slagoffer .......... 116

6.4.16 Die ras van die oortreder en die dag van die week .......... 116

6.4.17 Die ras van die oortreder en bekendheid met die slagoffer .......... 117

6.4.18 Die ras van die oortreder en die rol van drankgebruik ........................ 117

6.4.19 Die ras van die oortreder en die tipe misdaad ........................................ 118

6.4.20 Die ras van die oortreder en die familieband ........................................ 118

6.4.21 Die huwelikstatus van die oortreder en voorafkennis ........................ 119

6.4.22 Huwelikstatus van die oortreder en tydperk van kennis met die oortreder ........................................................................................................ 119

6.4.23 Die huwelikstatus van die oortreder en familiebande met die slagoffer ........................................................................................................ 120

6.4.24 Die huwelikstatus van die oortreder en die plek van voorval ............. 120

6.4.25 Die huwelikstatus van die oortreder en die tipe misdaad .................... 121

## Grafieke

5.8.1 Hoe die regering kan bydra tot voorkoming van misdade teen vroue ........................................................................ 93

5.8.2 Die gemeenskap se bydrae tot voorkoming ............................................ 95

5.8.3 Bemagtiging van die vrou ........................................................................ 98

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN METODOLOGIESE FUNDERING

### 1.1 Inleiding

Daar is 'n onrusbarende toename van misdade teen vroue in die Suid-Afrikaanse samelewing. Bollen, Artz, Vetten & Louw (1999:5) sê dat daar een vrou elke sesde dag deur haar verhoudingsmaat vermoor word en dat een uit elke ses vroue in Suid Afrika in 'n geweldsverhouding betrokke is. Daar is gedurende die tydperk 1994 tot 1997 49,289 verkragtings aangemeld wat 'n styging van 7% per jaar verteenwoordig, en ernstige misdade het met 1% per jaar gestyg in die ooreenstemmende tyd. Polisiestatistiek is ook nie altyd heeltemal korrek nie, want dit is voor die hand liggend dat alle sake nie altyd aan hulle gerapporteer word nie.

Hierdie situasie ontstaan as gevolg van die feit dat die SAPD en die National Victims of Crime Survey (VOC) se benaderings tot die registrasie van misdaad verskil. Waar die SAPD konsentreer op spesifieke definisies rondom wetlike aspekte, is die syfers van die VOC nie daaraan gebonde nie. Sommige persone is geneig om sekere tipes misdaad van rapportering te weerhou, bloot as gevolg van die praktiese komplikasies wat dit vir die klaagster inhou. Motordiefstal sal byvoorbeeld makliker gerapporteer word as wat die geval met aanranding deur 'n eggenoot sal wees. Daarom is polisiestatistiek nie altyd 'n ware barometer van die werklike situasie nie. In 'n onlangse landwye opname deur die Instituut vir Sekuriteitstudies (ISS), waaraan 1000 vroue vanuit metropolitaanse, buitestedelike en plattelandse gebiede in al nege provinsies van Suid-Afrika deelgeneem het, is gevind dat

- slegs 46% vroue die voorval by die polisie aangemeld het, en dat
- slegs 17 uit 565 (3%) mishandelde vroue uiteindelik in die hof teen hulle aanvallers getuig het.

Dat daar wel 'n probleem in ons samelewing rondom misdade teen vroue bestaan, is baie seker. Daar is baie bewyse en dikwels skokkend van aard, wat nie geïgnoreer,

weggelag, weggewens of weggerasionaliseer kan word nie. Hieroor sê Bollen *et al.* (1999:3) : "Alhoewel verskeie pogings van stapel gestuur is om aan te toon dat gesinsgeweld en seksuele aanranding ernstig aan die toeneem is in die Republiek van Suid-Afrika (RSA), reflekteer beskikbare statistiek slegs 'n klein gedeelte daarvan." Annmarie Wolpe (1999:24) sluit hierby aan met haar skets van 'n donker prentjie in die *Sunday Times*: "Die jaar wat verby is, is gekenmerk deur angswekkende verhale van verkragting, kindermolestering, gesinsgeweld, moord en ander geweldsmisdaad."

Van misdade teen vroue, is die seksuele misdade teen dogters seker die mees afkeurenswaardig. Elise Tempelhoff (2001:2) het in die Beeld, Vrydag 16 November hieroor soos volg geskryf: "Pa verkrag glo dogter (4) vir genesing van MIV [Menslike Immuniteitsvirus]". Sy wys daarop dat daar 'n onrusbarende tendens in Suid-Afrika aan die toeneem is, naamlik dat daar 'n mite bestaan by mans, dat geslagsgemeenskap met jong dogters wat nog maagde is, hulle van MIV kan genees. Sy sê: "Ons dink die kind se pa het die virus opgedoen nadat sy vrou swanger geraak het. En [*sic*] dat hy gemeen het hy sou genees word as hy met 'n maagd omgang het." Ook is Dr. Nelia Louw (Beeld 2001:14) met reg oor dieselfde saak bekommerd en sluit by Tempelhoff aan met 'n berig getiteld: "MIV-mite oor seks met maagd." Sy sê in die berig: "Die Kinderbeskermingsinisiatief van Tshwane is uiters bekommerd oor die dramatiese toename in kinderverkragting gedurende die afgelope paar jaar. Dit wil voorkom asof een van die redes hiervoor die mite is dat mans wat MIV-positief is, 'gereinig' kan word deur seksueel te verkeer met 'n maagd."

Ten einde hierdie verskynsel beter te beskryf en te verklaar, fokus hierdie navorsing hoofsaaklik op misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie van die RSA. Daar is nege provinsies in die RSA, te wete die Vrystaat, KwaZulu-Natal, Noordwes Provinsie, Noordelike Provinsie, Mpumalanga, Wes-Kaap, Oos-Kaap en Gauteng. Gauteng is een van die mees digbewoonde provinsies waar 37% van die bevolking van die RSA voorkom.

In hierdie navorsing word daar verder ook aandag geskenk aan Seligman se teorie van aangeleerde hulpeloosheid. Kousale faktore t.o.v. misdade teen vroue word belig vanuit die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie.

Voorts sal die rasionaal vir die navorsing verduidelik word.

## 1.2 Rasionaal van die studie

Die rasionaal vir die navorsing verwys na die motivering vir die keuse van die besondere onderwerp vir navorsing. Dit sluit aspekte soos die akademiese en persoonlike belangstelling, en die noodsaaklikheid en of belangrikheid van die ondersoek in. Kortweg gestel, dui die motivering dus op die rede(s) van waarom kennis van die spesifieke probleem noodsaaklik is. Die redes vir die navorsing sluit daarom die volgende in:

Die bewering word gemaak (Bollen *et al.* 1999:5) dat tussen 17 en 25% van die totale aantal vroue in Suid-Afrika slagoffers van misdaad is. As hierdie bewering waar is, is dit 'n probleem wat groot reperkussies vir die hele samelewing inhou, en daarom behoort navorsing hieroor vanuit 'n kriminologiese perspektief 'n dringende prioriteit te word.

Die werklikheid van die kontemporêre wêreld is dat misdade teen vroue 'n probleem is waarmee die hele Westerse beskawing in toenemende mate te doen het. Dat selfs 'n liggaam soos die Verenigde Volke Organisasie (VVO) die behoefte toon om verslae hieroor op te stel en die probleem te verstaan, dui op die erns van die saak. Die *United Nations Declaration on the Elimination of All Forms of Violence Against Women* werk ook hieraan mee (Bollen *et al.* 1999:9). Bollen *et al.* (1999:6) wys verder soos volg op die besorgdheid van die VVO hieroor: "The United Nations has referred to these abuses as a global epidemic that knows no geographical, cultural or linguistic boundaries."

Misdade teen vroue is 'n wêreldwye verskynsel, maar dit is veral die tendens dat daar oral 'n algemene styging daarin is, wat uiters sorgwekkend is. Gesinsgeweld is 'n

alledaagse verskynsel. Navorsing in Suid-Afrika (Bollen *et al.* 1999:6) het aangetoon dat:

- een uit elke ses vroue in Suid-Afrika slagoffers van een of ander tipe misdaad is
- tipes misdade teen vroue misdade soos die volgende insluit: seksuele, liggaamlike en finansiële benadeling, sowel as geforseerde isolasie
- die meeste verkragtings en gesinsgeweld nooit aangemeld word nie
- oortreders gereeld vrygespreek word; slegs 9% van oortreders teen vroue is in 1998 effektief vervolg
- die uitwerking wat geweld teen vroue het, ernstig is; dit kan selfs lewenslank duur wanneer na al die emosionele en psigologiese faktore gekyk word

In die RSA is die bestaan van die probleem veral oor die laaste tien jaar eers werklik aan die groot klok gehang deur politieke leiers, gemeenskapsorganisasies en vroueregtebewussyns-woordvoerders. Bollen *et al.* (1999:5) verwys na die MIAS wat in hierdie verband rapporteer dat meer onlangse statistieke wat deur die SAPD vrygestel is, bevestig dat daar gedurende 1998, 'n totaal van 49 289 verkragtings in die RSA voorgekom het. Daar was 'n stygende tendens van gemiddeld 7% per jaar verkragtings gedurende die tydperk 1994-1997. 'n Vergelykende studie het bevind dat daar 'n 1% toename in ernstige tipes misdaad vir dieselfde tydperk was. Aangemelde verkragtings het egter met 5,5% afgeneem tuseen 1997 en 1998.) 'n Vergelyking van misdaadsyfers van Interpol met dié van die RSA, toon dat laasgenoemde die hoogste frekwensie van misdadd *per capita* vir elke 100,000 inwoners het.

Ter motivering vir die navorsing kan verder ook gestel word dat kennis insake misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie belangrik is, nie net omdat dit toeneem nie, maar ook omdat misdade teen vroue en kinders - selfs op nasionale vlak - 'n polisiëringsprioriteit is. Meerdere kriminologiese kennis daarvan sal uit die aard van die saak bydra tot verbetering van die polisiëring daarvan. Dit is so omdat die kriminologie se fokus nie net op die aard en omvang van die misdade is nie, maar ook die beskrywing van die misdadiger en die slagoffer insluit. Hierdie meer holistiese

beeld van die verskynsel word verder versterk met die kriminologiese fokus op die *regspleging* (polisiëring, hofsake en korrektiewe dienste) asook die voorkoming daarvan. So 'n meer gefokusde navorsing op die misdade teen die vroue van Gauteng is nie bedoel om 'n provinsialistiese beeld van die verskynsel te probeer saamstel nie. Dit provinsie is om gerieflikheidsredes vir die doeleindes van die navorsing geselekteer.

Teen die agtergrond van die rasionaal vir die navorsing, kan die doel van die navorsing nou kortliks ontleed word.

### 1.3 Doel van die navorsing

Navorsers soos Smit (1985) en Mouton en Marais (1988) stem saam dat die doel van navorsing is om die vrae insake die navorsingsprobleem te probeer beantwoord. Daarom is die doel van die navorsing 'n breë aanduiding van wat met die navorsing beoog word en dit impliseer dat die gegewens in 'n geïntegreerde raamwerk van kennis verwerk kan word (Van der Westhuizen 1998:9). In hierdie verband wys Mouton en Marais (1991:14) daarop dat (kriminologiese) navorsing die volgende doelwitte moet hê:

- Beskrywing van 'n misdaadverwante fenomeen
- Verklaring van 'n misdaadverwante fenomeen
- Voorkoming van 'n misdaadverwante fenomeen
- Kontrole (beheer) van 'n misdaadverwante fenomeen

In aansluiting by hierdie onderskeiding, is vir die doeleindes van hierdie navorsing gebruik gemaak van 'n ondersoekende studie oor misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie van die RSA. Dit volg daaruit dat die doel is om die misdade teen vroue in Gauteng te beskryf. Die besluit om van 'n ondersoekende studie gebruik te maak, is beïnvloed deur die feit dat hierdie metode hom besonder leen tot volledigheid en praktiese uitvoerbaarheid. Hieroor sê Lin in Ovens (1992:9): "Exploratory studies provide the most general information about the research problem. They supply the researcher with his first exposure to the existing information in his area of interest, and

provide the basis for later review and consultation with experts and case exploration." Babbie (1992:91) wys verder daarop dat ondersoekende studies baie waardevol in sosiaal-wetenskaplike navorsing is en veral om drie redes uitgevoer word, naamlik (i) om die navorser se nuuskierigheid te bevredig; (ii) om die wenslikheid vir verdere uitbreiding van die navorsing te bepaal; en (iii) om metodes vir 'n dieptestudie te ontwerp. Babbie (1992:111) verwys na ondersoekende studie deur te sê dit is inderdaad die poging deur die navorser om 'n fenomeen in sy oorspronklike vorm te probeer verstaan.

Afgesien van beskrywing, wil hierdie navorsing ook die misdade teen vroue in Gauteng verklaar. Om hierdie doel te bereik, is die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie van Seligman ontleed, beredeneer en op die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie, toegepas.

Nadat die verskynsel (fenomeen) beskryf en verklaar is, volg dit logies dat maatreëls ter voorkoming ter sake sal kan kom. In hierdie navorsing is dit nog 'n doel, naamlik om, op grond van die verkreë data, maatreëls ter voorkoming (of dan minstens ter vermindering) van, misdade teen vroue voor te stel.

Teen die agtergrond van die voorafgaande verduideliking kan die doelwitte van die navorsing kortliks soos volg geformuleer word:

(1) Beskryf die aard en omvang van misdade teen vroue in Gauteng met verwysing na data wat uit geselekteerde polisiestasies se dossiere verkry is;
(2) Beredeneer die verklaring van misdade teen vroue in Gauteng met behulp van Seligman se teorie van aangeleerde hulpeloosheid;
(3) Verduidelik die rol van regspleging in die voorkoming van misdade teen vroue in Gauteng;
(4) Beskryf voorkomingsmaatreëls wat vir misdade teen vroue in Gauteng ontwerp kan word op grond van hierdie navorsing.

Ten einde hierdie gestelde doelwitte te kan verwesenlik, is die studieveld vir die navorsing soos volg afgebaken:

## 1.4 Afbakening van die navorsingsveld

Die doel van die navorsing is geleë in die (geselekteerde) beskrywing, verklaring en voorkoming van misdade teen vroue in Gauteng. Ten einde die navorsing te rig en om dit uitvoerbaar te maak, was dit noodsaaklik om dit af te baken. Die afbakening is soos volg ten opsigte van die hiervolgende aspekte gedoen:

### 1.4.1 Konseptuele afbakening

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word met die volgende konsepte die betekenisse en konnotasies bedoel soos wat vervolgens uiteengesit word. Hoewel daar 'n groot frekwensie van voorkoms van verskeie misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie is, gaan ons onsself in hierdie navorsing slegs beperk tot dié drie tipes wat die meeste voorgekom het in ons steekproef. Hierdie drie is: verkragting 97 (32%), gewone aanranding 86 (28,4%) en roof 40 (13,2%) wat in totaal 223 uit 303 (73,6%) gevalle verteenwoordig het.

**Misdaad**

Dit is (juridies) wederregtelike menslike handeling waaraan die dader skuld het en wat strafbaar is deur die staat. (Louw, Van Heerden en Smith 1978:50). Misdaad teen vroue kan dus gedefinieer word as : wederregtelike handeling teen vroue waaraan die dader skuld het en wat strafbaar is deur die staat. Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booysen (1984:704) verwys daarna as: "...sedelik slegte daad; kriminele handeling; swaar vergryp".

**Slagoffer**

Dit is die benadeelde van 'n misdaadhandeling (Louw *et al.* 1978:77). Die woord slagoffer het kontemporêre sowel as antieke konnotasies. Van der Hoven (1990:141) verwys hierna: "Hedendaags betrek die woord slagoffer in die alledaagse taal almal wat leed, verlies of teëspoed ervaar het. Dit sluit bv. slagoffers van ongelukke, siekte, natuurrampe, diskriminasie in by slagoffers van misdaad".

**Oortreder**

Dit is iemand wat hom aan wangedrag skuldig maak; iemand wat strydig met die samelewingsorde optree of versuim om verpligtinge na te kom. Hierdie handelinge is nie noodwendig misdaad nie, hoewel die term soms sinoniem met misdadiger gebruik word (Louw *et al.* 1978:59).

**Verkragting**

Dit is die buite-egtelike seksuele verkeer tussen 'n man ouer as 14 jaar en 'n vrou sonder haar toestemming. Die vernaamste verskil tussen onsedelike aanranding en verkragting is dat penetrasie wel by laasgenoemde plaasvind (Louw *et al.*1978:86)".

**Onsedelikheid**

Volgens Louw *et al.* (1978:58) is dit : "...onbetaamlikheid; onwelvoeglikheid; gedrag wat nie voldoen aan die algemeen aanvaarde standaarde van moraliteit nie ".

**Seksuele teistering**

Dit is om: "... te kwel; te folter; ernstige skade te berokken" (Odendal *et al.* 1984:1137). Seksuele teistering sou dus kon beteken om iemand op seksuele gebied te kwel, folter of ernstige skade te berokken. Hierdie skade kan liggaamlik óf emosioneel gedoen word.

**Geweld**

Volgens Odendal *et al.* (1984:286) kan geweld omskryf word as "...krag wat met hewigheid, onstuimigheid uitgeoefen word; misbruik van mag". Crowell en Burgess (1996:9) wys daarop dat geweld teen vroue 'n wye spektrum handelinge insluit, soos "... murder, rape, sexual assault, physical assault, emotional abuse, battering, stalking, prostitution, genital mutilation, sexual harassment, and pornography ".

**Viktimisasie**

Terwyl die viktimologie in werklikheid niks anders is as die wetenskap wat fokus op die slagoffer nie, word daar ook onderskeid gemaak tussen viktimologie en viktimisasie. Van der Hoven (1990:140) beskryf viktimisasie as volg: "Dit is die proses waarin die slagoffer onskuldig, uit eie nalatigheid en/of opsetlikheid blootgestel word aan die misdadiger se nalatige en/of opsetlike, wederregtelike en waarneembare optrede of versuim wat deur die regsproses met straf bedreig word."

Dit is: "...die geroetineerde wyse van optrede wat gewoonlik deur 'n misdadiger (groep of bende misdadigers) by die pleeg van misdaad gevolg word. Dit speel gewoonlik 'n groot rol in die opsporing van misdadigers" (Louw *et al.* 1978:52).

### 1.4.2 Tyd-ruimtelike afbakening

Die Republiek van Suid-Afrika bestaan tans uit nege verskillende, onafhanklike provinsies, naamlik Kwa Zulu-Natal, Mpumalanga, Noordelike Provinsie, Noordwes Provinsie, Wes-Kaap, Oos-Kaap, Noord-Kaap, Vrystaat en Gauteng. Vir die doel van die navorsing is die geografiese afbakening tot Gauteng beperk. Omdat selfs Gauteng egter te groot is, is die ruimtelike (geografiese) beperking verder ingekort tot die volgende polisiestasies, naamlik Pretoria-Wes, Pretoria-Noord, Pretoria-Moot, Villieria, Sunnyside, Eersterust en Hillbrow. Dit is om gerieflikheidsredes so gedoen. Daar is 124 aanklagkantore in die Gauteng Provinsie, maar bogenoemdes is hoofsaaklik geselekteer aangesien dit (i) binne bereik was in terme van ekonomiese oorwegings; (ii) dit (vermoedelik) goeie verteenwoordiging bevat van die breë bevolkingsamestelling; en (iii) daar gereeld insidente plaasvind wat toepaslik vir die navorsing onder bespreking is.

Wat die tydsfaktor betref, is die tydperk tussen Januarie 1997 tot Maart 1998 geneem. Hierdie tydperk is gekies om seker te maak dat slegs sake wat deur die SAPD afgesluit is, in die navorsing gebruik word.

### 1.4.3 Kwalitatiewe afbakening

Van der Westhuizen (1998:30) verduidelik dat kwalitatiewe afbakening van die navorsingsterrein verband hou met kenmerke van die respondente soos ras en geslag. Hierbenewens is die tydperk waarin die navorsing uitgevoer word, eweneens belangrik, omdat dit gerig word deur die inwerkende faktore op die betrokke misdaadverskynsel wat bestudeer word. Die faktore wat in hierdie tipe afbakening ter sake kom, sluit in die populasie, sosiale en kulturele grense, en tydslot van die navorsing. Uit die aard van en vir die doel van die navorsing is natuurlik net vroue se dossiere geneem. Wat die sosio-kulturele grense betref, is alle bevolkingsgroepe wat klagtes gelê het en wie se sake afgehandel is, ingesluit.

### 1.4.4 Kwantitatiewe afbakening

Hierdie aspek van die afbakening hou verband met die hoeveelheid respondente. Die ideaal is 'n verteenwoordigende steekproef waarvolgens elke geval dieselfde geleentheid het om ingesluit te word. Vir die doel van die navorsing kon dit egter nie gedoen word nie, weens die omvang van die verskynsel. Omdat dit onmoontlik was om al die misdade teen alle vroue - selfs vir een kalenderjaar - van die SAPD te bekom en te verwerk, is slegs 303 dossiere getrek. Om geriefllikheidsredes is die steekproef soos volg by hierdie polisiestasies gedoen:

**Tabel 1.5 Data wat uit polisiedossiere bekom kon word**

| Polisiekantoor | Aantal vraelyste voltooi |
|---|---|
| Pretoria-Wes | 50 |
| Pretoria-Noord | 50 |
| Pretoria-Moot | 50 |
| Villieria | 50 |
| Sunnyside | 50 |
| Eersterust | 30 |
| Hillbrow | 23 |
| **Totaal** | **303** |

Die universum vir hierdie navorsing het bestaan uit al die polisiedossiere waarin 'n misdaad teen 'n vrou aangeteken is. Met die hulp van die SAPD kon daarin geslaag word om al hierdie dossiere op te spoor. Die 303 gevalle wat die empiriese data vir hierdie navorsing behels, is dus die volle universum.

### 1.5 Hipoteses

Gebaseer op die voorafgaande (rasionaal, doel, en afbakening) is die hipoteses vir die navorsing ontwikkel. Mouton en Marais (1991:134) definieer 'n hipotese as "... 'n verklaring waarin 'n aangenome verwantskap of verskil kan voorkom tussen twee veranderlikes of fenomene." Babbie (1992:55) verduidelik dit verder soos volg: "Hypotheses are specified expectations about empirical reality, derived from propositions." Coetzee, Le Roux, Van Deventer, Van Lill en Visser (1982:4) verwys weer as volg daarna: "'n Navorsingshipotese is 'n tentatiewe stelling aangaande die aard van die verwantskappe tussen veranderlikes." Hulle sê verder: "... afhanklikes is attribute van mense of eienskappe van situasies of objekte wat van persoon tot persoon, situasie tot situasie of objek tot objek kan verskil. Menslike attribute soos massa, haarkleur, houdings ensovoorts is veranderlikes omdat hierdie attribute van persoon tot persoon kan verskil."

Inferensiële statistiek stel ons in staat om statistiek wat vir ewekansige steekproewe gebruik is, te gebruik om afleidings oor populasiewaardes te maak. Dit kan op twee verskillende maniere bewerk word, naamlik hipotesetoetsing en skatting. In die geval van hipotesetoetsing word 'n hipotese gestel oor die numeriese waarde van 'n populasiewaarde (of oor die verskil tussen die populasiewaardes van meer as een populasie), en dié hipotese word dan verwerp of behou op grond van die waarskynlikheid van die steekproefresultaat indien dié hipotese wel waar sou wees (Huysamen 1983:52). Voordat 'n navorsingshipotese deur middel van statistiese hipoteses getoets kan word, moet dit eers tot 'n statistiese hipotese omgeskakel word. So 'n statistiese hipotese bestaan uit twee onderling teenstrydige hipoteses, bekend as die nulhipotese en die alternatiewe hipotese. Die nulhipotese word aangedui as $H_0$ en die alternatiewe hipotese as $H_1$. Die nulhipotese is die een wat getoets word en die

alternatiewe hipotese is dié een wat houdbaar beskou word, indien die nulhipotese op grond van steekproefgegewens verwerp sou word (Huysamen 1983:54).

### 1.5.1 Hipotesestelling oor misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie

**Hipotese 1**

$H_0$ Daar is nie 'n verband tussen die ouderdom van die slagoffer en die huwelikstatus van die oortreder by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Daar is 'n verband tussen die ouderdom van die slagoffer en die huwelikstatus van die oortreder by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 2**

$H_0$ Die ouderdom van die slagoffer en vooraf bekendheid met die oortreder speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die ouderdom van die slagoffer en vooraf bekendheid met die oortreder speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 3**

$H_0$ Die ouderdom van die slagoffer en wie die voorval aanmeld, speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die ouderdom van die slagoffer en wie die voorval aanmeld, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 4**

$H_0$ Die ouderdom van die slagoffer en die *modus operandi* van die oortreder speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die ouderdom van die slagoffer en die *modus operandi* van die oortreder speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 5**

$H_0$ Die ras van die slagoffer en haar huwelikstatus speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die ras van die slagoffer en haar huwelikstatus speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 6**

$H_0$ Die ras van die slagoffer en die huwelikstatus van die oortreder speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die ras van die slagoffer en die huwelikstatus van die oortreder speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 7**

$H_0$ Die ras van die slagoffer en die rol wat drank speel, speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die ras van die slagoffer en die rol wat drank speel, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 8**

$H_0$ Die huwelikstatus van die slagoffer en voorafkennis van die oortreder, speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die huwelikstatus van die slagoffer en voorafkennis van die oortreder, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 9**

$H_0$ Die huwelikstatus van die slagoffer en die familieband met die oortreder, speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die huwelikstatus van die slagoffer en die familieband met die oortreder, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 10**

$H_0$ Die huwelikstatus van die slagoffer en die tipe misdaad wat gepleeg word, speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die huwelikstatus van die slagoffer en die tipe misdaad wat gepleeg word, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 11**

$H_0$ Die huwelikstatus van die slagoffer en die rol van drank, is nie 'n belangrike faktor by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die huwelikstatus van die slagoffer en die rol van drank, is 'n belangrike faktor by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 12**

$H_0$ Die huwelikstatus van die oortreder en provokasie deur die slagoffer speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Die huwelikstatus van die oortreder en provokasie deur die slagoffer speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 13**

$H_0$ Die geslag van die oortreder speel nie 'n rol by die tipe misdaad wat teen vroue in die Gauteng Provinsie gepleeg word nie.

$H_1$ Die geslag van die oortreder speel 'n rol by die tipe misdaad wat teen vroue in die Gauteng Provinsie gepleeg word.

**Hipotese 14**

$H_0$ By die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie, is daar geen verband tussen die geslag van die oortreder en die redes wat deur die slagoffer aangevoer word waarom die misdaad gepleeg is nie.

$H_1$ By die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie, is daar 'n verband tussen die geslag van die oortreder en die redes wat deur die slagoffer aangevoer word waarom die misdaad gepleeg is.

**Hipotese 15**

$H_0$ Daar is geen verband tussen die geslag van die oortreder en provokasie deur die slagoffer in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Daar is 'n verband tussen die geslag van die oortreder en provokasie deur die slagoffer in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 16**

$H_0$ Daar is nie 'n verband tussen die ras van die oortreder en die dag van die week waarop die voorval plaasgevind het, in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Daar is 'n verband tussen die ras van die oortreder en die dag van die week waarop die voorval plaasgevind het, in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 17**

$H_0$ Daar is nie 'n verband tussen die ras van die oortreder en bekendheid met die slagoffer in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Daar is 'n verband tussen die ras van die oortreder en bekendheid met die slagoffer in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 18**

$H_0$ Daar is nie 'n verband tussen die ras van die oortreder en die rol van drankgebruik by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Daar is 'n verband tussen die ras van die oortreder en die rol van drankgebruik by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 19**

$H_0$ Daar is nie 'n verband tussen die ras van die oortreder en die tipe misdaad wat gepleeg word, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Daar is 'n verband tussen die ras van die oortreder en die tipe misdaad wat gepleeg word, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 20**

$H_0$ Daar is geen verband tussen die ras van die oortreder en die familieverbintenis wat hy met die slagoffer het, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Daar is 'n verband tussen die ras van die oortreder en die familieverbintenis wat hy met die slagoffer het, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 21**

$H_0$ Daar is nie 'n verband tussen die huwelikstatus van die oortreder en bekendheid met die slagoffer by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Daar is 'n verband tussen die huwelikstatus van die oortreder en bekendheid met die slagoffer by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 22**

$H_0$ Daar is nie 'n verband tussen die huwelikstatus van die oortreder en die tydperk wat hy bekend is met die slagoffer, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

$H_1$ Daar is 'n verband tussen die huwelikstatus van die oortreder en die tydperk wat hy bekend is met die slagoffer, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 23**

$H_0$ Die huwelikstatus van die oortreder hou nie verband met die familieband tussen die slagoffer en oortreder by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

H1 Die huwelikstatus van die oortreder hou verband met die familieband tussen die slagoffer en oortreder by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 24**

H0 Die huwelikstatus van die oortreder en die plek van die voorval, hou nie met mekaar verband in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

H1 Die huwelikstatus van die oortreder en die plek van die voorval, hou met mekaar verband in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

**Hipotese 25**

H0 Die huwelikstatus van die oortreder en die tipe misdaad wat gepleeg is, hou nie verband met mekaar by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie.

H1 Die huwelikstatus van die oortreder en die tipe misdaad wat gepleeg is, hou verband met mekaar by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie.

Afgesien van hierdie hipoteses is die navorsing ook gerig deur die teoretiese uitgangspunt dat misdade teen vroue deur middel van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie wat deur Seligman ontwikkel is, verklaar kan word.

Die navorsingsproses wat gedurende hierdie navorsing gevolg is, word vervolgens kortliks belig.

## 1.6 Die navorsingsproses

Fink (1995:4) sê: "Ondersoeke word gedoen om kennis te beskryf, te vergelyk sowel as om optredes, gesindhede en houdings te voorspel." Dit is vanuit hierdie vertrekpunt dat daar in hierdie studie gefokus word op die beskrywende metode om misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie te beskryf.

Nadat die literatuurstudie voltooi is, is 'n skedule saamgestel. Sharp en Howard (1996:145) wys daarop dat vraelyste 'n algemene metode van inligtingsversameling geword het. Omdat die data van die polisiedossiere afgelees is, word deurgaans na 'n skedule verwys. Slegs geslote vrae is gebruik. Dit plaas egter 'n beperking op die hoeveelheid response wat verkry kan word. Die voordeel is dat inligting wat daardeur verkry word, in tabelformaat asook in statistiese terme weergegee kan word. Antwoorde kan vooraf geënkodeer word, wat beteken dat dit direk in die rekenaar programmeerbaar is.

Die aard van die skedule is aan bande gelê deur die aard van die data wat in die dossiere beskikaar is. Daarom is drie stelle vrae in die skedule opgeneem, naamlik vrae wat oor die slagoffer handel, vrae wat oor die oortreder handel en vrae wat oor die *modus operandi* van die oortreder handel.

Nadat die literatuurstudie voltooi is, is met die datavangs uit die dossiere begin. Nadat die datavangs voltooi en statisties gemanipuleer is met behulp van SPSS10.1, is aanvullende literatuurstudie onderneem. Hierna is die navorsingsverslag saamgestel.

Ten einde te verseker dat daar 'n sistematiese bronverwysingstegniek gehandhaaf word, is in hierdie navorsing gebruik gemaak van die verkorte Harvard-verwysingstegniek – soos deur Burger (1992) uiteengesit is.

### 1.7 Die samestelling van die skedule

Die skedule het uit altesaam 27 vrae bestaan. Sekere vrae moes inligting oor die slagoffer en ander inligting oor die oortreder uitlig, wat op spesifieke aspekte van die biografiese data betrekking het. Die vonnisagtergrond van die oortreder, die verwantskap tussen die slagoffer en die oortreder, sowel as die *modus operandi* van die oortreder, kon ook uit die dossiere bekom word.

### 1.7.1 Data-analise en interpretasie

Data-analisering moet sodanig plaasvind dat (1) die bevindinge van die navorsing maklik verstaanbaar en oortuigend voorgestel kan word, en (2) die hipotese behoorlik getoets kan word, ten einde die navorsingsvrae te beantwoord. Die doel hiervan is uiteraard om die proses van beskrywing, verklaring en voorspelling te aktiveer sodat tendense bepaal kan word aangaande misdade teen vroue in Gauteng. Daar is statistiese gegewens in hoofstuk 1, 5 en 6. Hoofstuk 6 bevat egter 'n uitgebreide bespreking oor die interpretasie van die ingesamelde data.

Smit (1985:217) wys daarop dat 'n hipotese getoets word met behulp van verklarende statistiese tegnieke. Vir die doel van hierdie navorsing is frekwensies, persentasies en Chi-kwadraattoetsing op die data toegepas.

## 1.8 Die samestelling van hierdie verslag

Die volgende werkswyse is gevolg:

**Hoofstuk 1** dien as die inleidende hoofstuk waarin die aanvanklike probleemstelling van die navorsing uiteengesit word. Die metodologiese fundering van die navorsing word ook bespreek.

**Hoofstuk 2** bespreek die aard en voorkoms van misdade teen vroue regoor die wêreld, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse, en uiteindelik die Gautengse, situasie.

**Hoofstuk 3** konsentreer op die teorie wat vir hierdie navorsing gekies is, naamlik die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie van Martin Seligman.

**Hoofstuk 4** konsentreer op regspleging en voorstelle om die voorkoms van misdade teen vroue te bekamp. Die nuutste wetgewing hieroor in die Suid-Afrikaanse konteks word bespreek.

**Hoofstuk 5** fokus op strategieë ter voorkoming van misdade teen vroue. Verskeie hulpprogramme word uitgewys en aanbevelings hieroor gemaak.

**Hoofstuk 6** bevat al die toepaslike data en opsommings oor die inligting vanuit die tabelle en kruistabelle.

**Hoofstuk 7** fokus op die samevatting, bevindinge en slotbeskouing.

## 1.9 Samevatting

In hierdie eerste hoofstuk is die rede vir die metodologiese fundering vir die navorsing gedoen deur die rasionaal van die studie uiteen te sit. Daar is ook 'n uiteensetting gegee van die navorsingsproses, die hipoteses wat die proses gerig het, is geformuleer en toepaslike begrippe is beskryf. Die tydruimtelike afbakening is verduidelik.

In **hoofstuk 2** volg 'n bespreking oor die aard en omvang van die probleem van misdade teen vroue.

# HOOFSTUK 2

# DIE AARD EN OMVANG VAN MISDADE TEEN VROUE

## 2.1 Inleiding

Die misdaadverskynsel, maar spesifiek misdade teen vroue, is so oud soos die opgetekende geskiedenis van die mensdom self. Sedert die vroegste tye was die vrou al die teiken van een of ander vorm van geweld of misdaad. Dit het sy verloop gehad deur die Bybelgeskiedenis, die Middeleeue, die Renaissance, die Franse Rewolusie en die Industriële Ontwikkeling, en is in die kontemporêre wêreld steeds 'n probleem wat geen respek toon vir geslag, ras, taal of ouderdom nie.

Griffin (in Schuler 1992:2) vestig die aandag daarop dat indringende ondersoeke ná 'n reeks ernstige verkragtingsake in Europa en Noord-Amerika, gedurende die sestiger- en sewentigerjare van die vorige eeu, die stimulus was wat aan die feminisme 'n groot hupstoot gegee het. Nie alleen verkragting nie, maar ook ander tipes misdade teen vroue het toe vir die eerste keer werklik onder die aandag van die owerhede asook die breë publiek gekom. Die destydse Verenigde Volke Organisasie (VVO) het nie op hom laat wag nie en het die tydperk tussen 1975 en 1985 verklaar as die Dekade van die Vrou. Vir die eerste keer is die rol van die vrou (en die gepaardgaande misdaad teen haar) deur die wêreld in oënskou geneem. Ook rapporteer Davies (1994:1) dat 'n Resolusie (45/114) deur die Algemene Raad van die VVO aanvaar is, wat 'n strategie bevat om op 'n wye front effektief te handel met die probleem van misdaad teen vroue. Hierdie en talle ander bewusmakingsaksies het effektief bygedra tot die totstandkoming van 'n openbare weersin teen misdaad teen vroue, en die begeerte om iets daadwerkliks daaraan te doen.

Voorbeelde van nie-regeringsorganisasies (Human Rights Watch 1995:4) om geweld en misdaad teen vroue hok te slaan, is onder andere: Advice Desk for Abused Women; Agisanang Domestic Abuse Prevention and Training (ADAPT); Black Sash; Centre for

the Study of Violence and Reconciliation; Crisis Line; End Racism and Sexism Through Education (ERASE); Lifeline; en die Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders (NIMRO).

Baserup (in Schuler 1992:2) het baanbrekerswerk gedoen deur aan te toon dat die vroue van Afrika onmisbaar is in die landbou en daarom sosio-ekonomiese status het. Ander onafhanklike studies in hierdie verband het Baserup ondersteun deur te bevestig dat vroue uitgebuit word deur die sosiale strukture ten opsigte van ras, klas en geslag. Juis daarom verdien misdaad teen vroue om soveel meer prominensie te ontvang, gesien teen die agtergrond van die geweldige wye spektrum van die negatiewe invloed daarvan. Dit raak inderdaad aan die senuwees van die hele volkshuishouding.

Studies in Atlanta (VSA) in buitestedelike sowel as voorstedelike gebiede dui daarop dat misdaad teen vroue epidemiese afmetings begin aanneem. Ook het navorsing uit Asië, Latyns-Amerika, Afrika en ander wêrelddele hierdie tendens bevestig. Selfs die Moslemgesinde lande is nie vry van misdaad teen vroue nie. Die onlangse oorlog in Afghanistan het dit algemene kennis gemaak dat vroue onder die Taliban regering van Osama Bin Laden, op die wreedste manier moes ly onder gewetenlose aanvallers wat 'n grap gemaak het van vroueregte in die naam van godsdienstigheid.

Davies (1994:2) sê: "Persistent lobbying by feminists both from North and South, has succeeded in establishing official international recognition of gender based violence as a fundamental violation of human rights. Yet throughout the world it remains a very hidden problem, the scale of which is vastly underestimated everywhere."

Volgens Schuler (1992:1) raak misdaad teen vroue al die fasette van 'n vrou se lewe, vanaf die huis, die verkeer, die supermark, die straat, tot die kerk en die kantoor. Sy is gedurig kwesbaar, want waar daar misdadigers in die omgewing is, is misdaad teen vroue 'n sorgwekkende realiteit. Vroue is juis maklike teikens omdat (soos sommige navorsers die mening toegedaan is) hulle vroue is.

Misdade teen vroue is 'n wêreldwye probleem. Moord, roof, verkragting, seksuele teistering, aanranding en ander tipes misdaad kom regoor die wêreld onder alle kulture, godsdienste, volke en nasies voor. Die 1990 IBS (International Bibliographical Survey of documentation on violence against women) het in die tagtigerjare (Schuler 1992:1) meer as 650 inskrywings wêreldwyd geïdentifiseer, waarvan 350 net vanuit Latyns-Amerika en die Karibiese eilande afkomstig was. Dit blyk egter steeds 'n diep verborge saak te wees waarvan die werklike omvang in terme van fisiese, emosionele en psigiese skade nog nie in totaliteit bereken kon word nie.

Die probleem word vererger omdat baie gemeenskappe misdaad teen vroue nog nie sien as 'n werklike probleem nie. Hulle sien dit eerder as 'n privaat- of 'n familie-aangeleentheid. Parker (Pahl 1985:97) wys daarop dat moderne Europese wette (wat ook oor die res van die Westerse kultuur versprei het), gebaseer is op die negentiende-eeuse siening dat soos hy dit stel: "... home is a private place, a haven in a heartless world, which is free from outside intervention ".

In Suid-Afrika het die African National Congress (ANC) regering wat ná 1994 tot stand gekom het, misdaad (asook diskriminasie) teen vroue 'n saak van prioriteit op die nasionale sakelys van die volkshuishouding gemaak. Om hom hierin te ondersteun, is die HOP (Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram) van stapel gestuur (Human Rights Watch 1995:3).

Makofane en Du Preez (2000: 57) wys op die volgende: "Alhoewel misdade teen vroue nie 'n nuwe verskynsel is nie, is die problematiese karakter en openbaarmaking daarvan betreklik nuut. Dit is só in die oorsese konteks, maar veral ook in Suid-Afrika."

Gray en Sathiparsad (1997:267) voel "... die Suid-Afrikaanse situasie laat veel te wense oor. Daar word bereken dat daar elke drie minute 'n verkragting in S.A. plaasvind". Suid-Afrikaanse vroue-organisasies (Human Rights Watch 1995:2) beweer dat een uit elke drie vroue verkrag word en dat een uit elke ses in gesinsgeweld betrokke is, en onderstreep die probleem verder deur te sê: "Although reliable

statistics are not readily available, both domestic violence and sexual assault are pervasive in South Africa and are directed almost exclusively against women, often in places in which they should be safe and by men they know and should be able to rely on."

Sedert die verkiesing in 1994 toe die ANC aan bewind gekom het, is daar gekonsentreerde pogings aangewend om die fokus op misdaad teen vroue te plaas.

Die voorkoms van misdaad teen vroue het die ontwerp van teorieë, strategieë en hervorming van regeringstelsels wêreldwyd noodsaaklik gemaak. Daar word beklemtoon dat 'n totaal nuwe benadering deur die samelewing hieroor nodig is. Voorstelle in die Suid-Afrikaanse konteks sluit onder andere in (Human Rights Watch 1995:6-8):

- die totstandkoming van nuwe wetgewing (soos byvoorbeeld die Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld 1993) en beter uitvoering van die wet (landdroste moet meer in besonderhede ingaan en swaarder strawwe oplê; onvoltooide sake moet nie toegelaat word om verdere ontwrigting moontlik te maak nie; groter beskerming moet aan slagoffers gebied word; beradingsfasiliteite moet verpligtend gemaak word, en so meer)
- verbeterde polisiëring (die stigting van die gemeenskapspolisieforums; spesialisering in gesinsverwante probleme; opleiding van spesiale polisiebeamptes om met verkragtingslagoffers te werk; forensiese kennis moet uitgebrei word; verbeterde onderhandelingsvaardighede, groter beskermings- en moniteringsmagte, en so meer )
- verbeterde mediese sorg vir slagoffers (meer distriksgeneeshere moet aangestel word; gestandaardiseerde prosedures; vinniger en effektiewer dienslewering, ensovoorts)
- interdepartementele skakeling tussen die dienssentra van regs-, mediese en sosiale beroepe, wat in elke provinsie en woongebied versprei is (data moet uitgeruil kan word; staatsbefondsing moet beskikbaar wees; netwerke

moet bekend wees op interdepartementele vlak; forums moet gesamentlik gestig word en vir almal beskikbaar wees, en so meer)

Vervolgens word die tipes misdade teen vroue kortliks toegelig.

## 2.2 Tipes misdade teen vroue

Volgens Crowell, en Burgess (1996:9) word die konsep 'misdaad teen vroue' gebruik om 'n wydverspreide versameling van misdaadaksies teen vroue te beskrywe. Dit sluit die volgende in:

### 2.2.1 Aanranding (gewoon)

Volgens Louw,-Van Heerden en Smith (1978:1) is gewone aanranding "... die wederregtelike, opsetlike, regstreekse of onregstreekse toevoeging van geweld aan die liggaam van 'n ander; wederregtelike opsetlike poging of bedreiging, om geweld aan 'n ander toe te voeg onder die omstandighede waar die dader oor die vermoë beskik om die dreigement uit te voer óf die bedreigde redelikerwys onder die indruk te bring dat hy wel oor die vermoë beskik".

### 2.2.2 Aanranding met die doel om ernstig te beseer

Louw *et al.* (1978:1) beskryf hierdie tipe aanranding as "... die wederregtelike, opsetlike regstreekse of onregstreekse toevoeging van geweld aan die liggaam van 'n ander met die opsetlike doel om hom/haar ernstig te beseer ".

### 2.2.3 Uitlokking met die doel om seksuele dade te pleeg

Volgens Louw *et al.* (1978:84) word hierdie tipe uitlokking juridies gesien as "... aanlokking of verleiding met onsedelike doeleindes, in 'n openbare plek - dit konstitueer 'n misdaad ingevolge Art 19(a), Wet 23, 1951".

### 2.2.4 Roof

Louw *et al.* (1978:71) sien roof as "... die wederregtelike, opsetlike, gewelddadige wegneem van 'n ander se roerende eiendom, sonder die toestemming van die reghebbende, en die toe-eiening daarvan. Die geweld kan werklik teen die persoon gepleeg word of deur 'n dreigement van geweld geskied".

### 2.2.5 Ontvoering

Volgens Louw *et al.* (1978:59) is ontvoering "... die opsetlike en wederregtelike ontneming van 'n persoon (man, vrou of kind) se bewegingsvryheid of wegneem van 'n persoon uit die beheer van sy voogde. (Die Suid-Afrikaanse praktyk kombineer menseroof en kinderdiefstal onder ontvoering)".

### 2.2.6 Moord

Louw *et al.* (1978:52) sê moord is "... sogenaamde halsmisdaad: opsetlike, wederregtelike doodmaak van die menslike wese - kriminologies kan die volgende onderskeide getref word:

- hebsugmoord (ter wille van geldelike gewin soos tydens roof, inbraak)
- konflikmoord (uit haat, naywer of wraak)
- bedekkingsmoord (om 'n moontlike getuie uit die weg te ruim)
- lusmoord (uit wellus of seksuele onbeheerstheid soos wanneer moord op verkragting volg)".

### 2.2.7 Verkragting

Louw *et al.* (1978:86) verwys hierna as "... die buite-egtelike seksuele verkeer tussen 'n man ouer as 14 jaar en 'n vrou, sonder haar toestemming. Die belangrikste verskil tussen onsedelike aanranding en verkragting is dat penetrasie by laasgenoemde plaasvind. Hierdie definisie van Louw *et al.* kan verfyn word in terme van wetgewing

wat volgens Novitz (1996: 1) sedert 1978 gewysig is (Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld, Wet 133 van 1993) om ook binne-egtelike gedwonge seks as verkragting te beskou. Daar moet verder ook gelet word op die term *vrou*. 'n Mens moet eerder *vroulike persoon* gebruik, aangesien dit nie alleenlik vroue is wat verkrag word nie, maar ook dogtertjies, en selfs babatjies.

### 2.2.8 Diefstal

Louw *et al.* (1978:15) omskryf diefstal soos volg: "... dit is die strafbare neem en wegdra van 'n ander se goed met die opset om die eienaar permanent eienaarskap daarvan te ontneem".

### 2.2.9 Viktimisasie

Terwyl die viktimologie in werklikheid niks anders is as die wetenskap wat fokus op die slagoffer nie, word daar ook onderskeid gemaak tussen viktimologie en viktimisasie. Van der Hoven (1990:140) beskryf viktimisasie as volg: "Dit is die proses waarin die slagoffer onskuldig, uit eie nalatigheid en/of opsetlikheid blootgestel word aan die misdadiger se nalatige en/of opsetlike, wederregtelike en waarneembare optrede of versuim wat deur die regsproses met straf bedreig word."

## 2.3 Verdere bespreking

In die Verenigde Volke se Verklaring van Eliminasie van Alle vorme van Geweld teen Vroue word geslagsgeweld soos volg gedefinieer: "... any act of gender based violence that results in, or is likely to result in physical, sexual or psychological harm or suffering to women, including threats of such acts, coercion or arbitrary deprivations of liberty, whether occurring in public or private life" (Bollen *et al.*1999:8).

Terwyl sommige navorsers slegs op die woord misdaad fokus, is daar ander wat 'n nadere omskrywing soek deur op die sinsnede misdade teen vroue, te konsentreer, aldus Crowell en Burgess (1996:9).

Navorsers op sowel die kriminologiese as die sosiologiese terrein verkies 'n omskrywing wat meer volledig is, aangesien dit moet lei tot operasionalisering van voorkomingstrategieë.

Derhalwe definieer Gelles en Straus (in Crowell en Burgess 1996:9) geweld as "... any act carried out with the intention of, or perceived intention of, causing physical pain or injury to another person". Dit is ook van toepassing op geweld teen vroue.

Die "National Research Council" (NRC) in die VSA definieer geweld as "... behavior by persons against persons that intentionally threatens, attempts, or actually inflicts physical harm" (Crowell & Burgess 1996:9). In die NRC se 1993-studie is daar 'n onderskeid getref tussen opsetlikheid en onopsetlikheid aan die kant van die oortreder, terwyl Gelles en Straus se definisie van geweld gedrag insluit wat onopsetlik bedoel mag wees, maar wel as opsetlik aan die kant van die slagoffer ervaar word.

Ander teoretici soos Cook en Bessant (1997:11) onderskei drie kategorieë van skade m.b.t. geweld teen vroue, naamlik:

- fisieke,
- seksuele, en
- sielkundige benadeling.

Cook en Bessant (1997:11) voer aan dat die poging om misdade teen vroue te definieer nie hier ophou nie, maar selfs dieper gaan tot by institusionele geweld, waarby die staat betrokke is. Daar word gewys op die uitwerking van die staat se houding teenoor die inboorling Aborigine kinders. Hulle voel dat daar vanaf owerheidsweë baie gediskrimineer word teen vroue en dat daar deur die samelewingsisteem in werklikheid 'n kultuur bestaan wat die voorkoms van misdaad teen vroue bevorder.

Schuler (1992:10) sluit by hierdie debat aan deur te sê : "Op sy mees basiese en sigbare vlak is geweld 'n intensie om iemand fisiese leed aan te doen. Wanneer die geslagsdimensie egter hierby gevoeg word, word die konsep versterk dat geweld teen vroue voorkom juis omdat hulle vroue is."

Vervolgens word die effekte van enige van die voorgenoemde misdade teen vroue belig. Dit word gedoen in terme van die verbale, psigiese en politiese kante van die impak.

## 2.4 Nog aspekte wat betrekking het op misdade teen vroue

Uit die aard van die bespreking is daar 'n interaksie tussen 'n wye verskeidenheid faktore wat betrekking het op misdade teen vroue. Ons gaan hier op 'n enkele paar daarvan fokus.

### 2.4.1 Verbale aspekte

Crowell en Burgess (1996:14) fokus op 'n verdere aspek van omskrywing deur te wys op fisiese sowel as verbale dreigemente. Straus (Crowell *et al.* 1996:14) het 'n kwantifiseringsinstrument ontwerp, naamlik die Konfliktaktiekskaal, wat nege vorme van gewelddadige gedrag identifiseer m.b.t. geweld teen vroue:

- iets na die slagoffer gooi
- die slagoffer stamp, gooi of verdring
- die slagoffer klap
- die slagoffer skop, byt of met die vuis slaan
- na die slagoffer slaan
- die slagoffer met iets tref of probeer tref
- die slagoffer verwurg
- die slagoffer met 'n mes of vuurwapen dreig
- 'n mes gebruik of 'n vuurwapen afvuur.

Volgens hierdie outeur ressorteer die laaste ses inskrywings in hierdie itemlys onder ernstige fisiese geweld.

Follingstad *et al.* 1990 (in Crowell *et al.* 1996:15) wys daarop dat die genoemde skaal ook konsentreer op die invloed van sielkundige en emosionele aspekte soos verbale aanvalle, beledigings, vloektaal, inperkings, isolasie, jaloesie, beskuldigings en dreigemente.

### 2.4.2 Psigologiese aspekte

Daar word ook sielkundige aspekte betrek in die poging om misdaad teen vroue te beskryf. Hierdie saak geniet egter nie dieselfde aandag in die literatuur as wat die geval is met fisiese mishandeling en misdaad nie. Hart en Brassard (in Crowell *et al.* 1996:15) wys daarop dat, om sielkundige mishandeling van fisiese misdaad te skei, is om die probleem te oorvereenvoudig en die realiteit te ontken. Hulle redeneer dat "... physically violent acts can have psychological consequences and psychological acts can have physical consequences".

Follingstad *et al.* (in Crowell *et al.* 1996:15) plaas sielkundige mishandeling van vroue in die volgende kategorieë:

- verbale aanvalle soos spotname, teistering, naamgewing, ten einde die vrou minderwaardig te laat voel en sodoende te onderwerp
- isolasie – deurdat sy afgesny word van sosiale strukture en finansies
- ekstreme jaloesie en besitlikheid
- koorsagtige beheer en kontrolering van bewegings
- herhaaldelike beskuldigings van ontrouheid
- verbale dreigemente van aanvalle en pyniging van die vrou, haar familie en kinders
- dreigemente t.o.v. beskadiging van persoonlike eiendom
- afdreiging oor verhoudings met ander

Strauss en Gelles (in Crowell *et al.* 1996:16) voeg 'n subskaal by die Konfliktaktiekskaal by, bekend as die subskaal vir verbale aggressie, wat die volgende insluit:

- belediging
- skeltaal
- vermakerigheid
- gooi, breek, slaan of skop

Walker en Brown (in Crowell *et al.* 1996:16) wys daarop dat fisiese geweld en sielkundige mishandeling met mekaar verband hou ten opsigte van die nadelige invloed wat dit op die slagoffer het. Soms verwerk 'n vrou emosionele letsels moeiliker as liggaamlikes. 'n Verdere toevoeging tot die lang lys van mishandeling teen vroue sou kon wees:

- inperking
- teistering
- bewaking
- opsluiting
- ondervraging
- onderwerping

Hanmer en Maynard (1987:5) redeneer soos volg: " ...violence should be understood as any action or structure that diminishes another human being..." en wys daarop dat "... institutions can be as violent and intimidating as individuals". Hulle onderskei vervolgens verskillende vorme van nie-fisiese geweld, naamlik "... insults, leers, sneers, jokes, patronage, bullying, vocal violence and sexual harassment, which are the common experience of working women".

### 2.4.3 Politieke aspekte

Daar is ook definisies wat politieke standpunte en houdings uitwys as die oorsprong van misdaad teen vroue in die samelewing. Die ongeërgdheid van die staat wat

meestal deur mans bestuur word en oor die wel en wee van die vrou besluit, speel 'n groot rol in die kousaliteit rondom misdaad teen vroue.

## 2.5 Die omvang van die probleem

Die omvang van die probleem is baie groot en dit het 'n uitwerking op soveel mense, regeringsisteme en selfs die ekonomie. Senator Joseph R. Biden (Harway en O'Neil 1999: 5) sê in die Amerikaanse nasie word misdaad teen vroue steeds beskou as alles behalwe misdaad - eerder as 'n gesinsprobleem, as 'n privaat aangeleentheid of selfs as seksuele wankommunikasie. Dit is deur die toedoen van Biden, dat voorkoming van misdaad teen vroue in die VSA 'n nasionale prioriteitstatus verkry het. Sosioloë kon aldaar deur wetgewing 'n groot impak maak. Al die bogenoemde feite ten spyt, is daar egter steeds in die onderbewussyn van die breë publiek geglo en heimlik gewens dat dit maar slegs 'n paar geïsoleerde gevalle was, en dat dit die uitsondering op die reël was. 'n Aantal ernstige voorvalle van geweld wat wye publisiteit en mediadekking ontvang het, het die Amerikaanse publiek egter uiteindelik daarvan oortuig dat dit 'n ernstige en komplekse maatskaplike probleem is, wat diep gewortel lê in die volkslewe en dat dit verreikende implikasies vir baie mense het.

Davies (1994:13) voer aan dat dit wil voorkom asof daar in sommige gevalle geredeneer word dat misdade teen vroue 'n normale verskynsel is, wat deel moet vorm van die normale lewe. 'n Verdere bydraende faktor wat onrusbarende implikasies kan hê, is die feit dat dit alom die norm eerder as die uitsondering geword het en dat daar gevoel word dat dit "'n privaat aangeleentheid" is waarby die staat geen betrokkenheid behoort te hê nie. Die uitwerking van misdaad teen vroue is egter baie groot vanweë die sielkundige, emosionele en maatskaplike probleme wat volg, en dit het dikwels verreikende negatiewe implikasies vir die volgende partye:

- vrou (slagoffer)
- kinders
- gesin
- gemeenskap

- ekonomie
- regstelsel
- wetstoepassers
- gevangenisowerhede

Die probleem van misdaad teen vroue hou verder ook nog verband met die weerhouding van inligting daaroor.

## 2.6 Weerhouding van misdaadinligting

Dit is 'n bekende feit dat baie voorvalle van misdaad teen vroue nooit aangemeld word nie, en dit bemoeilik juis die situasie om 'n korrekte geheelbeeld te vorm. Die mees betroubare bronne van kennisversameling is die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Sentrale Statistiekdiens, organisasies soos die Prisoniersvriend, maatskaplike dienste, kerklike welsynsorganisasies soos die Christelike Maatskaplike Raad (CMR), en in 'n mindere mate die hospitale en skole.

Hanmer en Saunders (1984:24) voer aan dat vroue om die volgende voor die hand iggende redes nie baie geneig is om inligting oor misdade aan die owerhede te rapporteer nie:

- Hulle vrees dat daar 'n herhaling sal voorkom.
- Hulle wil nie die pynlike situasie onthou nie.
- Hulle wil nie hê die storie moet versprei nie.
- Buitestaanders mag dink daar was provokasie.
- Hulle aanvaar 'n sekere mate van verantwoordelikheid vir die gebeure wanneer die oortreder 'n bekende sou wees, maar nie soseer wanneer die oortreder aan hulle onbekend is nie.
- Die nuusmedia blameer dikwels die slagoffers vir onoplettendheid en nalatigheid.
- In vele kulture is dit aanvaarbaar om vroue verantwoordelik te hou vir voorvalle van geweld teen hulle.

Bollen *et al.* (1999:3) noem ook dat, ondanks verskeie pogings om die voortbestaan van gesinsgeweld en seksuele geweld in Suid-Afrika aan te toon, bestaande statistiek steeds slegs 'n klein gedeelte van gevalle weerspieël.

Berekening van geslagsgebaseerde misdade deur staat te maak op polisie- of viktimisasieverslae, is problematies. Die SAPD reken dat slegs 1 uit 35 gevalle van verkragting uiteindelik gerapporteer word. Van die volgende redes word aangevoer (Bollen *et al.*1999:4):

- Geviktimiseerde vroue is nie altyd in die posisie om die saak in die openbaar of met vreemdelinge te bespreek nie.
- Gesinsgeweld/misdaad teen vroue word nie in die wet as 'n afsonderlike oortreding behandel nie.
- Definisies daaroor ontbreek aan 'n hele aantal dade wat deur vroue op seksuele gebied ervaar word.
- Kriminele regsdefinisies is nie altyd volledig in die beskrywing daarvan nie.

In hierdie verband is daar dus 'n verstaanbare diskrepansie tussen

- sake wat aangemeld word by die SAPD,
- data in navorsingsondersoeke, en
- die werklike aantal gevalle wat voorkom.

## 2.7 Die situasie met betrekking tot misdade teen vroue in verskeie lande

Aangesien die probleem van misdade teen vroue oor 'n wye veld voorkom, is dit altyd sinvol om 'n vergelykende studie te maak.

### 2.7.1 Die Amerikaanse situasie

Meyers (1997:5) rapporteer vanuit 'n Amerikaanse perspektief dat:

- daar jaarliks 3-4 miljoen vroue in Amerika alleen deur hul eggenote aangerand word
- empiriese voorspellings dit wil hê dat 66,6% vrouens uiteindelik deur hul mans aangerand sal word
- 5,278 vroue in die VSA vermoor is gedurende 1993
- vroue 70% uitmaak van alle slagoffers wat vermoor is deur persone wat aan hulle bekend was, of met wie hulle bevriend was
- alhoewel 104,806 verkragtings aangemeld is gedurende 1993, die oorgrote meerderheid gevalle nooit aangemeld word nie
- daar êlke minuut per ratio 1,3% vroue verkrag word
- dit vir mishandelde vroue veiliger is om in 'n geweldsverhouding betrokke te bly as om te probeer om daaruit weg te kom

Bastian (in Crowell en Burgess 1996:7) rapporteer hieroor soos volg:

- 426 uit 1000 vroue is geneig om slagoffers van geweld te word.
- Vroue word makliker deur bekendes as onbekendes aangeval.
- 75% aanvalle teen vroue in die VSA gedurende 1993 is uitgevoer deur persone wat goed aan hulle bekend was.
- Aanvalle op vroue deur bekendes is meer akuut van aard as wanneer dit aanvalle deur vreemdes sou wees (die makste hond byt die seerste).
- Ongeveer 75% oortredings teen vroue word deur die manlike geslag gepleeg.
- Vroue tussen die ouderdom van 15 en 44 is die mees kritieke groep om aangeval te word.
- 13% vroue in die VSA sal gedwonge verkragting ervaar tydens hulle leeftyd.

- Selfs konserwatiewe berekeninge dui aan dat die probleem van misdaad teen vroue 'n beduidende probleem is.

### 2.7.2 Die situasie in Brittanje

Ook in Brittanje, net soos in ander bekende lande van die Westerse beskawing, gebeur dit dat statistiek nooit die ware weergawe van die toedrag van sake gee nie. Vele gevalle word hier ook nooit aangemeld nie.

Daar is baie navorsing bekend wat in Groot Brittanje gedoen is, maar dit is veral Hanmer en Saunders wat indringend gaan kyk het na die situasie rondom die probleem van misdaad teen vroue. Hulle wou vasstel of daar sekere vaste patrone geïdentifiseer kon word wat met kousaliteit verband hou. Hulle het gehoop om deur die "gemeenskapsfokus-benadering" nuwe selfverdedigingsaksies en verbeterde sosiale dienste daar te stel, wat die opleiding van spesifieke personeel vir gespesialiseerde take sou insluit. Daar word vermoed dat die werklike omvang van die probleem veel groter kan wees as wat oorspronklik vermoed was, selfs na 'n dekade van openbare bewusmakingsveldtogte (Hanmer en Saunders 1984:13).

### 2.7.3 Die Suid-Afrikaanse situasie

Suid-Afrika staan nie losgemaak van die res van die wêreld wanneer misdaad teen vroue ter sprake is nie. Suid-Afrika het een van die hoogste voorkomste hiervan in die ganse wêreld. Daar word gesê dat daar elke drie minute 'n vrou in Suid-Afrika verkrag word. Maar dit is nie slegs verkragtingslagoffers wat die aandag van die publiek en die media op die posisie van die vrou gevestig het nie. Dit is veral die onrusbarende toename van alle misdaad teen vroue volgens die Misdaadinligting-Analisesentrum van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (MIAS van die SAPD). Volgens die MIAS is daar nie 'n misdaadkategorie waarin daar nie 'n stygende tendens was die afgelope jaar nie. Daar was 'n konstante verhoging van 1% in alle misdade wat ernstig van aard is, naamlik:

- aanranding
- seksuele teistering
- aanranding met die doel om ernstig te beseer
- diefstal
- moord
- ontvoering
- kaping

Volgens Bollen *et al.* (1999:5) het bronne wat deur die SAPD vrygestel is met betrekking tot die onrusbarende toename in verkragting (en veral die feit dat soveel minderjariges deesdae slagoffers word) in die RSA aangetoon dat:

- daar in 1998 49,289 voorvalle van verkragting aangemeld is
- dit jaärliks met 7% gestyg het vir die tydperk vanaf 1994 tot 1997
- dit met 5,5% gestyg het in 1997-1998
- Suid-Afrika die hoogste ratio verkragtings het uit 89 lande, volgens die 1996 statistiese gegewens

Amanda Botha haal Denny aan in Rapport van 21 Oktober 2001:12 wat beweer dat 30% vroue op pad na of van hulle werk verkrag word; 40% vroue deur meer as een man verkrag word; en 'n beduidende aantal vroue MIV/Vigs opdoen tydens verkragting. Botha vra tereg in die artikel of die tyd nie ryp geword het dat 'n noodtoestand hieroor in Suid-Afrika afgekondig behoort te word nie.

Gerber (2001), het in sy bestudering van die probleem van misdade teen vroue in die RSA, die volgende statistiese besonderhede verskaf oor die aantal mans wat in Suid-Afrikaanse gevangenisse aangehou word, weens misdade teen vroue en die gevolglike groot reperkussies wat dit op die land se ekonomie, die invloed daarvan op die huisgesin en die regsisteem oor die algemeen het:

**Tabel 2.7.3 Mans wat gevonnis is weens misdade teen vroue**

| Status van die misdaad | Tipe misdaad | Totaal |
|---|---|---|
| Gevonnis | Geslagsgemeenskap met 'n minderjarige | 136 |
| Gevonnis | Verkragting | 14 496 |
| Gevonnis | Poging tot verkragting | 1 632 |
| Ongevonnis | Geslagsgemeenskap met 'n minderjarige | 3 |
| Ongevonnis | Verkragting | 7 364 |
| Ongevonnis | Poging tot verkragting | 454 |
| **Totaal** | | **24 085** |

Volgens hierdie tabel was daar aan die einde van Augustus 2001 'n totaal van 24 085 mans in Suid-Afrikaanse gevangenisse wat skuldig bevind is en wat verhoorafwagtend was vir die misdade wat in die tabel genoem is.

Gray en Sathiparsad (1998:268) verwys na Vogelman wat die leemtes uitwys rondom definiëring van die begrip verkragting in Suid-Afrika. Daar word onderskeid getref tussen statutêre en geforseerde verkragting. Albei hierdie tipes verkragting is by bogenoemde tabel se data ingesluit.

Bollen *et al.* (1999:6) sê verder:

- Gesinsgeweld word as 'n normale verskynsel in Suid-Afrika beskou.
- Die terrein van misdaad teen vroue is wyd verspreid en sluit fisiese, seksuele, psigologiese en ekonomiese faktore in.
- Die meeste voorvalle word nie aan die SAPD gerapporteer nie.
- Selfs al word die skuldige gearresteer, word slegs 9% gevalle effektief vervolg.
- Die uitwerking daarvan is ernstig en het lewenslange, sielkundige, emosionele en liggaamlike newe-effekte.

Hierdie is egter net die punt van die ysberg, aangesien daar ook op vele ander terreine wandade teen vroue gepleeg word.

Suid-Afrika is 'n multi-kulturele land wat vir sy regstoepassing hoofsaaklik aangewese is op die ou Romeins-Hollandse sowel as die Engelse regstelsel. Kultureel gesproke was dit 'n man se reg om sy vrou aan te rand as sy nie na hom wou luister of samewerking wou gee nie. Die trekarbeidstelsel het baie daartoe bygedra dat Swart mans hul meerderwaardigsheidhouding ontwikkel het. Kathryn Ross verwys na 'n studie geloods deur die Universiteit van die Wes-Kaap betreffende die behuisingsituasie in hostels (Community Law Centre 1992:26), waarin aangetoon word dat mans in 'n enorme gesagsposisie geplaas word teenoor vroue omdat hulle die bed-houers in die hostels is. Hulle het dus seggenskap oor die vrou en uiteraard ook 'n meerderwaardigheidshouding, wat veroorsaak dat misdade teenoor die vroue feitlik 'n natuurlike uitvloeisel van hierdie posisie is.

Sedert die bewindsverandering in die 1994-verkiesing het die nuwe regering wat afwyk van die ou apartheidsbeleid in Suid-Afrika, hom ten doel gestel om die probleem van misdaad teen vroue effektief aan te spreek. Daarom het die Regering van die dag homself 'n doelwit gestel, naamlik om homself formeel te verbind tot geslags- en rassegelykheid. Tydens die aanloop tot die 1994-verkiesing het die ANC 'n beleidsdokument, bekend as die Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram (HOP) gepubliseer. Hierin word die fokus geplaas op die gelykheid van vroue op elke terrein van die maatskaplike sowel as openbare lewe (Human Rights Watch 1995:1).

Die HOP het tot dusver merkwaardige vordering gemaak en die volgende terreine van belang is alreeds ontgin:

- verbeterings en verandering aan bestaande wetgewing, en indiening van nuwe wetgewing wat betrekking het op misdaad teen vroue
- opleiding van professionele personeel om met vroulike slagoffers te werk
- noodlyne vir skakeling met die SAPD of opgeleide beraders
- verbeterde hofprosedures

- getuiebeskerming
- regshulp en bystand
- verbeterde gesondheidsdienste
- verbeterde polisiëring

Aangesien 'n probleem eers baie beter bestudeer en uiteindelik wetenskaplik beheer kan word as die oorsake daarvan bekend is, gaan ons nou die oorsake van naderby beskou.

## 2.8 Die oorsake en verklarings van misdade teen vroue

Harway en O'Neil (1999:13) identifiseer vier inhoudelike areas in die kousaliteit van misdade deur mans teen vroue, naamlik:

- makrososiale faktore
- biologiese faktore
- geslagsrol-sosialisering
- verhoudingsfaktore

Ondertussen het die feminisme deeglik wortel geskiet in die Derde wêreld. Dit was ook die groeibodem vir menseregte-organisasies wat oral soos paddastoele opgeskiet het in Latyns-Amerika, Asië en Afrika. Vrouebewegings in hierdie lande het hul pleidooie gebaseer op die feit dat hulle bekend was met samelewings vol geweld en dat dit dus daarom relevant was om te versoek dat die probleem van misdaad teen vroue, as prioriteit, wereldwyd aandag sou ontvang.

Ahuja (1987:166) identifiseer verskeie teorieë wat betrekking het op die kousaliteit van misdaad teen vroue, en die raakpunte strek vanaf intra-psigiese tot makro-sosiologiese teorieë. Daar is drie teoretiese analiseringsvlakke, wat vir hierdie analise ter sake is, naamlik:

### 2.8.1 Psigo-patologiese of psigiatriese analise

- Dit konsentreer op die oortreder se persoonlikheidseienskappe as die hoof determinante in kriminaliteit.
- Sielsiekheid, alkohol en verdowingsmiddels word met afwykende gedrag verbind tesame met individuele karaktereienskappe.

### 2.8.2 Sosio-psigologiese analise

Hierdie benadering fokus op die bestudering van omgewingsfaktore wat 'n invloed mag hê op die oortreder se gedrag. Gesinspatrone, interaksiepatrone en kondisioneringstyle word in ag geneem deur die volgende:

- Frustrasie-Aggressieteorie;
- Perversieteorie;
- Selfhoudingteorie;
- Motiefbydraende teorie

### 2.8.3 Sosiologiese of sosio-kulturele analise

Dit verskaf 'n makrovlak-analise van kriminele geweld (teen vroue). Dit fokus op sosiale strukture, politieke ongelykhede en sosiale en kulturele houdings en norme teenoor anti-sosiale gedrag. Bekende teorieë onder hierdie vaandel is die volgende:

- Struktureel-funksionele teorie
- Sub-kultuurteorie
- Leerteorie
- Omruilteorie
- Anomieteorie
- Bronteorie

Hierdie genoemde teorieë kan sekerlik met vrug aangewend word om sekere aspekte van misdaad teen vroue te verklaar. So kan bv. die psigopatologiese en psigiatriese teorieë die meer individueel-menslike aspekte van hierdie verskynsel verduidelik. Eweneens kan die meer sosiologiese teorieë verduidelikings gee vir die rol wat subkulture speel, die rol wat aanlering speel en die rol wat rolomruiling, en wetteloosheid speel in die verklaring van misdade teen vroue.

Beskikbare literatuur oor die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie het egter die vermoede laat posvat dat dit die beste teorie is om vir die doel van hierdie navorsing te gebruik om hierdie verskynsel te verklaar. Die teorie se uitgangspunt is in wese beklemtoning van gebrek aan (werks)verrigting/rolvertolking wat ontstaan as gevolg van kognitiewe prosesse wat gedurende die sosialisering van die vrou en die man toegepas word (Miller & Norman 1979:95). Uiteraard ressorteer die teorie van aangeleerde hulpeloosheid onder hoofde van die leerteorie.

## 2.9 Moontlike oplossings

In die VSA is daar by wyse van wetgewing in 1994 opdrag gegee aan die "National Research Council" om misdaad teen vroue te ondersoek as 'n saak van hoë prioriteit, om die voorkoms van misdaad teen vroue te bestudeer en kennis daaroor op te bou, ten einde dit uiteindelik te beheer. Hierdie kennis moet uitgebrei word na die regsveld, die mediese veld, die kriminele regspleging en oor etniese, taal-en sosiale grense heen strek (Crowell *et al.* 1996:18). Die volgende sake moet dringende aandag kry:

- bestudering van die beskikbare literatuur ten einde op hoogte te kom van die volle omvang van die probleem
- alle kennis en ondervinding moet sover moontlik gekombineer word
- verdere areas vir navorsing moet geïdentifiseer en ondersoek word
- evaluasie en implementering van voorkomende, opvoedkundige, sosiale en regsaspekte om die probleem van misdade teen vroue effektief aan te spreek

## 2.10 Samevatting

Daar is in die onderhawige hoofstuk gewys op die ernstige aard en onrusbarende toename in misdaad teen vroue, sowel wêreldwyd as nader tuis.

Strategieë en teorieë om die probleem aan te spreek is uitgewys. Belangrike gegewens is verskaf, ten einde die probleem beter te verstaan en sinvol daarmee te handel.

Daar was nog nooit 'n meer gepaste tyd as juis nou om tot aksie oor te gaan en gehoor te gee aan die noodroep uit ons samelewing nie. Die uur het aangebreek dat elke moontlikheid ondersoek moet word en alle kragte, statutêr sowel as individueel, saamgesnoer moet word om effektief met die probleem van misdaad teen vroue te handel.

In **hoofstuk 3** gaan die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie vir die verklaring van misdaad teen vroue in meer besonderhede beskryf word.

# HOOFSTUK 3

# DIE AANGELEERDE-HULPELOOSHEIDSTEORIE

## 3.1 Inleiding

Die voorkoms en realiteit van misdaad teen vroue in internasionale konteks sowel as nader tuis in die Republiek van Suid-Afrika, en meer spesifiek in die Gauteng Provinsie, wek groot kommer. Daar is baie weerlose en onskuldige slagoffers (vroue) wat in die proses nie slegs fisiese nie, maar veral ook psigiese letsels opdoen en oorhou. Hierdie situasie het daartoe aanleiding gegee dat daar 'n kritiese soeke na oplossings vir die probleem van misdaad teen vroue deur navorsers ontstaan het. Een van die pogings om antwoorde op die vele vrae oor misdaad teen vroue te bekom, was die formulering van die teorie van aangeleerde hulpeloosheid deur Seligman. Seligman het reeds in 1967 die hipotese saamgestel maar die oorspronklike weergawe daarvan amptelik in 1975 die lig laat sien. Die teorie is in 1978 deur Abramson en Teasdale geherformuleer (Peterson & Seligman 1983:103).

Aangeleerde hulpeloosheid is 'n frase wat normaalweg met vrouemishandeling binne die raamwerk van die huwelik geassosieer word (Miller 2001:1). Dit is deur Seligman ontwerp. In hierdie hoofstuk word die teorie van Seligman beskryf as die basis waarvolgens (alle) misdade - nie net vrouemishandeling nie - teen vroue (in Suid-Afrika) verklaar kan word. Die uiteensetting begin met 'n kort historiese agtergrond van die teorie waarna die kenmerke daarvan belig word.

## 3.2 Die oorsprong en ontwikkeling van die teorie

Aanvanklik is hierdie teorie in 1967 deur die navorsers Overmier en Seligman ontwerp (Cilliers 1986:16). 'n Latere modifikasie aan die teorie is aangebring deur Seligman en Maier. Hoewel die oorspronklike teorie gefokus het op die gedrag van katte en honde en selfs later ook op rotte, is dit in 1974 deur Hirato na die menslike gedragswetenskappe oorgedra.

Aanvanklik is aangeleerde hulpeloosheid sistematies beskryf deur dieregedragnavorsers wat beweer dat honde wat blootgestel word aan nie-ontwykbare elektriese skokke, binne 24 uur na die spesifieke voorvalle verskeie gedragsdefekte aangeleer het. "First, these dogs evidenced a motivational deficit, initiating few attempts to escape. Second, they showed a cognitive deficit, failing to profit from an occasionally successful response, as if they did not 'notice' that their responses indeed terminated shock. Third, these dogs had an emotional deficit, passively enduring the shock without signs of overt emotionality" (Peterson & Seligman 1983:106).

Dit is bekend dat verskillende soorte diere as navorsingsobjekte gebruik is om die voorkoms van aangeleerde hulpeloosheid te bestudeer. Overmier (1968), Seligman en Groves (1970), en Seligman, Maier en Geer (1968) beskryf situasies waar honde gebruik is. Thomas en Balter (s.j.) verwys na navorsing met katte; Padilla, Padilla, Ketterer en Giacolone (1970) na navorsing met visse, en Braud, Wepman en Russo (1969), Maier, Seligman en Soloman (1969), asook Maier en Testa (1975) na navorsing waar rotte hiervoor aangewend is (in Miller & Norman 1979:93).

Ten spyte van die aanvanklike agtergrond van studie oor dieregedrag, het die verskynsel van aangeleerde hulpeloosheid later uitgekring na 'n wye verskeidenheid verklarings vir menslike gedrag met betrekking tot psigosomatiese siektes soos maagsere, reaktiewe depressie en kinderontwikkeling (Miller & Norman 1979:93). Die konsep is ook aangewend om lig te werp op die belewenis en reaksies van die (vroulike) slagoffer, tydens misdaad teen haar.

In hierdie teorie speel slagofferskap 'n dominante rol. Peterson en Seligman, onderskeidelik van die Universiteite van Virginia en Pennsylvania in die VSA, het 'n teorie ontwerp om die hele situasie rondom slagofferskap te verklaar. Hulle sê: "...victims may learn during the victimization episode that responding is futile. This learning is represented as an expectation of future response-outcome independence (helplessness)" (Peterson & Seligman 1983:103). Hierdie teorie staan bekend as die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie. Die fokus word veral geplaas op die passiewe rol van die slagoffer tydens viktimisasie. Die kenmerke van die teorie word vervolgens ontleed.

Barber (1986:560) vat die hooffokus van die aangeleerde hulpeloosheidsteorie goed saam deur daarna te verwys as die sielkunde van die magtelose, wat insig verleen in die wêreld van die arme, verdrukte, minderbevoorregte, agtergeblewene, en die gestremde. Kortom, dit het betrekkking op almal wat op 'n gereelde basis gekonfronteer word met situasies waaroor hulle geen beheer het nie. Onder die hulpprofessies het maatskaplike werk gefokus op die ondersteuning van minderbevoorregtes, en dit wil voorkom asof die teorie in die praktyk groot waarde het met betrekking tot die versagtende effek van psigologiese nadraai van situasies (Barber 1986:561).

### 3.3 Uitgangspunt van die teorie

Die uitgangspunt van die teorie hou verband met sake soos die drie kernaspekte daarvan (kognisie, motivering en emosie), die slagoffer se onvermoë tot suksesvolle handeling wat daaruit voortvloei, persoonlike, universele en algemene magteloosheid, depressie as gevolg van al hierdie fasette en ander faktore soos stress. Dit moet duidelik gestel word dat hierdie aspekte slegs vir akademiese doeleindes onderskei word sodat die aard van die teorie duidelik beskryf kan word, want eintlik lei die drie elemente, naamlik kognisie, motivering en emosie tot die ander genoemdes.

### 3.3.1 Drie aspekte

Die teorie is op die aanname gebaseer dat daar by mense (vroue in hierdie geval), wanneer hulle met dinge wat hulle nie kan beheer nie gekonfronteer word, drie aspekte van menswees geaktiveer word. Dit sluit in 'n motiveringsaspek, 'n kognisie-en 'n emosie- aspek. Wanneer mense met onvoorsiene gebeurtenisse (dit is, gebeurtenisse wat hulle nie kan beheer nie) gekonfronteer word, leer hulle kognitief dat hulle nie iets daaraan kan doen nie, hulle pas emosioneel daarby aan en word so gedemotiveer om enige effektiewe handeling teen die onbeheerbare gebeurtenis uit te voer. Wanneer hierdie kognisies, emosies en motiverings aktief is, bestaan aangeleerde hulpeloosheid (Maier & Seligman 1976:3). Peterson, Maier en Seligman (1993:8) verduidelik hierdie kernkonsepte van die teorie soos volg: "Contingency refers to the objective relationship between the person's action and the outcomes that he then experiences. The most important contingency here is uncontrolability... Cognition refers to the way in which the person perceives, explains, and extrapolates the contingency... Behavior refers to the observable consequences of (non)contingency and the person's cognitions about it". Hulle gaan voort om te verduidelik dat in die tipiese geval van aangeleerde hulpeloosheid mense se passiwiteit in geslekteerde situasies is. In die geval van hierdie navorsing verwys passiwiteit dan na die feit dat vroue misdade teen hulle passief 'aanvaar' sonder om skynbaar (baie effektief) daarteen te reageer. Teen die agtergrond van hierdie kort omskrywing, is dit duidelik dat die konsep slagoffer 'n dominante rol speel in hierdie teorie.

### 3.3.2 Die slagoffer se onvermoë

Hierdie kenmerk hou daarmee verband dat die persoon wat hulpeloosheid aangeleer het, die onvermoë ervaar om effektief op te tree.

Miller en Norman (1979:95) wys daarop dat die literatuur wat betrekking het op die gedragsverandering wat meegebring word deur die blootstelling aan situasies wat aangeleerde hulpeloosheid of magteloosheid veroorsaak, die konseptualisering

ondersteun dat aangeleerde hulpeloosheid 'n gedragsdefek is in die konteks van probleemoplossing.

Dit kom kortliks daarop neer dat aangeleerde hulpeloosheid in werklikheid die slagoffer se onvermoë is om tot sinvolle aksie oor te gaan. Dit beteken per implikasie dat die slagoffer, wanneer 'n misdaad teen hom of haar gepleeg word, nie in staat is om die aanvaller/misdadiger teë te staan nie of om haarself te verweer nie.

Sue *et al.* (in Louw *et al.* 1989:182) sê dat die basiese aanname van die teorie daarin lê dat kognisies en gevoelens van hulpeloosheid aangeleer word: "As iemand besef dat sy response slegs 'n minimale effek op die omgewing uitoefen, ontwikkel hy 'n verwagting van hulpeloosheid. Wanneer hierdie verwagting voorkom in situasies wat nie gekontroleer kan word nie, kan passiwiteit en uiteindelik depressie, die resultaat wees".

Abramson, Seligman en Teasdale (1978:50) se praktiese uitgangspunt is dat die persoon wat magteloos staan teenoor 'n situasie, haarself sal afvra waarom dit so is. Die afleiding wat sy maak, sal dan bepaal of daar algemene of chroniese tekortkominge uitgewys word, asook die invloed op haar selfbeeld.

Gebaseer op die uitgangspunte en kort omskrywing van die teorie, sal vir die doel van die navorsing die volgende kenmerke onderskei en verder toegelig word:

- persoonlike magteloosheid
- universele magteloosheid
- algemene magteloosheid
- depressie

### 3.3.3 Persoonlike magteloosheid

Wanneer 'n persoon nie in staat was om 'n doel (soos wetsgehoorsaamheid; die uitleef van aanvaarbare norme) te bereik nie, en daar interne faktore soos onbevoegdheid voorkom, word daar gepraat van persoonlike magteloosheid. Individue wat hierdie gedrag openbaar, glo dat hulle nie hul probleme wat eintlik oplosbaar is, self uit die weg kan ruim nie (Abrahamson, Seligman & Teasdale 1978:54). Hiervan sê Cilliers (1986:16) dat die aspek van persoonlike magteloosheid ook onderskryf word met die begrip mislukking, wat op sy beurt weer die begrippe interne en eksterne magteloosheid insluit.

Misdade teen vroue kan in terme van hierdie element van aangeleerde hulpeloosheid verklaar word. Dit is immers duidelik dat vroue wat slagoffers van misdaad is, nie self die (misdaad)probleem uit die weg kan ruim nie. Dit kan in Suid-Afrika moontlik aan die patriagale gesinstelsel toegeskryf word waarin manlike dominansie in die gesin, politiek, kerk, skool en die openbare lewe in die algemeen, die norm is. Dit kan maak dat vroue aangeleer het - deur middel van sosialisering - dat hulle ook ten opsigte van misdade wat teen hulle gepleeg word, magteloos staan. Nietemin moet opgemerk word dat daar egter deesdae 'n al sterker invloed van sommige Nie-Regeringsorganisasies uitgaan om vroue te bemagtig om teen die oortreders wat hulle benadeel, op te staan.

### 3.3.4 Universele magteloosheid

In terme van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie het universele magteloosheid die volgende werking: "...wanneer 'n stresvolle situasie ontstaan, maar die individue glo dat niemand onder die bepaalde omstandighede iets aan die saak kan verander nie (universele hulpeloosheid weens eksterne gebeure), sal die persoon minder geneig wees om simptome van hulpeloosheid of depressie te ontwikkel" (Louw *et al.* 1989:183).

Persone wat van mening is dat nie hulleself of belangrike ander persone die situasie sal kan verander nie, is tipies van hierdie fenomeen. 'n Eksterne lokus van beheer is ter sprake en daar is 'n lae suksesverwagting (Abramson *et al.* 1978:54).

Hierdie kenmerk kan ook gebruik word om die misdade teen vroue te verklaar. Die feit dat meeste vroue geleer word dat hulle van mans afhanklik is, kan verklaar waarom hulle nie teen die mans optree wanneer hulle slagoffers word van mans wat misdade teen hulle pleeg nie. Dit kan ook verklaar waarom hulle - minstens tot in die onlangse verlede - geneë was daarmee om maar te swyg wanneer hulle slagoffers van misdaad was. Die kennis wat hulle tydens hulle sosialisering opgedoen het, het hulle in emosionele magteloosheid laat verval sodat hulle nie gereed kan kom om 'n ander effektiewe gedragsoort (as passiewe aanvaarding) teen die misdade te loods nie.

### 3.3.5 Algemene magteloosheid

Waar magteloosheid oor 'n wye spektrum voorkom, staan dit bekend as algemene magteloosheid. Die magtelose persoon glo "...dat hy in teenstelling met ander mense nie die probleem kan oplos nie (persoonlike hulpeloosheid weens interne faktore). Hy voel hulpeloos, sy eiewaarde sal verlaag en depressie sal ontwikkel. Die aard van die depressie sal dan ook grootliks daarvan afhang of die persoon sy toestand aan 'n globale of spesifieke oorsaak toeskryf, en of die oorsaak persoonlik of universeel is" (Louw 1989:183).

Hierdie element kan ook gebruik word om misdade teen vroue te verklaar. Dit gebeur dat vroue wat slagoffers van misdaad geword het, nie eers die moeite doen om dit aan te meld nie omdat hulle oortuig is dat daar niks van sal kan kom nie. Hulle ervaar ook dikwels dat hulle self nog verder verneder sal word wanneer hulle 'n misdaad teen hulle aanmeld.

### 3.3.6 Depressie

Navorsing insake die misdaadverklaringsmoontlikhede van die teorie van aangeleerde hulpeloosheid het ook op die effek van depressie weens aangeleerde hulpeloosheid gefokus. Depressie is 'n wye begrip wat betrekking het op wisselende gemoedstoestande en chroniese ongesteldhede. Daar kan hoofsaaklik drie tipes depressie onderskei word,

naamlik die normale, eensydige en veelsydige tipes (Peterson, Maier & Seligman 1993:182).

Peterson en Seligman (1983:107) beweer in hul navorsing oor depressie dat aangeleerde hulpeloosheid die kern vorm van reaktiewe depressie. Die oorsake, simptome asook oplossings vir aangeleerde hulpeloosheid stem verbasend ooreen met dié van depressie.

Volgens die basiese aanname van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie, word depressie saamgestel uit die volgende kernkomponente:

- motivering
- kognisie
- emosie .

Abramson, Teasdale en Seligman (1978:64) poneer dat:

- swak selfbeeld
- onbeheerbaarheid van 'n situasie en
- geloof in eie mislukkings

geen rol speel in die aktivering van die aangeleerde-hulpeloosheidsfenomeen nie. Dit beteken dus dat die genoemde faktore nie 'n beduidende rol speel t.o.v. depressie nie.

Wat wel beduidend en waar is, is dat daar bevind is dat die volgende sake wat met aangeleerde hulpeloosheid verband hou, wel 'n rol ten opsigte van depressie speel:

- Motivering, lae selfbeeld, kognitiwiteit en provokasie, beïnvloed depressie.
- 'n Depressiewe persoon se verwysingsraamwerk maak daarvoor voorsiening dat geen respons die waarskynlikheid van die situasie sal verander nie.
- Globale stabiliteits- en minderwaardigheidsfaktore bepaal die algemeenheid en chroniese karakter wat aanleiding gee tot aangeleerde hulpeloosheid.

- Die graad van depressie word bepaal deur die sterkte van die onbeheerbaarheid van die situasie.

### 3.4 Ander faktore

Maier en Watkins (1999:2) beweer dat blootstelling aan stresfaktore of -situasies direk aanleiding gee tot 'n afname in aktiwiteit en belangstelling in die sosiale omgewing. Dit bring mee dat aangeleerde hulpeloosheid verder versterk word. Dit wil egter voorkom asof daar ander situasies is wat geen effek het op persoonlike gedrag tot die effek waar dit aanleiding gee tot depressie nie. Dit blyk egter duidelik dat die intensiteit van die situasie wel 'n kousale faktor kan wees (Maier & Watkins 1999:2).

Abramson *et al.* (in Peterson & Seligman 1983:107) wys op die leemte van Seligman se bevindinge aangesien daar nie ruimte gelaat word vir grensgevalle nie. "The original theory, applied both to human helplessness in the experimental laboratory as well as to reactive depression, is inattentive to boundary conditions. Sometimes uncontrollable events in the laboratory result in pervasive deficits" (Peterson & Seligman 1983:107). Peterson en Seligman vra ook die vraag waarom 'n persoon verantwoordelikheid moet aanvaar vir situasies waaroor daar geen beheer is nie? Hulle is verder van mening dat laboratoriumondersoeke waartydens die effekte van aangeleerde hulpeloosheid bestudeer word, heelwat verskil van die realiteit van die situasies buite die laboratoria. Gevolglik het hulle die teorie hersien om voorsiening te maak vir die subjektiewe aard van elke individu se belewenis van 'n situasie. Hulle fokus in hul herformulering op veral drie perspektiewe, naamlik: interne en eksterne, stabiliserende asook spesifieke bydraende faktore.

Kelly, in aansluiting by Abramson *et al.* (Peterson & Seligman 1983:108) beweer dat mense logies optree in ooreenstemming met hul oortuiginge. Teoretici soos Layes, Nisbett en Wilson (Peterson & Seligman 1983:108) bevind dat oorsaaklikheid nie in 'n vakuum verskuil is of daarin gebeur nie. Hulle vra:

- Waarom tree verskillende mense verskillend op in dieselfde situasies?

- Waarom is sommige mense hulpeloos terwyl ander dit nie is nie?
- Waarom maak 'n sekere situasie een persoon depressief terwyl 'n ander een skaars notisie daarvan neem?

Die antwoord hierop lê volgens genoemde skrywers in die uniekheid van elke persoon se persoonlikheid en kondisioneringsgeskiedenis opgesluit - en dit het weer 'n invloed op die aanleer van hulpeloosheid.

Stanley en Maddux (1986:268) verwys na Coyne en Gotlib (1983) wat fokus op 'n kognitiewe benadering ter verklaring van die aangeleerde-hulpeloosheidsverskynsel. Hoewel verskeie pogings vanuit die psigo-analitiese, gesinsisteem-, gedragsielkundige en fisiologiese benaderings gevolg is ter verklaring van die probleem, blyk die nuutste tendens te wees om vanuit 'n kognitiewe perspektief daarna te kyk. Stanley en Maddux (1986:268) ondersteun Beck (1967, 1976) in sy bekende teorie oor kognitiewe depressie hierin.

Peterson en Seligman (in Stanley & Maddux 1986:270) wys op die bestaan van twee konsepte, naamlik kontroleerbaarheid en nie-toevalligheid, in die dinamika van depressie asook situasies wat aangeleerde hulpeloosheid tot gevolg het. Abramson *et al.* (in Stanley & Maddux 1986:270) is verder gemoeid met die kontroleerbaarheid van negatiewe resultate in 'n situasie. Die manier waarop hierdie situasie deur die betrokkene beleef en hanteer word, het baie te doen met die kognitiewe prosesse uniek aan elke persoon.

Derhalwe moet die reaksies van verskillende individue op viktimisasie van naderby bekyk word.

### 3.5 Reaksies op viktimisasie

Persone met aangeleerde hulpeloosheid reageer op 'n spesifieke wyse op viktimisasie. Wanneer 'n persoon geviktimiseer word, is die implikasies en die komplikasies daarvan verreikend. Dit blyk nie slegs fisiese (onmiddellike) verliese soos byvoorbeeld verlies aan

besittings of eiendomme te wees nie, maar spesifiek die sielkundige na-skokeffek wat prominent is. Peterson en Seligman (1983:104) sê hiervan: "Victimization involves not only immediate suffering such as loss of money in a robbery or physical injury in an assault, but also lasting effects that can be attributed to the psychological impact of the episode. Numerous such reactions have been documented. Among the most common are a set of behaviors reflecting emotional numbness and maladaptive passivity."

Verkragtingslagoffers ondervind dikwels 'n gevoel van wanaanpassing, disoriëntasie, selfmoordneigings, 'n verlies aan selfvertroue, en verontwaardiging. Die sogenaamde RTS (Rape Trauma Syndrome) word gemanifesteer. Burgess en Holmstrom (1974 - in Peterson & Seligman 1983:104) verwys hierna: "After an acute phase comprised of the immediate physical reactions of the victim and rape trauma syndrome, the victim shows a long term reaction that may involve passivity."

Slagoffers van padongelukke se familie daarenteen ervaar magteloosheid, bitterheid, haat en woede teenoor die persoon of persone wat vir hulle verlies verantwoordelik was. Slagoffers van diefstal en inbraak ervaar selfverwyt omdat hulle volgens hulleself, nie voldoende voorsorgmaatreëls getref het om die misdade waardeur hulle groot skade gely het, te voorkom nie.

Verskillende tipes slagoffers ervaar verskillende tipes reaksies op hulle situasies hoofsaaklik vanweë die subjektiwiteit van persoonlikhede.

Daar is 'n baie interessante fenomeen in die viktimologie, naamlik dat daar direkte sowel as indirekte slagoffers voorkom. Direkte slagoffers is direk betrokke by die gebeure, terwyl indirekte slagoffers indirek betrokke is deurdat hulle die gevolge moet dra van dit wat met die direkte slagoffer(s) gebeur het. Só kan kinders wie se ouers vermoor is indirekte slagoffers word van die misdaad wat teen hulle ouers gepleeg is. Hiervolgens word vroue wat verkrag is, se gesinslede die indirekte slagoffers terwyl die vroue self die direkte slagoffers is. Vroue wat beroof word, is direk in 'n situasie van geweld betrokke, terwyl die verlies aan geld haar naasbestaandes indirek kan beïnvloed.

Walker (1979:528) identifiseer die geslagsrolkultuur as bydraend tot aangeleerde hulpeloosheid by vroue, maar spesifiek by daardie vroue wat slagoffers van misdaad geword het. Radloff (1975) wys daarop dat vroue meer geneig is tot aangeleerde hulpeloosheid as mans, en Chessler (1972) voer aan dat getroude vroue en tuisteskeppers meer geneig is tot depressie as wat die geval is met ongetroude vroue en beroepsvroue (Walker 1978:529).

Teen die agtergrond van hierdie kenmerke word vervolgens kortliks ook aandag gegee aan die positiewe en negatiewe kritiek wat teen die teorie gehou word.

## 3.6 Kritiek teen die teorie

Soos wat dit die geval met enige poging is wat daarop gerig is om antwoorde te vind vir 'n probleem, is daar altyd diegene wat gereed is om kritiek te lewer. Dit is egter 'n bekende feit in die literêre wêreld, dat opbouende kritiek van groot akademiese waarde kan wees.

### 3.6.1 Negatiewe kritiek

Uit die aard van ons bestudering van hierdie teorie, is dit duidelik dat daar sekere probleme voorkom rakende die toepaslikheid daarvan. Faktore soos die volgende is ter sake volgens Peterson en Seligman (1983:110):

- Aangeleerde-hulpeloosheidspatrone volg nie noodwendig op elke situasie waarin viktimisasie voorkom nie.

- Die werklikheid van situasies in die praktyk verskil beduidend van dié in die laboratoriumsopset. Kognitiewe denke speel 'n rol tydens die werklike situasie, terwyl stereotiepe denke in die laboratoriumsopset 'n rol speel. Kognitiewe en stereotiepe denke verskil beduidend van mekaar.

- Waarde-oordele word verwaarloos ten gunste van oppervlakkige empiriese berekeninge.

- Belangrike faktore soos persoonlike opvattings, waardesisteme en toleransiedrempel word nie in berekening gebring nie.

- Beheer oor versus beheer in 'n situasie word nie bevredigend aangespreek nie. Hieroor sê Lacey (1979) in Peterson en Seligman (1983:112) "...helplessness theory and research have failed to distinguish between two important aspects of control: control of a situation versus control within a situation."

- Die teorie gaan mank aan 'n onvermoë om bevredigend aandag te gee aan grensgevalle (Barber 1986:564).

Peterson en Seligman (soos aangehaal in Cilliers 1986:20) rapporteer die volgende probleme rondom die toepasbaarheid van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie:

- Daar kan nie beheer uitgeoefen word oor die gebeurlikhede in 'n mens se gemoed tydens 'n traumatiese ervaring nie.

- Die stimulant-responsverskynsel kán voorkom as 'n situasie homself herhaaldelik sou voordoen. Die tendens is egter dat misdade slegs een keer in 'n slagoffer se lewe manifesteer. Die slagoffer kry dus nie oefening om haar reaksies in 'n situasie op te skerp nie, aangesien sy nie weet dat sy 'n slagoffer gaan wees nie.

- Kognitiewe faktore soos byvoorbeeld die individu se interpretasie van die gevolge, óf die vermoë om haar slagofferskap te kan verwerk, word nie deur die teorie aangespreek nie.

- Die feit dat provokasie 'n rol kán speel, word nie gemeld nie.

- Barber (1986:566) vat dit goed saam: "The most serious limitation is implicit in the constant qualification that learned helplessness theory does not apply to all manifestations of human depression. The expectation of uncontrollability, we are told, is a sufficient but not necessary explanation of depression."

### 3.6.2 Positiewe kritiek

Die teorie het nie staties gebly nie maar is verwerk en herskryf. Dit dra steeds in kontemporêre konteks 'n dinamiese karakter en neem 'n belangrike plek in in die diskoers rondom die viktimologie. Die herformulering van die teorie dra daartoe by dat voorspellings gemaak kan word rondom die tipe slagoffer, hul gedrag sowel as die tipe reaksies wat mag volg.

Verder is die toepassing van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie terapeuties beduidend omdat dit terapeuties-vriendelike eienskappe openbaar. Dit is moontlik omdat daar weg beweeg word vanaf die abstrakte.

### 3.7 Misdaadverklaringsmoontlikhede

Teen die agtergrond van die ontstaan en ontwikkeling van die teorie, die kenmerke daarvan en die positiewe en negatiewe kritiek daarteen, word die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan - in terme van misdade teen vroué - vervolgens beredeneer. In hierdie verband word daar eerstens by die drie komponente in die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie, naamlik

- persoonlike,
- algemene, en
- universele magteloosheid, aangesluit.

Die vraag of daar werklik sprake kan wees van enige vorm van magteloosheid tydens misdaadpleging teen vroue in die Gauteng Provinsie, is aktueel. Aspekte soos die volgende ondersteun aangeleerde hulpeloosheid by vroue wat slagoffers van misdade is:

- Vroue bied dikwels - veral in gesinsverband - nie weerstand wanneer hulle aangerand word nie. Dit kan verklaar word in terme daarvan dat hulle gesosialiseer is tot die rol van die magtelose in die huweliksituasie. In die sin van die woord 'vra hulle' om geviktimiseer te word.

- Vroue word in die samelewing gekondisioneer dat hulle (uitlokkende) kleredrag die rede is waarom hulle aangeval word - veral in die geval van verkragting. Hierdie mite laat die vroue in 'n dubbele dilemma. Aan die een kant word van hulle verwag om sogenaamd 'sexy' aan te trek, en aan die ander kant word hulle daarvan beskuldig dat dit is omdat hulle 'te sexy' aangetrek het dat hulle verkrag is. Die vroue word langs hierdie weg in 'n algemene posisie van magteloosheid gelaat.

- Juis ondergeskikte posisie waarin vroue hulleself tradisioneel ten opsigte van mans bevind, dra daartoe by dat hulle 'n onvermoë ondervind om tot daadwerklike positiewe aksie oor te gaan, wanneer hulle wel slagoffers van misdaad word. Dikwels is hulle ook nie ingelig oor hulle regte in hierdie verband nie.

- Hierby aansluitend word vroue ook geleer dat hulle die fisies swakkere geslag is en buitendien nie effektief weerstand sal kan bied wanneer hulle aangeval of verkrag word nie. Dit ondersteun die universele magteloosheid wat met aangeleerde hulpeloosheid gepaardgaan.

- Persoonlike magteloosheid is ook duidelik ter sake in misdade teen vroue. Dit word aan vroue voorgehou dat hulle die misdaadsituasie goed moet kan lees. Indien hulle dit verkeerd doen, kan hulle die oorsaak wees daarvan dat die

misdadiger meer aggressief raak. Dan sou dit die vrou 'se skuld' wees dat die oortreder meer gewelddadig opgetree het. Sulke argumente dra by tot die gevoel van persoonlike magteloosheid by vroue tydens misdaadsituasies.

Logiese beredenering bring mee dat die antwoord op meeste van hierdie vrae daarop dui dat daar elemente van magteloosheid teenwoordig is wat 'n rol kan speel by aangeleerde hulpeloosheid. Hierdie aspekte word almal ondersteun deur die kognitiewe sosialisering van beide mans en vroue. Die bekendheidsaspekte dra daartoe by dat vroue emosioneel onmagtig voel en uiteindelik nie effektief in viktimisasiesituasies optree nie.

Nietemin behoort elke saak van 'n misdaad teen 'n vrou op eie meriete behandel te word. Dus moet elemente soos onder andere:

- persoonlike opvattings
- waardesisteme
- toleransiedrempel
- provokasie

nie buite rekening gelaat word wanneer 'n misdaad teen 'n vrou in terme van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie verklarend beredeneer word nie. Genoemde faktore kan juis nog verdere redes en oorsake wees vir vroulike slagoffers se passiwiteit tydens viktimisasie.

Die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie kan dus wel sommige van die verklarende vrae oor misdade teen vroue beantwoord.

## 3.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar indringend gelet op die oorsprong, toepassing en ontwikkeling van die nou reeds bekende teorie van Seligman wat tydens die

sewentigerjare ontwikkel is. Die kernaspekte van die teorie is bespreek. Die voor- en nadele is uitgewys en die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan is beredeneer.

Dit spreek vanself dat geen teorie, hoé wetenskaplik ook al, aanspraak durf maak op foutloosheid nie en ook nie in staat is om alle aspekte van slagofferskap te kan verklaar nie. Hoewel die teorie 'n wye toepassing het, is daar ook sekere beperkinge uitgewys. Ten spyte van bepaalde beperkinge en leemtes, het hierdie teorie 'n aktuele diskussie aan die gang gesit oor die misdade teen vroue waaroor die laaste woord nog lank nie gespreek is nie, te oordeel aan die wye aandag wat dit in die literatuur verkry. Dit is noodsaaklik vir die viktimologie sowel as die breër terrein van misdaadnavorsing.

In **hoofstuk 4** kom die rol van regspleging in die bekamping van misdade teen vroue onder bespreking.

# HOOFSTUK 4

# REGSPLEGING IN DIE BEKAMPING VAN MISDAAD TEEN VROUE

## 4.1 Inleiding

Misdaad oor die algemeen moet deur 'n effektiewe polisiëring- en regstelsel bekamp word. Misdaad teen vroue is eweneens belangrik en regspleging behoort 'n prioriteit vir 'n pro-aktiewe strategie te wees. Sherman, Schmidt, en Rogan (1992:25) sê in hierdie verband dat geweld gepolisieer moet word, hetsy binnenshuis of elders.

Daar word dikwels gesê dat misdaad teen vroue (veral in gesinsopset) 'n private aangeleentheid is. Pahl (1985:97) wys daarop dat die ideologie van privaatheid 'n uitvloeisel is uit die middel- tot laat negentiende-eeuse wetgewing in Engeland en Wallis. Hiervolgens is die huis 'n private plek wat verhewe is bo inmenging van buite. Meer sinies gesproke is dit 'n plek waar die man sy patriargale magte kan beoefen sonder beperkinge van buite. Daarom het hierdie (foutiewe) argument staanplek verwerf, naamlik dat die polisie en howe dus nie behoort in te gryp nie.

Seddon (1993:9) bevestig dié wanopvatting deur te sê dat dit soms beweer word dat geweld teen vroue 'n privaat aangeleentheid is en dat dit onvanpas vir buitestaanders is om betrokke te raak. Seddon (1993:9) wys egter daarop dat daar wêreldwyd 'n groeiende belangstelling in die probleem van misdade teen vroue is deurdat regspleging hieroor meer gefokus word op:

- strenger wetgewing
- opvoedingsveldtogte
- advertensie
- skrywe van artikels
- beriggewing

- wye bewusmaking van die breër publiek deur middel van die media

In hierdie hoofstuk is die fokus op die rol wat regspleging kan speel in die bekamping van misdade teen vroue. Vir die doel van hierdie navorsing is die fokus op die situasie in Suid-Afrika. Oorsigtelike data uit die buiteland is ter sake ten einde die aard van die beregting van misdade teen vroue in perspektief te stel. Die klem is op polisiering en daar word ook na die hofproses asook straf en rehabilitasie verwys.

## 4.2 Agtergrond

Dat misdaad teen vroue 'n ernstige samelewingsprobleem is wat om regspleging roep, word duidelik weerspieël deur die volgende feite:

- In Australië word 30% van alle polisiewerk direk gekoppel aan gesinsgeweld.
- In 42,5% van die gevalle waar manslag voorgekom het aldaar, het dit voorgekom tussen bekendes in 'n liefdesverhouding.
- 55% van alle moorde in Australië het plaasgevind tussen huweliksmaats; van die slagoffers was 26,7% mans en 73,3% vroue (Seddon 1993:4-5).

In hierdie verband kan die volgende feite oor 'n paar ander lande ook genoem word:

- In Denemarke word 25% van egskeidings direk aan gesinsgeweld toegeskryf.
- In Kanada is daar met 'n studie van viktimisasie in 'n opname in 7 groot stede in 1984 gevind dat 90% van alle slagoffers in alle misdade vroue was.
- In Dublin (Ierland) was daar in 4 maande 1,568 oproepe om hulp in gevalle van gesinsgeweld, en was 55 vroue haweloos in 3 weke as gevolg van gesinsgeweld (Bunch & Carrillo 1992:4-15).
- In die VSA kry die polisie jaarliks 8 miljoen oproepe wat betrekking het op gesinsgeweld.

Waar misdaad teen vroue egter in die verlede deur die gemeenskap se houding as 't ware gedegradeer was tot 'n welsynsaangeleentheid, het daar in die huidige konteks 'n klemverskuiwing plaasgevind. Die klem val deesdae op die feit dat misdaad teen vroue niks anders is nie as 'n skending van menseregte. Hierdie klemverskuiwing bring mee dat wetgewing, polisiëring, opvoeding en ander noodsaaklike dienste nodig sal wees om in die behoeftes van die vroulike slagoffer te voorsien, nou ook die verantwoordelikheid van die Staat sal wees (O' Connor in Bunch & Carillo 1992:3). Daar is 'n duidelike verskuiwing weg van die tradisionele sienswyse hieroor, na 'n debat wat toenemend op menseregte gerig is.

Garbarino en Eckenrode (1997:196) vra die baie interessante vraag: "Wie is betrokke by regspleging?" Moet daar nie veel eerder gevra word "Wie moet betrokke wees by regspleging nie?" Dit kan persone soos die volgende insluit:

- die vriend
- die buurman
- die familielid
- die predikant
- die skoolhoof
- die huisarts
- die polisieman
- die prokureur

Dit kom daarop neer dat die hele gemeenskap daarby betrek moet word. Die probleem van die toegang tot die gesin in nood bly egter problematies omdat daar norme is wat formele polisiëringstoegang afkeur (Garbarino *et al.* 1997:196.)

Die antwoord blyk daarin te lê dat daar 'n algehele integrasie van mikro- sowel as makrosisteme in regsplegende voorkoming moet wees. Dit is egter veel makliker gesê as gedaan, aangesien die praktyk en die teorie ligjare van mekaar verwyder is. Die bekende gesegde van Dearborn ( in Garbarino *et al.* 1997:197) is hier van toepassing, naamlik: as jy

iets beter wil verstaan, probeer om dit te verander. Kortom, daar blyk nie kitsoplossings beskikbaar te wees vir die probleem nie. Daar moet 'n agenda vir sosiale hervorming wat sal reg laat geskied aan getuienis, morele beginsels, en gesinne in nood.

Hierdie kombinasie lei dan uiteindelik tot die vorming van 'n sosiale gewete, wat die gemeenskap noop om beter oplossings vir die regsplegingsproblematiek te soek.

Wanneer regspleging ter sprake kom, voel Novitz (1996:13) dus, tereg dat daar fundamentele veranderinge oor die hele spektrum van die gemeenskap noodsaaklik is, ten einde die probleem effektief aan te spreek. Sy sê dat gesinsgeweld 'n sosiale en sielkundige probleem is wat slegs effektief aangespreek sal kan word wanneer die gemeenskap 'n fundamentele houdingsverandering teenoor vroue oor die algemeen ondergaan. Pahl (1985:98) sluit hierby aan en wys daarop dat daar 'n groot gaping is tussen die geskrewe wet enersyds en die toegepaste wet andersyds. Hy verwys verder na die kompleksiteit en onvermoë om wetlike oplossings toe te pas.

Regspleging behoort volgens Novitz (1996:13) te fokus op:

- verpligte berading aan die oortreder, sowel as gesamentlike gesinsberading
- verpligte arres
- kriminele vervolging
- siviele aksies
- interdikte

Teen hierdie agtergrond word vervolgens gekonsentreer op die wyse waarop misdaad teen vroue gepolisieer word deur te let op

- die polisiëring daarvan,
- die hofverskynings en tipe strawwe wat ter sprake is; en
- rehabilitasieprogramme wat beskikbaar is.

## 4.3 Polisiëring

Dit is voor die hand liggend dat misdade gepolisieer moet word. Misdade teen vroue moet egter nie slegs gepolisieer word in die algemene sin van die woord nie, maar daar behoort dringende aandag gegee te word aan professionele wyses waarop dit kan geskied. Die professionalisme is nodig aangesien dit 'n ernstige, gekompliseerde en duur samelewingsprobleem geword het.

### 4.3.1 Agtergrond van die situasie

Die polisiëring van misdade teen vroue sluit in die ondersoek van die misdaad, die arrestasie van die vermeende oortreder en die voorbereiding van die saak vir die hof.

Onaangemelde misdaad teen vroue word dikwels beskrywe as die donker syfer (Hanmer & Saunders 1984:13). Seddon, wat skrywe vanuit 'n Australiaanse perspektief, sê dat dit internasionaal as 'n ernstige probleem beskou word. Ter bevestiging wys hy op die feit dat gesinsgeweld die belangrikste deel vorm van polisiewerk, en beraam hy dat ongeveer 30% van die polisie se dagtaak daaraan gewy word (Seddon 1993:4).

Sedert 1998 het daar egter by die polisie sowel as die regslui in 22 state van Amerika 'n beduidende benaderingsverandering ten opsigte van misdaad teen vroue ingetree.

Schuler (1992:2) wys daarop dat die VVO 1975-1985 verklaar het tot die Dekade van die Vrou en in drie wêreldstede konferensies gehou het, met die oog op die soeke na 'n oplossing van die probleem, naamlik in:

- Mexiko Stad (1975)
- Kopenhagen (1980)
- Nairobi (1985).

Wanneer polisiëring ter sprake kom is veral aspekte soos die volgende ter sake:

- die effektiwiteit van die polisieoptrede wanneer vroulike slagoffers kom kla
- die vermoë van die polisie om werklik iets aan die saak te doen
- hoe die polisie hulle rol teenoor teenoor vroueslagoffers sien

Die polisie is maar slegs een skakel in die hele regsproses. Afbrekende kritiek teen die polisie dra daartoe by dat voorkoming van toekomstige geweld gedegradeer word tot relatiewe onbelangrikheid. Pahl (1985:111) verwys hierna en sê: "...the police are undoubtedly the most visible and accountable part of the legal system, but to focus criticism narrowly and exclusively on them is to run the risk highlighted by Gouldner, of scapegoating the 'bureaucratic caretakers' while at the same time obscuring and neglecting critical analysis of the master [sic] institutions ... The police, and in turn the rest of the legal system itself, operate so as to leave essentially untouched the power relationships within the family. In short, the dominance of men over women is enhanced by legal non-intervention, as is the legitimacy of male violence." Novitz (1996:4) voer aan dat die term "oorlewende" i.p.v. "slagoffer" gebruik moet word wanneer dit oor 'n misdaad teen 'n vrou handel. Die woord "slagoffer", lê wat haar aanbetref, te veel klem op magteloosheid.

### 4.3.2 Arrestasie

Een van die basiese pligte van enige polisiemag is om oortreders van die wet te arresteer en voor die hof te bring. Uit die aard van die saak is dit dan ook die polisie se plig om geweldenaars te arresteer wat hulle woede-uitbarstings op vroue uithaal. Dit is egter baie moeiliker as wat die gewone mens op straat sou dink en besef. Dit is nie slegs 'n komplekse probleem nie, maar ook 'n sensitiewe een. Daar is dikwels kinders betrokke wat die ingrypende gevolge van onstabiele gesinsituasies emosioneel en skolasties moet verwerk. Daar is verder ook finansiële implikasies vir die hele gesin. Voeg hierby ook beroepskomplikasies asook vele ander faktore. Die feit is egter dat misdaad niks anders as misdaad is nie, en dit roep hardop om vergelding veral waar onskuldige en weerlose vroue in die gedrang kom. Dit roep nie slegs die polisie, die vrouebewegings, die politici

en die regslui op om tot aksie oor te gaan nie, maar ook elke lid van die gemeenskap. Dit het uit 'n opname wat in Australië gedoen is deur Seddon (1993: 4) aan die lig gekom dat:

- dit nie slegs persone in lae-inkomstegroepe is wat geweldsmisdade beleef nie
- misdaad teen vroue nie slegs etnies van aard is nie
- misdaad teen vroue voorkom onder alle persone ongeag hulle skolastiese opleiding en sosiale status
- suksesvolle mense en gesinne nie immuun is teen gesinsgeweld nie

Daarom is die arrestasie van vermeende oortreders 'n komplekser probleem as wat dit die geval is by ander misdade.

Dit is een van die redes waarom daar sedert 1998 'n drastiese wending gekom het in die VSA rakende die optrede teen gesinsgeweldsmisdadigers. Die klem het verskuif sodat sodanige geweld nou beskou word as 'n misdaad teen die Staat. Dit word dus nie langer gesien as slegs 'n private dispuut nie. Polisie-agentskappe in 22 State van Amerika het dit in 'n baie ernstiger lig beskou wanneer daar misdaad teen vroue gepleeg is, en die regs- en politieke lui het wetgewing ooreenkomstig aangepas (Sherman *et al.* 1992:2). Selfs geringe liggaamlike beserings soos knyp, byt, hare trek, krap, het anders as in die verlede, onmiddellike arrestasie tot gevolg gehad en het dikwels gelei tot tronkstraf by skuldigbevinding, al was dit die eerste oortreding. Arrestasies het daarom toegeneem met 70% vanaf 1984 tot 1989 (Sherman *et al.* 1992:3).

Nader tuis in Suid-Afrika is die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld, Wet 133 van 1993, in die onlangse verlede goedgekeur. Dit het 'n era ingelei waar interdikte deur die landdroshowe uitgereik kon word. Hierdie drastiese stappe was nodig om (Novitz 1996: 3).

- te fokus op die fenomeen van geweldsmisdaad met spesifieke verwysing na die gesin
- maniere te oorweeg waarop die probleem effektief aangespreek kan word

- wetlike maniere en 'n regstegniese kleur te gee aan stappe wat gedoen word om geweld teen vroue aan te spreek
- die voorgestelde Wet te evalueer in die lig van verdere debatte
- probleme te bespreek wat ondervind word met prosedures wat die implementering van die Wet verhinder
- aanbevelings te maak insake die effektiewe dinamika van die interdikstelsel en om ontwikkeling in die regstelsel teweeg te bring

Die misdaadondersoek en/of arrestasies in hierdie gevalle lei dikwels tot nog arrestasies omdat daar dikwels nog misdade betrokke is. Voris (1991 - in Novitz 1996:4) wys daarop dat misdaad teen vroue gewoonlik baie verder uitkring as wat aanvanklik geredeneer word. Navorsing bevestig dat geweld wat deur ouers op mekaar toegepas word, in hulle kinders die effek het dat hulle dit ook eendag as 'n metode sal sien om hulle probleme op te los:

- Kinders leer dat geweld 'n aanvaarbare metode is om probleme op te los.
- Vroulike "oorlewendes" neig om hul moeders se voorbeeld na te volg, naamlik om 'n verdraagsaamheid teenoor hulle aanvallers te openbaar.
- Blootstelling aan geweld word verbind aan
    - jeugmisdaad
    - geweldsmisdaad
    - selfmoord
    - dwelm- en alkoholmisbruik

## 4.4 Polisiëring van misdade teen vroue in Suid-Afrika

Misdade teen vroue soos alreeds voorheen gesê, is 'n probleem wat wêreldwyd groot ontwrigting meebring, as gevolg van die wye omvang van die probleem. Een van die grootste faktore is juis die polisiëringsaspek. As dit in oorsese lande groot kommer wek, kan Suid-Afrika en dus ook die Gauteng Provinsie nie daarby uitgesluit word nie.

### 4.4.1 Agtergrond

Die polisiëring in Suid-Afrika word onder andere geraak deur en verder gekompliseer deur die feit dat een uit elke ses vroue in Suid-Afrika in 'n gewelddadige verhouding vasgevang is en dat 43% van die vroue van Suid-Afrika huweliksverkragting ervaar. Baie van hierdie sake word in elk geval nooit aangemeld nie uit vrees vir weerwraak. Verder vind hierdie tipe geweld onder alle rasse- en inkomstegroepe plaas. Novitz (1996:6) wys ook daarop dat sogenaamde kultuurlose relativisme 'n rol speel in die voorkoming van hierdie tipe geweldsmisdade. Dit is dus onaanvaarbaar, veral in 'n veelvolkige samestelling soos in Suid-Afrika, om sommige mense en rassegroepe uit te sonder as meer gewelddadig dan ander. In hierdie verband is daar - weens die sensitiwiteit vir ras wat in Suid-Afrika bestaan - ook 'n verdere kompliserende faktor wat polisiëring van misdade teen vroue betref.

### 4.4.2 Die polisiëringsplan

Ons het reeds gesien dat misdaad hanteer moet word, maak nie saak waar dit voorkom nie. In die oorweging van 'n polisiëringsplan om geweld teen vroue te bekamp, behoort die volgende aspekte in ag geneem te word (Novitz 1996:8):

- Die gesin moet beskerm word.
- Privaatheid moet gerespekteer word.
- Die "oorlewende" moet beskerm en versorg word.

Hiermee saam, moet die persepsie dat 'n man baas in sy eie huis is en dat niemand (selfs nie eens die polisie nie), die reg het om in te meng as 'n man sy vrou wil "regsien" nie, indringend onder die loep geneem word. So iets is tot onlangs toe nog algemeen beskou as 'n privaat aangeleentheid en nie as misdaad nie.

### 4.4.3 Beskerming van die gesin

Polisiëring moet ten doel hê om alles moontlik te doen, ten einde die geweldenaar se gesin weer te herenig. Dit is dan ook 'n baie duidelike doelwit van die SAPD.

Die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld is opgestel om 'n meer effektiewe sisteem te ontwerp wat geweld buite die howe kan aanspreek en gesinseenheid kan bewerkstellig en bevorder. So 'n eenheid moet egter nooit ten koste van die oorlewende slagoffer of haar kinders (wat dikwels baie duur vir die eenheid moet betaal), geskied nie.

Die VVO se Europese Raad vind hierby aansluiting deur te sê dat beskerming van die gesin die beskerming van al die lede van die gesin insluit, teen enige vorm van geweld wat alte dikwels tussen hulle voorkom. Gesinne waar die oortreder die enigste broodwinner is, word die swaarste deur die omstandighede getref.

### 4.4.4 Privaatheid van die gesin

Oor privaatheid sê Zimring (1987 - in Novitz 1996:9): "Die huis as private plek, behoort nie deur die Staat betree te word nie. As privaatheid enige plek in die samelewing het, dan is dit in die huis, beter bekend as 'n veilige hawe in 'n hartelose wêreld. As privaatheid enige sosiale fokus het, is dit in die gesin wat genoegsaam beskerm behoort te word teen openbare inmenging. Die Suid-Afrikaanse Grondwet beskerm die reg van mense tot privaatheid (Wet 200 van 1993)." Dit was veral 'n vurige debatspunt onder die ou apartheidsbeleid, waar dit maklik kon gebeur dat die polisie persele tydig en ontydig betree.

### 4.4.5 Beskerming van die oorlewende of slagoffer

Wanneer geweld sou voorkom, het die oorlewende of slagoffer slegs een van twee keuses, naamlik om óf te vlug óf te bly. As sy sou weggaan, het dit implikasies vir die polisie, want hulle word deur die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld verplig om die slagoffer met verkryging van nuwe behuising by te staan.

Daar word in die huidige opset van die Suid-Afrikaanse samelewing nie voorsiening gemaak vir een van die behoeftes wat hierbo genoem is nie. Daar is wel uitreikaksies van instansies soos die Heilsleër, wat in Kaapstad 'n tehuis ingerig het vir mishandelde vroue. Daar is egter beperkte ruimte aangesien slegs 17 kamers beskikbaar is; die waglys is lank en die hulpverleningstydperk is slegs 3 maande. Dit laat ook nie die gevaar afneem van die moontlikheid dat die hele proses hom kan herhaal indien sy sou terugkeer nie.

### 4.5 Regsoorwegings en oplossings

Daar moet altyd onthou word dat alle optredes deur die polisie en die regstelsel, net tydelik van aard is. Dit moet aangevul word. Sekere aspekte in hierdie verband word vervolgens kortliks toegelig.

#### 4.5.1 Verpligte berading

Organisasies soos NIMRO ('n organisasie vir oud-misdadigers en hulle gesinne) is baie ten gunste van verpligte berading. Novitz (1996:14) stem saam: "Behalwe die opsie van 'Korrektiewe toesig' kan daar in die geval van vonnisoplegging gekyk word na 'verpligte berading'". Oortreders word dan per hofbevel of uitspraak aangesê om beradingsessies by te woon. Dit is egter soms problematies, aangesien:

- berading nie altyd so effektief is soos wat dit voorgee om te wees nie
- daar nie 'n absolute waarborg is dat so 'n aanval nooit weer sal gebeur nie

Meningsvormers in die VSA is skepties oor die sukses van berading. Professor Scott-Macnab voel egter dat berading wel 'n plek verdien in die ekonomie van voorkoming, en sê daaroor: "...mediation with its propensity for dissipating conflict and exposing underlying problems which may be the root cause of the violence in the first place has a role to play in such cases" (in Novitz 1996:14). Hy gee egter toe dat daar nie veel sukses te wagte kan wees in gevalle waar:

- dit by herhaling aanhou gebeur nie
- daar nie berou getoon word nie
- die oortreder onveilig voel nie

Dit is 'n ope vraag of dit enigsins moontlik is vir 'n berader om enige voorval van geweldsmisdaad te verhoed. Berading kan óf in groepsverband óf individueel geskied.

Dit wil voorkom asof berading een van die onderafdelings kan wees, wanneer 'n strategie vir behandeling of voorkoming van die probleem van geweld teen vroue saamgestel word. Dit kan in kombinasie met ander regsoorwegings gebruik word.

### 4.5.2 Verpligte arrestasie

'n Beleid van summiere arrestasie (soos aanbeveel word deur die bekende Minneapolis Eksperiment in die VSA) is 'n ander manier om die probleem te hanteer. Novitz (1996:15) sê: "...getuienis bevestig dat die onmiddellike arrestasie die aantal aanrandings en moord substantief laat afneem".

Ten spyte van kritiek op die Minneapolis Eksperiment wat die klem laat val op die grootte van die steekproef en die omvang van die opvolgperiode van die deelnemers daaraan, is die positiewe en heilsame uitwerking wat arrestasie op oortreders gehad het, beklemtoon.

Sherman *et al.* (1992:19) wys egter op 'n paar dilemmas wanneer summiere arrestasie ter sprake kom, naamlik:

- Arrestasie kan in die een stad geweld laat afneem, maar kan in ander stede die oorsaak wees dat dit toeneem.

- Arrestasie verminder klaarblyklik geweld onder werkendes, maar vermeerder dit onder werkloses.

- Arrestasie verminder die geweldsoptrede in die kort termyn, maar verhoog dit in die lang termyn. Daar was byvoorbeeld 'n vermindering van 7% tot slegs 2% in Milwaukee in 'n vergelykende studie binne drie maande, maar 'n toename van 50% oor die verloop van 'n jaar (Sherman *et al.* 1992:19).

Daar word egter kritiek gelewer in dié opsig dat daar gevoel word dat verpligte arrestasie beter kan werk waar dit 'n gekoördineerde respons in die gemeenskap kon ontlok, wat behuising, finansies en regshulp insluit.

Verpligte arrestasie is baie beter as opsionele arrestasie en wel om die volgende redes:

- Die rol van die polisie is baie duidelik.
- Polisie word gedwing om hulle traak-my-nie-agtige houding te laat staan.
- Hulle kan hulle eie diskresie gebruik op die toneel.
- Die oorlewende is nie die enigste verantwoordelike nie, m.a.w. die klag kan ook deur familie, vriende, buurmense of ander belanghebbendes teen die oortreder gelê word.

- Die manier waarop die arrestasie plaasvind is belangrik, veral in die lig van die feit dat dit 'n duidelike polisiëringsdoelwit is om uiteindelik gesinshereniging te bewerkstellig.

- Daar is tans 'n interessante debat in die Kriminologiese wetenskap aan die gang oor die vraag of gesinsgeweld oor dieselfde kam geskeer moet word as kriminele geweld. Novitz (196:17) sê hieroor: "The criminal law probably remains one of the most effective ways of addressing cases of family violence. A criminal charge has certain advantages such as:

- ❖ few financial costs for the complainant;
- ❖ the deterrant effect of a criminal conviction; and
- ❖ the fact that sentences can be precisely tailored to the particular case."

Die probleem is egter dat talle sake teruggetrek word as gevolg van finansiële en emosionele oorwegings en dat die skuldige nooit met sy skuld gekonfronteer word nie.

### 4.6 Die howe en straf

Hierteenoor voel Middelton (1991:3 - in Novitz 1996:17) dat kriminele howe nie altyd opgewasse is vir die sensitiewe aard van die verhoor van gesinsgeweld nie. Die Handves van Menseregte stipuleer egter dat daar nie sommer weggedoen behoort te word met die verhoor daarvan in kriminele howe nie. Daar word voorgestel dat daar eerder gesoek behoort te word na 'n balans.

Die algemene gevoel is dat dit retrospektief moet werk na die polisie wat hulle plig versuim, asook na die oortreder self.

Wanneer arrestasie deur 'n hofsaak (siviel of krimineel) gevolg word, is daar egter heelwat nadele ook aan verbonde, soos:

- Hofgedinge is dikwels lank en uitgerek.
- Die slagoffer se eie finansiële bronne raak ook uitgeput.
- 'n Interdik en skuldigbevinding sal onproduktief wees, aangesien onderhoudstoelae en ander reëlings dikwels op 'n laat stadium toegestaan word en die oorlewende byna nie meer finansieel kan oorleef nie.

Siviele eise teen die oortreder kan wel, saam met ander regstellende stappe wat gedoen word, 'n oplossing bied, mits kriminele vervolging ook 'n alternatief bly.

Interdikte staan ook dikwels bekend as "nie-molesteringsopdragte" of "siviele beskermingsopdragte", en die oortreding of verontagsaming van die voorskrifte wat daarmee saamgaan, kan lei tot onmiddellike arrestasie, swaar boetes of gevangenisstraf, afhangende van die tipe misdaad en die graad van oortreding.

Daar blyk verskeie voordele verbonde te wees aan die verkryging van interdikte, soos die volgende:

- Die veiligheid van die oorlewende word gewaarborg.
- Die oortreder se probleme kan betyds geïdentifiseer word en hy kan berading of ander psigologiese hulp ontvang alvorens hy meer ernstige oortredings begaan.
- Die polisie word verplig om dringende stappe te doen.

Hierbenewens moet die volgende nadele van interdikte egter ook in gedagte gehou word:

- Dit is nie so in die praktyk dat 'n oorlewende of haar kinders, besittings ensovoorts se veiligheid ten volle gewaarborg kan word nie. Ten spyte van interdikte, vind daar steeds talle tragedies plaas. Bart en Morani (1993:173 – in Novitz 1996:19) sê sy mag selfs aangerand word omdat sy 'n interdik aangevra het.

- Dikwels verhinder interdikte polisie om arrestasies op die toneel te doen.

- Sommige oorlewendes woon afgeleë en kan nie onmiddellik met die polisie of hulpdienste in verbinding tree wanneer die oortreder die reëls van die interdik sou oortree nie. Wanneer hulp dan opdaag, is dit heel dikwels reeds te laat en die skade reeds gedoen.

- Die geweldsiklus in 'n oortreder se lewe word nie outomaties verbreek nie, veral nie wanneer daar reeds 'n lang geskiedenis van misdadigheid by hom gevestig is nie.

- Dikwels het oortreders goeie kontak met vriende in die polisie ten einde te verseker dat hulle nie gearresteer word indien hulle oortree nie.

Daar is egter teenstrydige navorsing in die VSA wat enersyds toon dat daar 'n afname van soveel as 80% in geweldsmisdade sou wees in die geval waar interdikte toegepas word. Ander navorsing wil dit weer hê dat daar eerder 'n toename as 'n afname verwag kan word, wanneer interdikte uitgereik word.

Sekere aanpassings kan egter die interdikstelsel beter laat werk. Dit sluit die volgende in:

- Geweldsmisdadigers moet swaarder strawwe ontvang wat as effektiewe afskrikmiddel kan dien.
- Optredes moet gereeld gemonitor word.
- Groter bemagtiging moet aan die polisie en howe gegee word om oortreders behoorlik vas te vat.

### 4.7 Die breër spektrum van die regsplegingsituasie

Dit blyk dat daar geen eenvoudige oplossings vir die probleem van misdaad teen vroue is nie, selfs al sou die regstelsel en die polisie betrek word (Novitz 1996:20).

Die ideaal sou wees om al die tradisionele regsmeganismes wat beskikbaar is, te koördineer en toeganklik te maak vir die oorlewendes. Die logiese gevolg hiervan is dat 'n realistiese regsbenadering die oorlewende se verskillende behoeftes in ag sal neem, en selfs daardie behoeftes wat uitgesluit word deur die interdikstelsel in ag sal neem. Hier word gedink aan stappe soos die volgende:

- wysiging van hofprosedures
- opleiding van die gemeenskap
- toegang tot plekke van veiligheid

- hospitale
- regsondersteuning
- relevante ondersteuningstelsels
- onderhoudskostes

In Suid-Afrika is die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet 133 van 1993) in Desember 1993 goedgekeur as 'n uitvloeisel van die debat oor onderwerpe soos:

- kriminele aanspreeklikheid
- siviele aanspreeklikheid
- egskeidings- en onderhoudskoste
- interdikprosedure

Die Wet het egter ook verskeie beperkinge bevat ten opsigte van die uitsluiting van sommige persone, soos mense wat nie getroud is en blootweg saamwoon. Ook ontbreek die definisie van geweld. Verder is:

- die gronde waarop 'n interdik toegestaan kan word, uitgesluit
- klousule 2(1) van die Wet té omvattend; dit bring talle vrae en onsekerheid mee
- appèlvoorwaardes vaag
- arrestasie nie verpligtend nie, volgens klousule 3(1), maar suiwer aan die diskresie van die polisiebeampte oorgelaat

Daar word beweer dat die volgende hindernisse om die wet toe te pas, nie aangespreek word nie:

- 'n Volledige opleidingsprogram om aan die breë publiek inligting deur te gee oor die hulp wat beskikbaar is, is nodig maar nog nie beskikbaar nie.
- Finansies blyk 'n ernstige probleem te wees wanneer veral regskostes ter sprake kom.

- Die dringendheid van sake word nie altyd regtig besef nie, of so blyk dit te wees.
- Die gebrek aan genoegsame getuienis maak dit soms ook moeilik om met vervolging voort te gaan.

### 4.8 Strawwe wat deur die hof opgelê kan word

Daar is verskeie toepassings van die Wet in omloop. Daar is selfs sprake van 'n "afkoeltydperk". Volgens klousule 6 van die Wet is die oortreding van interdikregulasies strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van tot 12 maande. Die landdros kan sy eie diskresie gebruik. Die groot probleem is egter juis geleë in die wyse waarop hierdie diskresie gebruik behoort te word. Strawwe soos die volgende word voorgestel:

- geldboetes
- gevangenisstraf

Novitz (1996: 34) identifiseer drie kategorieë oortreders, naamlik tipes A, B en C:

- Tipe A is oortreders wat nog nooit in die gevangenis was nie en wat dit ten alle koste wil vermy.
- Tipe B is oortreders wat al botsings met die gereg gehad het en onvoorspelbaar is.
- Tipe C is oortreders wat geen vrees vir die owerhede het en glad nie gestuit kan word nie.

Daar is egter verskillende alternatiewe wanneer oortreders gestraf moet word:

Tydens die oorweging van gepaste straftoemeting, kan die betrokke howe vonnisse soos die volgende oorweeg

- waarskuwings

- boetes
- gevangenisstraf
- gemeenskapsdiens
- naweekgevangenissetting
- opgeskorte vonnisse
- 'n kombinasie van verskillende strawwe.

Daar is ook die ander alternatief van verpligte berading en rehabilitasie soos verwysing na sentrums waar daar gespesialiseer word in:

- humeur-bestuur
- gesinsberading
- selfinsig

## 4.9 Voorstelle om die wet meer effektief toe te pas

Voorts word daar nou 'n paar voorstelle ondersoek, ten einde die wet meer effektief te kan toepas.

### 4.9.1 Gereelde monitering

Daar behoort op 'n gereelde basis omgesien te word na die werking en praktiese toepassing van hierdie wet. Daar is slegs gefokus op enkele fasette van die problematiek, maar empiriese navorsing moet oral aangemoedig word en die staat behoort befondsing beskikbaar te stel, waar en wanneer nodig.

### 4.9.2 Amendemente

Daar behoort op 'n veel wyer vlak na oplossings gesoek te word vir probleemaspekte soos die volgende:

- voorwaardes waarop interdikte toegestaan moet word
- duideliker definiëring van geweld
- toegang tot kinders wat geraak word
- volledige inligting oor befondsing wat beskikbaar is
- groter bemagtiging aan die polisie om summier te kan arresteer indien dit nodig blyk te wees
- verduideliking van die reg tot appèl
- 'n sperdatum vir die oorhandiging van interdikte sodat die nakoming daarvan gemonitor kan word.

### 4.9.3 Die totstandkoming van 'n gesinshof

Daar word gevoel dat die samevoeging van:

- egskeiding
- onderhoud
- toegang
- siviele en kriminele sake
- aansoeke om interdikte

sinvol gedoen kan word onder die sambreel van een hof, wat bekend sal staan as die gesinshof. 'n Goeie voorbeeld hiervan word gesien in die gesinshof van Nieu-Seeland (Novitz 1996:37).

Hierdie stap sal die probleem oorbrug van howe wat teenstrydige uitsprake of verskillende standpunte huldig oor die aangeleentheid. In die gesinshof praat al die landdroste en betrokkenes uiteindelik uit een mond omdat hulle almal spesialiseer op die terrein van geweld teen vroue.

### 4.9.4 Vergemaklik die toepassing van wette

Die volgende is inisiatiewe wat deur voorsittende beamptes van howe geneem kan word ten einde die toepassing van die wette te vergemaklik:

- voorsiening van riglyne aan klaagsters oor die gronde van verkryging van interdikte
- aanmoediging om kriminele klagtes te lê waar nodig
- gemeenskapsprojekte om meer inligting te versprei
- afdwinging van boetes t.o.v. die verbreking van die reëls van interdikte
- reaksie op dringende aansoeke om interdikte
- toestemming om interdikte te verleng
- die aanhoor van mondelingse getuienis ten einde interdikte te bekragtig

Vervolgens word enkele aspekte rondom rehabilitasie van die slagoffers en oortreders belig.

## 4.10 Rehabilitasie

Daar is heelwat programme wat in omloop is om sowel oortreders as slagoffers te help. Vroulike slagoffers kan gehelp word met:

- selfbeeldverryking
- selfverdediging
- kommunikasievaardighede
- beroepsgerigte opleiding
- inligtingsprogramme oor hulp wat beskikbaar is

Manlike oortreders kan gehelp word met:

- sielkundige behandeling

- groepswerk
- selfrapporte
- rapporte deur die slagoffer oor die gedrag van die oortreder
- sosialiseringsprogramme

In Colorado (VSA) is daar Gemeenskapsbetrokkenheids-Projekte (GBP). Daar is meer as 20 van hulle aan die gang in Minnesota. Hierdie projekte word deur vrywillige regsgeleerdes aangebied, is nie-winsgewend en funksioneer onafhanklik. Slagoffers wat by hulle kom aanklop om hulp, word beraad en begelei deur al die wetlike aspekte rakende hulle huidige krisis. Dit is bekend dat hierdie projekte 'n groot bydrae lewer in die afname van geweld teen vroue.

### 4.11 Samevatting

Dit is duidelik dat daar geen maklike oplossings is vir die probleem van geweld teen vroue nie. Die soeke na oplossings durf egter nooit in isolasie geskied nie. Dit moet bespreek word binne die raamwerk van gedokumenteerde kritiek in die politieke, kulturele en sosio-ekonomiese posisie van vroue in die samelewing (Bunch & Carrillo 1992:4). In hierdie proses is regspleging van rigtinggewende belang. Dit is egter nie net wette wat gemaak en toegepas behoort te word nie. Dit is ook van groot belang dat persepsies en houdings verander sal word, aangesien vroue deur samelewingstrukture beheer word. Misdaad teen vroue is aangeleerde gedrag wat ook weer afgeleer kan word (Bunch & Carrilo 1992:17).

In **hoofstuk 5** gaan die baie belangrike aspek van voorkoming van misdade teen vroue aan die hand die Suid-Afrikaanse situasie aandag geniet.

# HOOFSTUK 5

## VOORKOMING VAN MISDADE TEEN VROUE

### 5.1 Inleiding

Die geskiedenis toon dat daar oor die verloop van baie eeue heen, wreedaardig opgetree is teen vroue. Paleontoloë van die Universiteit van Virginia, rapporteer Stammers (1996:2), het gevind dat meer vroulike mummies as manlike mummies wat tussen 2000-3000 jaar oud is skedelfrakture gehad het. Vroulike mummies het 30 tot 40% skedelfrakture getoon, terwyl manlikes slegs 9 tot 20% verteenwoordig het in vredestydsomstandighede. Dit is verder bekend dat keiser Nero van Rome sy tweede (swanger) vrou Poppae, doodgeskop het bloot omdat sy ontevrede was oor sy laat tuiskoms.

Misdade teen vroue was egter tot in die onlangse verlede 'n verskynsel wat nie werklik die aandag van die breë publiek getrek het nie. Behalwe vir 'n paar spesifieke gevalle wat die mensdom met misnoeë vervul het, was hierdie tipe misdaad in sekere kulture nie slegs aanvaarbaar nie, maar is dit selfs aangemoedig. Ou Engelse wetgewing (wat ook oorgespoel het na Amerika), het aan mans toestemming gegee om hul vroue te slaan ten einde gedragsverandering te bewerkstellig. Een van hierdie wette het tot digby die aanbreek van die 19e eeu aan mans die reg gegee om hul vroue met 'n stok te slaan solank die stok nie dikker as hulle duim was nie. Vandaar dan ook die bekende uitdrukking: "...om iemand onder die duim te hou".

Daar het egter 'n noemenswaardige klemverskuiwing plaasgevind oor die laaste drie dekades ten opsigte van die algemene benadering tot misdaad wat veral teen vroue gepleeg word. Dit blyk dat, namate groter bewuswording van die probleem danksy die feminisme gegroei het, die groter bewusmaking daarvan ook in verhouding gegroei het.

Hanmer en Maynard (1987) verwys na Anne Edwards, wat die veranderinge en klemverskuiwinge beskryf waardeur die feministe wêreldwyd gegaan het wat betref hul politieke en sosiale benaderinge ten opsigte van misdade teen vroue. Volgens Edwards is daar in die verlede gefokus op spesifieke gevalle van verkragting, aanranding, bloedskande en so meer, maar deesdae word daar 'n baie meer universele benadering gevolg (Hanmer & Maynard 1987:2).

Alhoewel die fokus op die slagoffer val, is dit van kardinale belang om nie die oortreder uit die prentjie te laat wanneer voorkomende oplossings vir die probleem ter sprake sou kom nie. Decker (1999:3) sê hieromtrent dat baie manlike oortreders diepliggende geestesongesteldhede het wat 'n integrale deel vorm van wie hulle is en hoe hulle funksioneer oor die verloop van 'n lang periode. Decker verwys na navorsing deur Strauss (1980) en Hotaling en Sugarman (1986) wat duidelik daarop dui dat "...many batterers were also observers or targets of abuse in their own families of origin. They, too, have been left with emotional scars from long ago". Hierdie en ander realiteite maak dat daar met nuwe insig gekyk word na die huweliksbelofte: "...tot die dood ons skei".

Baie vroue word nie slegs liggaamlik aangerand nie, maar word ook verbaal afgekraak, verneder, geterroriseer, emosioneel gekaap en fisiek afgeknou (knyp, byt, hare trek, ensovoorts).

Wanneer 'n gemeenskap se mans hul krag en geweld misbruik teen vroue, is dit 'n ernstige siekte wat gespesialiseerde aandag verdien. Dit spreek dus duidelik dat wanneer daar oor voorkoming gepraat word, daar ook gekyk moet word na behandelingstrategieë vir die misdadiger self. Dit is nie genoegsaam om slegs die gevolge te behandel nie; daar moet indringend gekyk word na die oorsake of die veroorsaker per implikasie. Voorkoming is altyd beter as genesing, daarom is dit nodig om 'n pro-aktiewe benadering tot die soeke na antwoorde vir die probleem te volg.

## 5.2 Die soektog na oplossings

Verskeie navorsers het in hul soeke na 'n oplossing vir hierdie probleem van misdaad teen vroue, wat hardop na 'n antwoord roep, tot die slotsom gekom dat die antwoord heel waarskynlik sou kon lê by opvoeding. Maar dan nie net opvoeding vir die oortreder nie: ook opvoeding vir die slagoffer, die samelewing sowel as die owerhede. Decker (1999:191) sê dat opleiding 'n belangrike deel van die veranderingsproses uitmaak, en dat gewelddadige mans bereid moet wees om nuwe gesindhede en vaardighede aan te leer ten einde die geweld teen hulle gesinslede te beëindig. Opleiding verskaf die materiaal wat hulle in staat sal stel om met ander oë na die wêreld en hulleself te kyk.

### 5.2.1 Lektuur

Lektuur is 'n magtige medium in die bestryding, voorkoming en in die terapeutiese konteks van misdaad. Decker (1999:91) sê deur gebruik te maak van lektuur kan dinge soos die volgende effektief aangespreek word:

- geweld en die gevolge daarvan
- stres en stresbeheer
- woede
- selfkommunikasie
- skuldgevoelens en bemagtiging
- oorsprong van die probleem
- die selfgeldingsdrang
- konflikhantering

### 5.2.2 Die ontwikkeling van 'n nuwe samelewingsfilosofie

Navorsers soos Stammers (1996:2) lê klem daarop dat daar 'n nuwe filosofie ontwikkel moet word wat vir die totale samelewing sal geld. Hierdie filosofie moet in berekening bring dat:

- geweld 'n onaanvaarbare manier van konflikhantering en probleemoplossing is ten opsigte van menseverhoudinge in die samelewing

- een geweldsdaad gewoonlik die katalisator kan word vir 'n hele reeks ander dade van geweld, aangesien dit oor die potensiaal beskik om in verskeie ander vorme te manifesteer

Iemand wat geweld gebruik, het 'n keuse gemaak om op 'n spesifieke tyd, volgens 'n spesifieke manier toe te slaan, en hy mag selfs onbewus wees van die feit dat hy heimlik só 'n keuse gemaak het. Hierdie gewelddadige optrede is uiteraard daarop gemik om sy huweliksmaat, vriendin, familielid of situasie te beheer, of om wraak te neem, spanning te verlig, intimiteit te vermy, skuldgevoelens te verberg, of om te kompenseer vir 'n swak selfbeeld en kragteloosheid.

Ganley (1981) word deur Decker (1999:4) aangehaal in hierdie verband: "Most batterers are not mentally ill, nor do they suffer from a generalized lack of impulse control. This is pointedly demonstrated by their ability to control their violent outbursts in other situations outside the family when they are angry."

### 5.2.3 'n Kultuur van selfbeheersing

Elke man is verantwoordelik (en moet verantwoordelik gehou word) vir die geweld wat hy aanstig. Die primêre taak van die opvoeder of terapeut sal wees om die oortreder te leer (Decker 1999:5):

- om selfbeheersing toe te pas
- om te erken dat hy 'n probleem het en om te begin werk aan die oplossing(s)
- om stresbestuurstegnieke aan te leer ten einde stres effektief te kan hanteer
- om deur middel van oop gesprekke met sy eggenote sy emosies te identifiseer en op respekvolle wyse daarvan ontslae te raak
- om te begin om te verstaan dat sy probleem 'n geskiedenis het wat moontlik sy huidige optrede beïnvloed

- om te erken dat sy gevoelens van magteloosheid direk gekoppel kan word aan sy geweldsoptrede
- data hy moet werk aan sy selfbeeld sowel as aan sy deernis met lede van sy gesin en ander mense

Stammers (1996:84) sê ook dat die verwagting dat 'n geweldenaar in 'n kits 'n verandering sal ondergaan, nie realisties is nie, maar geleidelike verandering oor die verloop van tyd is wel.

## 5.3 Kategorieë van voorkoming

Wanneer voorkoming ter sprake is word daar op 'n wye front na metodes en sisteme gesoek om 'n bevredigende antwoord te kry op die probleem. Dit moet wetenskaplik benader word ten einde te help dat die data uiteindelik verantwoordbaar is vir die empiriese sowel as literêre navorsingsvelde.

Stammers (1996:77) wys drie teoretiese kategorië van voorkoming uit, naamlik:

- primêre
- sekondêre
- tersiêre

voorkomingstrategieë, wat nou elkeen vervolgens kortliks toegelig word.

### 5.3.1 Primêre voorkoming

Dit is om planne en strategieë in plek te stel ten einde te verseker dat daar nooit 'n misdaad plaasvind nie. Voorkoming is beter as genesing. Om in hierdie doelwit te kan slaag is dit noodsaaklik om die hele samelewing goed in te lig rondom die probleme wat ondervind word waarom vrouens uiteindelik die slagoffers van misdaad word. 'n Duidelik pro-aktiewe benadering is dus nodig, wat dinge sou kon insluit soos:

- groter polisiëringspogings en sigbaarheid
- inligtingspraatjies by skole, kantore en openbare plekke
- verspreiding van lektuur
- video, radio en televisie
- swaarder strawwe wat as afskrikmiddel kan dien

### 5.3.2 Sekondêre voorkoming

Dit fokus op die vroeë identifisering van 'n reeds bestaande probleem. Daar is reeds 'n probleem, maar deur voorkomingstrategieë sinvol aan te wend, word daar verhoed dat dit 'n groter en ernstiger karakter ontwikkel. Dit sou aspekte kon insluit soos:

- groepsterapie
- individuele onderhoude
- berading
- verspreiding van lektuur
- praatjies deur kenners
- verspreiding van videomateriaal

### 5.3.3 Tersiêre voorkoming

Stammers (1996:78) wys op die menslike geneigdheid om eers hulp te soek wanneer die probleem reeds kritieke afmetings begin aanneem. Tersiêre voorkoming staan hoofsaaklik op drie bene, naamlik:

- skuilings en plekke van veilige bewaring
- polisie-ingrype en strenger wette
- sielkundige berading vir die oortreder sowel as die slagoffer

## 5.4 Skuilings en plekke van veilige bewaring

Die voordele verbonde aan sodanige skuilings is legio vir die vrou, naamlik:

- Daar is wel reëls maar dit is minimaal en nie rigied nie.
- Die voorkoms van so 'n plek word nie afgeskeep nie.
- Ondersteuningsprogramme is beskikbaar.
- Skoolkinders kan ook gehuisves word en skoolgaan.
- Mediese sorg is beskikbaar.
- Die tydsduur van inwoning is onbeperk.
- Weeklikse betaling geskied volgens die persoon se eie finansiële vermoë.

Aangesien die vrou die een is wat dikwels geviktimiseer word, voel Stammers dat sy ook vir behandeling moet gaan. Sy moet kennis neem van die volgende belangrike sake:

- Dit is slegs 'n mite om te glo dat geweld 'n normale deel van intieme verhoudings is.
- Daar is baie aanmoediging beskikbaar want sy is nie alleen op die wêreld nie.
- Doelwitstelling op 'n korttermyn- en langtermyngrondslag is nodig.
- Daar moet 'n werkbare plan in plek wees om die doelwitte wat gestel is, te kan bereik.
- Daar is ondersteuning beskikbaar.
- Daar moet op 'n deurlopende wyse terapeutiese kontak gemaak word.

## 5.5 Sielkundige berading vir slagoffers sowel as oortreders

In oorsese konteks is daar verskeie organisasies (Stammers 1996:98-99) wat in belang van vroue optree wat geviktimiseer is, soos die "Chiswick Family Rescue" (Londen), die "Chinese Women Refuge Group" (Londen), die "London Rape Crisis" en die "National Aid Federation" (Noord-Ierland).

Organisasies wat optree vir mans is die "CHANGE Project" (Universiteit van Stirling), die "Domestic Violence Intervention Project" (Londen), "Everyman" (Londen) en Merton Male (Sutton).

Organisasies in Suid-Afrika is onder andere die Heilsleër, die Prisoniersvriend en kerklike organisasies soos die Christelike Maatskaplike Raad (CMR), asook die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme (SANRA).

### 5.6 Veilige plekke

Vroue wat om een of ander rede nie meer tuis kan aanbly nie uit vrees vir verdere aanrandings en geweld, kan gebruik maak van die strukture soos huise van veilige bewaring wat deur weldoeners vanuit die samelewing sowel as die owerhede vir hulle (en hul kinders) beskikbaar gestel word. Die kriteria vir sulke behuising volgens Barnett en La Violette (1993:15) sluit in:

- Die behuising moet skaflik en netjies (dus nie agterlik nie) daar uitsien.
- Daar moet reëls wees, maar geen diskriminasie nie.
- Ondersteuningsprogramme moet beskikbaar wees.
- Kinders moet kan skoolgaan.
- Mediese sorg moet beskikbaar wees.
- Tydsduur van inwoning moet onbeperk wees.
- Betaling moet weekliks geskied volgens elkeen se vermoë.

### 5.7 Sielkundige hulp aan oortreders

Sodanige hulp kan op individuele basis of in groepsverband plaasvind. Die basiese reëls wat geld by groepsterapie is universeel en sluit dinge in soos die volgende: daar moet wedersydse respek wees tussen groepslede, aktiewe deelname en betrokkenheid is noodsaaklik, gereelde bywoning is van uiterste belang, eerlikheid met homself, geen drank 24 uur voor die byeenkoms nie, geen dreigemente mag gemaak word nie en vertroulikheid moet gewaarborg kan word.

Een van hierdie programme wat deur Decker (1999:5) beskryf word, behels die volgende aspekte van hulpverlening:

- Deelnemers onderneem dat basiese reëls nagekom sal word.
- Skorsing sal plaasvind indien die reëls nie nagekom word nie.
- Deelnemers moet selfvertroue aanleer, en hulle moet bewus gemaak word van die kousale faktore wat aanleiding gee tot uitbarstings van geweld. Die enigste effektiewe manier waarop die probleem in die lang termyn aangespreek kan word, is om die oortreder op die pad van selfinsig te lei.

Die behandelingsprogram sluit in 'n geweldskontrolelys ("check list"), 'n inventaris van die gebeure wat die insident voorafgegaan het, die snellerfaktore (soos geld, skoonouers, kinders, jaloesie, en stres), liggaamstaal, verbaliserings, afkoeltyd ("time-out") en kognitiewe herstrukturering.

### 5.8 Die Suid-Afrikaanse situasie

Daar word veral na die 1994 verkiesing in Suid-Afrika groot erns gemaak van die voorkomingsaspek van misdade teen vroue. Die regering van die dag het dit 'n prioriteit gemaak om deur middel van opheffingsprogramme soos byvoorbeeld die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) aandag te skenk aan die verontregting van vroue. Vroue is ná 1994 in 'n sterk bemagtigingsposisie in Suid-Afrika.

#### 5.8.1 Voorkoming deur die owerhede

Vroue wat aan navorsing in Suid-Afrika deelgeneem het, voel dat oneffektiwiteit van polisie en gebreke in die kriminele regspleging beide probleemareas is wat dringend aandag behoort te kry in pogings om 'n voorkomingstrategie daar te stel (Bollen *et al.* 1999:80). In 'n vraelys wat gehandel het oor wat hulle dink die Regering behoort te doen om die lewe vir vroue geweldsvry te maak, het hulle as volg gereageer:


- 50% voel dat verbeterde polisiëring nodig is.
- 20% voel dat strenger wetgewing nodig is.
- 5% voel dat die kriminele regspleging aangepas moet word.

- 74% vroue voel dat die antwoord geleë is in beter wetstoepassing en dat kriminele regspleging die belangrikste area is wat aandag verdien.

Voorstelle wat ter tafel gelê is tydens hierdie ondersoek was die volgende (Bollen *et al.* 1999:82):

- Verbeterde opleiding en groter sigbaarheid van polisiebeamptes.
- Vinnige reaksie deur polisie tydens aanmelding.
- Gesindheid van die polisie moet verander.
- Meer polisiemanne moet ontplooi word in probleemgebiede.
- Bendevorming moet in die kiem gesmoor word.
- Oortreders moet gearresteer word.
- Alle vuurwapens moet gekonfiskeer word.
- Oortreders moet gekastreer of alternatiewelik lewenslange vonnisse opgelê word.
- Wette wat oor die algemeen verband hou met misdade teen vroue moet strenger gemaak en toegepas word.

**Grafiek 5.8.1 Hoe die regering kan bydra tot die voorkoming van misdade teen vroue**




Die inligting vir bostaande grafiek is bekom uit persoonlike onderhoude met 269 vroue wat verteenwoordigend was vanuit al die verskillende rassegroepe in die metropolitaanse gebiede van Durban, Kaapstad en Johannesburg (Bollen *et al.* 1999:10). Volgens die inligting in grafiek 5.8.1, is die volgende voorstelle gemaak om maniere te vind waarop die regering kan help om misdade teen vroue te verminder (Bollen *et al.* 1999:82).. Die vroue het as volg gereageer deur te sê:

- 1,7% Voorsien beter polisiesekuriteit
- 2,1% Beperk alkohol en sjebeens
- 3,8% Verbeter die infrastruktuur
- 4,2% Skep meer werksgeleenthede
- 4,6% Verbeter kriminele regspleging
- 5,9% Algemene veranderinge is nodig
- 8% Opleidingsprogramme moet aan die publiek verskaf word
- 19,7% Swaarder vonnisse is van kritiese belang in voorkoming
- 50,0% Verbeterde polisiëring moet aandag geniet

### 5.8.2 Voorkoming deur die gemeenskap

In Bollen *et al.* (1999:82) se vraelys is vrae soos die volgende aan vroue gevra oor wat op gemeenskapsvlak gedoen kan word om vroue se veiligheid te verbeter:

- Wat kan op gemeenskapsvlak gedoen word om misdade teen vroue te voorkom?

- As u/jy die leier is van 'n vrouebeweging of 'n buurtwag, watter voorstelle sou jy oorweeg om:

  - Misdade teen vroue te verminder?
  - Slagoffers te ondersteun?

- As u/jy die leier is van 'n vrouebeweging of 'n buurtwag, watter nuwe organisasies sal jy in die lewe roep om:


  - Misdade teen vroue te voorkom?
  - Vroue wat slagoffers is te behandel?

Aanbevelings wat hieruit voortgevloei het, is die volgende:

- Opleiding en bewusmakingsveldtogte om die breër publiek bewus te maak van die probleem
- Voorsiening van beter fasiliteite aan slagoffers met betrekking tot beradingsbehoeftes en plekke van veiligheid
- Groter bemagtiging aan vroue
- Beter wetstoepassing
- Verbeterde regspleging sodat die skuldige skuldig verklaar en gestraf kan word

- 45% vroue het tydens hierdie studie gevoel dat opleiding 'n noodsaaklike hersosialiseringsinstrument behoort te word, wat lede van die gemeenskap moet lei tot nie-gewelddadige gedrag; deur opleiding word 'n groter bewustheid van die problematiek gevestig en ook van kinders se reg om in 'n nie-gewelddadige milieu opgevoed te word.

**Grafiek 5.8.2 Die gemeenskap se bydrae tot voorkoming**




Dieselfde steekproef waarna in grafiek 5.8.1 verwys is, is gebruik om die inligting vir grafiek 5.8.2 hierbo te bekom en die respondente het as volg gereageer met betrekking tot die bydrae wat deur die gemeenskap gelewer kan word om misdade teen vroue te voorkom (Bollen *et al.* 1999:10):

- 1,2% Gemeenskapsregspleging moet aandag geniet
- 2,9% Ondersteunings-en beradingsdienste moet verbeter
- 3,3% Verbeterde polisiëring moet verkry word
- 3,3% Gemeenskapsmisdaadvoorkoming moet aangemoedig word
- 6,2% Vroulike aksies moet in die lewe geroep word
- 8,3% Strenger wetgewing is nodig

- 11,6% Bewusmaking van beskikbare fasilliteite is nodig
- 17,6 Ondersteuningsgroepe om vroue te help moet gestig word
- 45,2% Opleiding aan die publiek sowel as berading aan slagoffers en oortreders moet verskaf word

### 5.8.3 Beter fasiliteite vir slagoffers

Daar is 'n groot behoefte geïdentifiseer vir beter fasiliteite, maar ook plekke van veilige bewaring waar noodsaaklike ondersteuningsdienste beskikbaar sal wees om die vrou in krisis daardeur te help. Voorstelle soos die volgende is gemaak:

- die beskikbaarstelling van plekke van veiligheid
- spesiale polisie-eenhede wat spesialiseer in geweldsmisdaad
- verhoogde fondse aan die plaaslike polisie om vroue te ondersteun
- welsynsdienste en krisissentra
- beskikbaarstelling aan vroue oor watter tipe dienste op die huidige stadium in die gemeenskap vir haar beskikbaar is
- meer en verbeterde beradingsdienste
- langer werksure vir krisispersoneel
- meer ondersteuningsgroepe
- die totstandkoming van groepe deur vroue wat geviktimiseer was, sodat hulle mekaar vanuit hulle ondervinding kan raad gee
- oprigting van sentra waar kundigheid en inligting beskikbaar is om die probleem effektief die hoof te bied.

### 5.8.4 Veiligheidsplekke

Die algemene konsensus is dat die huidige beskikbare plekke van veiligheid in Suid-Afrika geherevalueer moet word ten einde hulle effektiwiteit al dan nie, te bepaal. Plekke waar kinders tydelik geplaas kan word in noodsituasies moet ook vroegtydig geïdentifiseer word.

### 5.8.5 Verbetering van beradingsdienste

Beradingsdienste laat veel te wense oor (Bollen *et al.* 1999:87) en daarom moet daar gekyk word na dinge soos verskuiwing van beradingsfasiliteite na sentrale sentra waar dit vir almal makliker bereikbaar sal wees. Spesiale traumasentra moet ingerig word om krisisse die hoof te bied. Daar moet ook hulpdienste aan oortreders beskikbaar wees, en vrouepersoneel moet hierdie sentra beman omdat hulle 'n beter aanvoeling met die getraumatiseerdes het. Komitees moet gevorm word deur slagoffers sodat hulle kennis en vaardighede kan uitruil met betrekking tot hulle gemeenskaplike probleme; probleme moet kan aangemeld word by alternatiewe plekke en nie slegs by polisiestasies nie; verder moet regshulp wat uitsluitlik op slagoffers gerig is, onmiddellik beskikbaar wees.

### 5.8.6 Opleiding aan die gemeenskap

Die Regering moet fondse beskikbaar stel vir akkommodasie en die oprigting van veilige plekke; daar moet klasse aangebied word in selfverdediging; kerke moet ook betrokke gemaak word by hierdie noodkreet, sodat hulle die slagoffers sowel as die oortreders kan bystaan; daar moet meer werksgeleenthede geskep word vir vroue wat getraumatiseer is en daar moet klem gelê word op opleiding vir sulke vroue met die oog op toetrede tot die beroepswêreld.


### 5.8.7 Verbeterde wetstoepassing en regspleging

Dit is uit die aard van voorkoming logies dat daar ook roepstemme sal opgaan vir verbeterde strategieë met betrekking tot wetstoepassing en regspleging. Dinge soos die volgende is voorgestel:

- strenger wette wat as afskrikmiddel kan dien
- arrestasie en skuldigbevinding, al is dit 'n eerste oortreding
- radikale ingrype soos kastrering en steniging

- sommige het gevra dat die publiek self die verhoor moet waarneem in die openbaar

**Grafiek 5.8.3 Bemagtiging van die vrou**




Grafiek 5.8.3 hierbo verwys na dieselfde steekproef (Bollen *et al.* 1999:10)waarna in grafiek 5.8.1 verwys is. Die respondente het as volg gerageer met betrekking tot die bydrae wat deur die totstandkoming van vroueaksies gelewer kan word om misdade teen vroue te voorkom:

- 1,3% Navorsing moet gedoen word vir verdere ondersoeke
- 1.3% Gemeenskaps-en gesinshulpprogramme is nodig
- 1,3% Oortreders moet ook berading ontvang
- 1,8% Ander moontlikhede moet ondersoek word
- 4,8% Vroue se praktiese selfverdedigings vaardighede moet aand kry
- 7,4% Verbeterde polisiëring moet aandag kry
- 7,9% Vroue moet meer bemagtig word

- 22,8% Veilige plekke van bewaring en hulpdienste aan vroue moet aandag geniet
- 51,3% Bewusmaking van en opleiding oor die probleem is noodsaaklik

### 5.8.8 Wat vroue in die gemeenskap self kan vermag

Nadat al die ander rolspelers uitgewys en hulle take geïdentifiseer is, behoort die vroue in die gemeenskap ook hulle deel te doen om die probleem te verminder of heeltemal te elimineer. Optredes soos die volgende word voorgestel:

- Vroue kan verskeie vorme van hulp aanbied aan slagoffers, soos behuising, voedselverskaffing, werkskepping en so meer.
- Hulle kan strukture help skep.
- Hulle kan by gemeenskapsdiens betrokke raak.
- Hulle kan deelneem aan bewusmakingsveldtogte.
- Slagoffervroue kan hul gesindhede verander om as 't ware weerligafleiers te wees vir hul mans ten einde nie aan provokasie skuldig te wees nie.

## 5.9 Samevatting

Dit is verblydend dat daar regoor die wêreld aksies in plek gestel word om dringende aandag aan die probleem van misdaad teen vroue te skenk. Nader tuis word daar ook stappe gedoen en word daar maniere ondersoek om die probleem effektief aan te spreek.

Strukture wat reeds geskep is, moet as die eerste prioriteit opgegradeer word. Hier word gedink aan organisasies soos die welsyn, gesondheidsdienste, Departement van Justisie, die SAPD, Departement van Veiligheid en Sekuriteit, beradingsinstansies ensovoorts.

Groter samewerking tussen die belanghebbende Staatsdepartemente is nodig en pogings moet gekoördineer word. Sake soos die volgende behoort aandag te geniet:

die ontwerp van gestandaardiseerde prosedures en protokol. Opleiding moet gemonitor word. Opgradering van diensverskaffers ten opsigte van diensure en beskikbaarheid van noodpersoneel is noodsaaklik. 'n Gesindheidsverandering moet by sowel die gemeenskap as die owerhede bewerkstellig word; en laastens moet daar groter kerklike betrokkenheid aangemoedig word en strenger wetgewing in plek geplaas word.

Dit is uiters bemoedigend dat die Suid-Afrikaanse Regering reeds op verskeie wyses positief gereageer het, naamlik die goedkeuring van strenger wetgewing (Wet op Gesinsgeweld No 116 van 1998). Daar is ook beleid geformuleer vir Departementele aksies, en wat seksuele misdrywe aanbetref is die Regskommissie besig om stappe te doen. Deurdat hierdie stappe gedoen is, is daar voldoen aan die internasionale oproep van die VVO se "Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women". Dit stem ook ooreen met die menseregte-vereistes van die Suid-Afrikaanse Grondwet.

Wette op sigself is egter nooit genoeg nie; sukses staan of val juis by die toepassing van wette. Indien dit nie ten uitvoer gebring word deur die verskeie rolspelers soos byvoorbeeld die polisie, regslui, maatskaplike werkers, aanklaers en so meer nie, sal dit slegs teorieë en uiteindelik ook mites bly om te glo dat dinge sal verander. Daarom moet vroue des te meer ingelig word aangaande hul regsposisie, selfs aangaande die reg wat hulle het om polisiebeamptes te rapporteer wat diskriminerend optree.

In **hoofstuk 6** volg die analise en interpretasie van die empiriese data wat tydens hierdie navorsing gegenereer is.

# HOOFSTUK 6

# STATISTIESE ONTLEDING

## 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan ons verskeie datagegewens in tabelvorm weergee. Dit bevat inligting wat verkry is vanuit 303 vraelyste wat besonderhede bevat van misdade teen vroue by die volgende polisiekantore: Pretoria-Wes, Pretoria-Noord, Pretoria-Moot, Villieria, Sunnyside, Eersterust en Hillbrow. Die betrokke misdade is gepleeg in die tydperk tussen Januarie 1997 en Maart 1998.

In die tabelle hieronder word die volgende uitgebeeld:

- biografiese data van die slagoffer
- biografiese data van die oortreder
- *modus operandi*
- regspleging en tipes vonnisse

Daar gaan verskillende tabelle en kruistabelle geïnterpreteer word volgens die empiriese gegewens vanuit die vraelyste met betrekking tot die biografiese data, *modus operandi* en regsplegingsaspekte wat van toepassing is op die oortreder.

In die geval waar kruistabelle gebruik word, is die maatstaf wat gebruik word die Pearson Chi-kwadraat-skaal, waarvan die meting tussen 0,05 tot 0,01 as statisties beduidend beskou word. Hiervolgens beteken 'n meting van 0,05 dat daar 'n kans van 95% bestaan dat dieselfde meting verkry sou word indien daar 'n ewekansige steekproeftrekking sou plaasvind en 'n 99% kans in die geval van 0,01%.

## 6.2 Biografiese data van die slagoffers

### 6.2.1 Ouderdom

Die biografiese data van die slagoffers wat uit die dossiere bekom kon word, sluit die volgende in: ouderdom, ras, huwelikstatus en die aard van die verhouding tussen die slagoffer en die oortreder. Elkeen hiervan word vervolgens kortliks weergegee en bespreek.

**Tabel 6.2.1 Ouderdom van die slagoffer**

| Ouderdom | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| 0-18 | 26 | 8,6 |
| 19-21 | 54 | 17,8 |
| 22-24 | 29 | 9,6 |
| 25-27 | 35 | 11,6 |
| 28-30 | 46 | 15,2 |
| 31-45 | 88 | 29,0 |
| 46 en ouer | 25 | 8,2 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Tabel 6.2.1 toon aan dat 88 (29,0%) vroulike slagoffers in die ouderdomsgroep tussen 31-45 jaar was, 54 (17,8%) tussen 19 en 21 jaar, 46 (15,2%) tussen 28 en 30 jaar, 35 (11,6%) tussen 25 en 27 jaar, 29 (9,6%) tuseen 22 en 24 jaar, 26 (8,6%) onder 18 jaar en 25 (8,2%) slagoffers was bó 45-jarige ouderdom. Die grootste aantal slagoffers 88 (29,0%), het gekom uit die ouderdomsgroep tussen 31 en 45 jaar.

### 6.2.2 Ras

Ten opsigte van die ras van die oortreders, is die volgende bevindinge geboekstaaf:

**Tabel 6.2.2 Ras van die slagoffer**

| Ras | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Blank | 110 | 36,3 |
| Swart | 105 | 34,7 |
| Kleurling | 78 | 25,7 |
| Asiër | 10 | 3,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Die data van tabel 6.2.2 toon aan dat daar 110 (36,3%) Blanke, 105 (34,7%) Swart, 78 (25,7%) Kleurling en net 10 (3.3%) Asiatiese slagoffers van misdade onder die vroulike respondente was. Dit is toevallig. Daar is geen poging aangewend om 'n sekere verhouding tussen die rassegroepe te bewerkstellig vir die doeleindes van die navorsing nie.

### 6.2.3 Huwelikstatus

Die data aangaande die huwelikstatus van die slagoffers was soos volg:

**Tabel 6.2.3 Huwelikstatus van die slagoffer**

| Huwelikstatus | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Getroud | 66 | 21,8 |
| Geskei | 28 | 9,2 |
| Weduwee | 4 | 1,3 |
| Ongetroud | 135 | 44,6 |
| Woon saam | 67 | 22,1 |
| Nie beskikbaar nie | 3 | 1,0 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.2.3 was die een enkele groep wat die meeste onder die slagoffers voorgekom het wat huwelikstatus betref, die ongetroudes met 135 (44.6%). Hulle is gevolg deur die groep wat saamgewoon het, naamlik 67 (22,1%) en 'n kortkop ná hulle was die getroudes, naamlik 66 (21,8%). Slegs 28 (9,2%) van die respondente was geskei en 3 (1,0%), se huwelikstatus kon nie uit die dossiere bekom word nie.

### 6.3 Familieverband tussen die slagoffer en die oortreder

Hierdie gegewens kon ook uit die dossiere opgespoor word. Dit was soos volg:

**Tabel 6.3.1 Familieverband tussen slagoffer en oortreder**

| Verwantskap | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Huweliksmaats | 17 | 5,6 |
| Bloedfamilie | 10 | 3,3 |
| Aangetroud | 5 | 1,7 |
| Stieffamilie | 5 | 1,7 |
| Geen Familie | 263 | 86,8 |
| Onbekend | 3 | 0,9 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Tabel 6.3.1 vertoon die gegewens insake die familiale verhoudinge tussen die slagoffer en die oortreder. Die oorgroote meerderheid, te wete 263 (86,8%) van die groep was nie familie van mekaar nie. Hierna volg die getroudes 17 (5,6%), die wat bloedfamilie is 10 (3,3%), die wat aangetroud en stieffamilie van mekaar is onderskeidelik 5 (1,7%) elk en 3 (0,9%) van die dossiere het nie inligting hieroor bevat nie.

Die biografiese data van die oortreder word vervolgens bespreek soos dit in die vraelyste voorgekom het. Daar word gefokus op geslag, ras en huwelikstatus.

## 6.4 Biografiese data van die oortreder

Die geslag, ras en huwelikstatus van die oortreder was bekikbaar op die polisiedossiere. Die gegewens was soos volg:

**Tabel 6.4.1 Geslag van die oortreder**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Manlik | 276 | 91,1 |
| Vroulik | 27 | 8,9 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Tabel 6.4.1 toon aan dat die meeste oortreders, naamlik 276 (91,1%) mans was, terwyl daar slegs 27 (8,9%) vroulike oortreders was. Dit is 'n interessante feit dat alhoewel die grootste aantal misdade deur manlike oortreders 276 (91,1%) gepleeg is, daar tog wel ook vroue is 27 (8,9%) in hierdie steekproef wat ander vroue geviktimiseer het. Van die 27 vroulike oortreders was 3 weduwees in die dossiere wat as steekproef gedien het.

**Tabel 6.4.2 Ras van die oortreder**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Blank | 85 | 28,0 |
| Swart | 127 | 42,0 |
| Kleurling | 80 | 26,4 |
| Asiër | 9 | 3,0 |
| Onseker op vraelys | 2 | 0,6 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Tabel 6.4.2 toon dat Swart mans, naamlik 127 (42,0%) die meeste misdade teen vroue gepleeg het, gevolg deur 85 (28,0%) Blankes, 80 (26,4%) Kleurlinge en 9 (3,0%) Asiërs.

**Tabel 6.4.3 Huwelikstatus van die oortreder**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Getroud | 48 | 15,8 |
| Geskei | 38 | 12,5 |
| Weduwee | 3 | 1,0 |
| Nooit getroud | 157 | 51,9 |
| Woon saam | 41 | 13,5 |
| Onseker op vraelys | 16 | 5,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.4.3 was die meeste misdade gepleeg deur ongetroude oortreders 157 (51,9%), gevolg deur getroudes 48 (15,8%), dié wat saamwoon 41 (13,5%) en geskeides 38 (12,5%). Daar was 3 (1,0%) weduwees positief verbind aan oortredings teen ander vroue en 16 (5,3%) dossiere het geen inligting oor huwelikstatus bevat nie.

Die volgende statistiese kruistabelle wat verband hou met die verhouding tussen die slagoffer en die oortreder, is met behulp van die SPSS 10.0 -rekenaarprogram (Statistical Package for the Social Sciences) oor statistiek gegenereer:

**Kruistabel 6.4.1 Ouderdom van die slagoffer en huwelikstatus van die oortreder**

| Ouderdom van slagoffer | Huwelikstatus van die oortreder | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getroud | Geskei | Weduwee | Ongetroud | Woon Saam | Nie beskikbaar nie | |
| 0-18 | 1 | - | - | 24 | 1 | - | **26** |
| 19-21 | 7 | 2 | - | 33 | 12 | - | **54** |
| 22-24 | 5 | 2 | - | 18 | 4 | - | **29** |
| 25-27 | 7 | 3 | - | 17 | 7 | 1 | **35** |

**Kruistabel 6.4.1** **Ouderdom van die slagoffer en huwelikstatus van die oortreder (Vervolg)**

| Ouderdom van slagoffer | Huwelikstatus van die oortreder | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getroud | Geskei | Wedu-wee | Onge-troud | Woon Saam | Nie beskik-baar nie | |
| 28-30 | 12 | 3 | - | 13 | 17 | 1 | **46** |
| 31-45 | 25 | 15 | 1 | 23 | 23 | - | **87** |
| 46 en ouer | 9 | 3 | 3 | 7 | 3 | 1 | **26** |
| **Totaal** | **66** | **28** | **4** | **135** | **67** | **3** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 96,124; DF=36; Prob=0,000

Kruistabel 6.4.1 dui aan dat daar 'n beduidende verband tussen die ouderdom van die slagoffer en die huwelikstatus van die oortreder bestaan. Ongetroude vroue 87 (28,7%) wat met 'n man saamwoon en tussen 31-45 jaar oud is, is meer geneig om slagoffers van misdaad te word. Mans wat ongetroud is 135 (44,5%), word makliker oortreders as mans wat geskei 29 (9,5%) óf getroud 66 (21,7%) is. Statisties is dit hoogs beduidend.

**Kruistabel 6.4.2** **Ouderdom van die slagoffer en vooraf bekendheid**

| Ouderdom | Voorafbekendheid met oortreder | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 Week | 1 Maand | 6 Maande | 1 Jaar | > 1 Jaar | Onbekend | |
| 0-18 | - | - | 1 | - | 2 | 23 | **26** |
| 19-21 | - | - | 1 | - | 4 | 49 | **54** |
| 22-24 | 1 | 2 | 1 | - | 3 | 22 | **29** |
| 25-27 | 3 | - | - | - | 1 | 30 | **34** |
| 28-30 | - | - | - | - | - | 46 | **46** |
| 31-45 | - | 2 | - | 2 | 7 | 78 | **89** |
| 46 en ouer | - | - | - | - | 1 | 24 | **25** |
| **Totaal** | **4** | **4** | **3** | **2** | **18** | **272** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 58,847; DF = 36; Prob = 0,009

Kruistabel 6.4.2 vergelyk die ouderdom van die slagoffer en vooraf bekendheid met die slagoffer. Van die respondente, 272 (89,76%) gevalle, het nie hulle aanvallers geken nie. Daar is egter 31 (10,23%) vanuit al die ouderdomsgroepe wat in die vraestel gelys is, wat

wel hul aanvallers geken het. Daar is 7 (2,31%) afkomstig vanuit die ouderdomsgroep 31-45 en 4 (1,32%) vanuit die ouderdomsgroep 19-21 wat hulle aanvallers meer as een jaar geken het. Dit is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.3 Ouderdom van die slagoffer en wie die saak aanmeld**

| Ouderdom | Wie meld die saak aan | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Self | Sekuriteit | Hospitaal | Vriende | Welsyn | Verby gangers | Oortreder Self |
| 0-18 | 6 | - | 1 | 1 | 1 | 1 | - |
| 19-21 | 36 | - | 2 | 5 | - | 2 | 2 |
| 21-24 | 19 | - | - | 3 | - | 3 | - |
| 25-27 | 27 | - | - | 5 | - | 3 | - |
| 28-30 | 29 | - | 3 | 2 | - | 4 | 1 |
| 31-45 | 71 | 1 | 3 | 2 | - | 6 | - |
| 46 en ouer | 17 | 1 | 2 | 2 | - | 3 | - |
| **Totaal** | **205** | **2** | **11** | **20** | **1** | **22** | **3** |

| Ouderdom | Kerk | Skool | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 0-18 | - | 2 | 14 | **26** |
| 19-21 | 1 | 1 | 5 | **54** |
| 22-24 | - | - | 4 | **29** |
| 25-27 | - | - | - | **35** |
| 28-30 | - | - | 7 | **46** |
| 31-45 | - | - | 5 | **88** |
| 46 en ouer | - | - | - | **25** |
| **Totaal** | **1** | **3** | **35** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 128,937; DF = 66; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.3 vergelyk die ouderdom van die slagoffer met die persoon of instansie wat die voorval aanmeld. Die meeste slagoffers 205 (67,65%) meld dit persoonlik by die polisie aan. Ander persone of instansies 35 (11,55%) wat nie in die vraelys voorkom nie meld ook voorvalle aan, gevolg deur verbygangers 22 (7,26%), vriende van die slagoffer 20 (6,60%), die hospitaal 11 (3,63%), die oortreder self asook die skool elk 3 (0,99%), sekuriteitspersoneel 2 (0.66%) en die kerk en welsyn het onderskeidelik elk 1 (0,33%) van die voorvalle aangemeld. Die meeste aanmeldings kom vanuit die vier kategorieë, vriende, verbygangers, hospitale en "ander" wat altesaam verantwoordelik is vir 88 (29,04%) aanmeldings. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.4** **Ouderdom van die slagoffer en *modus operandi* van die oortreder**

| Ouderdom | *Modus operandi* van die oortreder | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vuur wapen | Mes | Vuis | Skop | Veg | Motor | Byl |
| 0-18 | - | - | 2 | - | 2 | - | - |
| 19-21 | 1 | 4 | 13 | - | 3 | - | - |
| 22-24 | - | 1 | 5 | - | 2 | - | - |
| 25-27 | 3 | - | 5 | 1 | 3 | - | 1 |
| 28-30 | 1 | 6 | 6 | 1 | 7 | - | - |
| 31-45 | 3 | 3 | 24 | 4 | 8 | 3 | - |
| 46 en ouer | - | 1 | 5 | 1 | 6 | - | - |
| **Totaal** | **8** | **15** | **60** | **7** | **31** | **3** | **1** |

| Ouderdom | Stok | Verwurg | Klippe | Omkoop | Verrassing | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 0-18 | - | - | - | 1 | 1 | 21 | 27 |
| 19-21 | 2 | - | - | 2 | 2 | 27 | 54 |
| 22-24 | - | - | - | - | - | 21 | 29 |
| 25-27 | - | - | - | - | 1 | 21 | 35 |
| 28-30 | 1 | - | 1 | - | - | 23 | 46 |
| 31-45 | 3 | 1 | 1 | 1 | - | 37 | 88 |
| 46 en ouer | - | - | - | - | - | 11 | 24 |
| **Totaal** | **6** | **1** | **2** | **4** | **4** | **161** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 91,876; DF = 78; Prob = 0,001

Kruistabel 6.4.4 vergelyk die ouderdom van die slagoffer met die *modus operandi* van die oortreder. Die meeste misdade 60 (19,80%) word met die vuiste gepleeg. Die ouderdomsgroep 31-45 het die grootste frekwensie 24 (7,92%) van voorkoms. Dit is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.5** **Ras van die slagoffer en huwelikstatus van die oortreder**

| Ras van slagoffer | Huwelikstatus van die oortreder | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getroud | Geskei | Weduwee | Ongetroud | Woon saam | Sisteem fout | |
| Blank | 31 | 20 | 1 | 44 | 14 | - | 110 |
| Swart | 14 | 4 | 2 | 48 | 35 | 1 | 104 |
| Kleurling | 19 | 3 | 1 | 38 | 16 | 1 | 78 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Asiër | 2 | 1 | - | 5 | 2 | 1 | 11 |
| **Totaal** | **66** | **28** | **4** | **135** | **67** | **3** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 45,711; DF = 15; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.5 hierbo vergelyk die ras van die slagoffer met die huwelikstatus van die oortreder. Die steekproef is getrek uit die verskillende rasse van daardie vroue wat slagoffers geword het, asook die oortreders se huwelikstatus maar nie hulle rasseverbintenis nie, en is dus verteenwoordigend.

Volgens bogenoemde inligting konsentreer ongetroude mans met betrekking tot misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie, in 48 (15,5%) gevalle op Swart vroue, 44 (14,5%) Blanke vroue, 38 (12,5%) Kleurlingvroue, terwyl slegs 2 (0,6%) Asiër vroue deur ongetroude mans aangeval was.

Daar was in totaliteit 135 (44,5%) ongetroude mans, 67 (22,1%) mans wat met vroue saamwoon met wie hulle nie getroud is nie, 66 (21,8%) getroude mans en 28 (9,2%) geskeide mans by misdade teen vroue betrokke. Vier van die vroulike oortreders (1,3%) wat misdade teen ander vroue gepleeg het was weduwees.

**Kruistabel 6.4.6 Die ras van die slagoffer en die rol van drank**

| **Ras van die slagoffer** | **Het drank 'n rol gespeel?** | | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | |
| Blank | 32 | 78 | 110 |
| Swart | 30 | 75 | 105 |
| Kleurling | 39 | 39 | 78 |
| Asiër | 5 | 5 | 10 |
| **Totaal** | **106** | **197** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 12,302; DF=3; Prob= 0,006

Kruistabel 6.4.6 vergelyk die ras van die slagoffer en die rol wat drangebruik aldan nie in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie gespeel het. Volgens die gegewens het drank wel 'n rol gespeel by 106 (35,0%) gevalle, maar geen rol in 197 (65,0%) gevalle nie. By Kleurlingvroue wat slagoffers was het drank in 39 (12,8%) gevalle 'n rol gespeel en in 39 (12,8%) geen rol nie. By Blanke vroue het dit in 32 (10,6%) wel 'n rol en in 78 (25,7%) gevalle geen rol gespeel nie. By Swart vroue het dit in 30 (10,0%) gevalle wel 'n rol, en in 75 (24,7%) gevalle geen rol gespeel nie. By Asiërs het dit in 5 (1,6%) gevalle wel 'n rol gespeel terwyl dit in 5 (1,6%) geen rol gespeel het nie.

**Kruistabel 6.4.7 Ras van die slagoffer en huwelikstatus van die slagoffer**

| Ras van die slagoffer | Huwelikstatus van die oortreder | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getroud | Geskei | Weduwee | Ongetroud | Woon Saam | Onseker | |
| Blank | 31 | 20 | 1 | 44 | 14 | - | **110** |
| Swart | 14 | 4 | 2 | 48 | 35 | 2 | **105** |
| Kleurling | 19 | 3 | 1 | 38 | 16 | 1 | **78** |
| Asiër | 2 | 1 | - | 5 | 2 | - | **10** |
| **Totaal** | **66** | **28** | **4** | **135** | **67** | **3** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 39,678; DF = 18; Prob = 0,002

Kruistabel 6.4.7 vergelyk die ras van die slagoffer met die huwelikstatus van die slagoffer. Ongetroudes, 135 (44,55%) is die meeste kwesbaar terwyl die meeste Swart ongetroude vroue 48 (15,84%) teikens van misdaad is. Hierdie tendense is statisties hoogs beduidend

**Kruistabel 6.4.8 Die huwelikstatus van die slagoffer en voorafkennis**

| Huwelikstatus | Ken mekaar | | Totaal |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | |
| Getroud | 38 | 28 | 66 |
| Geskei | 23 | 5 | 28 |
| Weduwee | 2 | 3 | 5 |
| Ongetroud | 71 | 63 | 134 |
| Woon saam | 59 | 8 | 67 |
| Onseker | 3 | - | 3 |

| Totaal | 196 | 107 | 303 |
|---|---|---|---|

Pearson Chi-kwadraat 34,710; DF = 6; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.8 vergelyk die huwelikstatus van die slagoffer met die voorafkennis wat tussen die twee partye bestaan al dan nie. In 196 (64,68%) gevalle het die slagoffer en die oortreder mekaar geken en in 107 (35,53%) gevalle glad nie. Die grootste aantal ongetroude vroue 71 (23,43%) ken hulle aanvallers, 59 (19,47%) vroue in 'n saamwoon verhouding, 38 ( 12,54%) getroudes asook 23 (7,59%) geskeides ken ook hul aanvallers. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.9 Die huwelikstatus van die slagoffer en familieverband met die oortreder**

| Status | Familieverwantskap | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Huweliks maats | Bloed familie | Aange troud | Stief | Geen | Onseker | |
| Getroud | 14 | 4 | 2 | - | 46 | - | 66 |
| Geskei | 2 | - | 1 | - | 25 | - | 28 |
| Weduwee | - | - | 1 | - | 3 | - | 4 |
| Ongetroud | - | - | 1 | 5 | 122 | - | 128 |
| Woon saam | - | 6 | - | - | 66 | 3 | 75 |
| Onseker | 1 | - | - | - | 1 | - | 2 |
| **Totaal** | 17 | 10 | 5 | 5 | 263 | 3 | 303 |

Pearson Chi-kwadraat 84,117; DF = 36; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.9 vergelyk die huwelikstatus van die slagoffer met die familieverband wat daar met die oortreder bestaan. In 263 (86,79%) is daar geen verwantskap nie. Die hoogste frekwensie misdaadvoorvalle 122 ( 40,26%) kom voor by ongetroude vroue wat glad nie 'n familieband met die oortreder het nie. Daar is dus geen verband tussen die twee veranderlikes nie. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.10 Die huwelikstatus van die slagoffer en die tipe misdaad**

| Status | Tipe misdaad | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Roof | Verkrag ting | Aanrand (Gewoon) | Seksuele teistering | Uitlok king | Diefstal | Ontvoer ing |
| Getroud | 20 | 10 | 24 | 5 | 1 | 2 | - |
| Geskei | 2 | 4 | 12 | 2 | 3 | - | 3 |
| Weduwee | 1 | 1 | 1 | | - | - | - |
| Ongetroud | 15 | 55 | 26 | 15 | 4 | - | 9 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Woon saam | 2 | 25 | 22 | 1 | - | - | - |
| Onseker | - | 2 | 1 | - | - | - | - |
| **Totaal** | **40** | **97** | **86** | **23** | **8** | **2** | **12** |

| **Status** | Aanranding Met die opset | **Totaal** |
|---|---|---|
| Getroud | 4 | 66 |
| Geskei | 2 | 28 |
| Weduwee | 1 | 4 |
| Ongetroud | 10 | 135 |
| Woon saam | 17 | 67 |
| Onseker | - | 3 |
| **Totaal** | **34** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 96,342; DF = 6; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.10 vergelyk die huwelikstatus van die slagoffer met die tipe misdaad wat gepleeg word. Verkragting kom die meeste voor 97 (32,01%), daarna gewone aanranding 86 (28,38%), roof 40 (13,20%), aanranding met die doel om ernstig te beseer 34 (11,22%), seksusele teistering 23 (7,59%), ontvoering 12 (3,96%), uitlokking 8 (2,64%) en diefstal 2 (0,66%) gevalle. Hiermee saam is ongetroudes 135 (44,55%) die grootste teikens van misdaad, gevolg deur die wat in 'n saamwoon verhouding betrokke is 67 (22,11%), getroudes 66 (21,78%), geskeides 28 (9,24%), weduwees 4 (1,32%) en 3 (0,99%) dossiere was onvolledig. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.11 Die huwelikstatus van die slagoffer en die rol van drank**

| **Status** | **Die rol van drank** | | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | |
| Getroud | 24 | 42 | 66 |
| Geskei | 4 | 24 | 28 |
| Weduwee | - | 4 | 4 |
| Ongetroud | 38 | 97 | 135 |
| Woon saam | 38 | 29 | 67 |
| Onseker | 2 | 1 | 3 |
| **Totaal** | **107** | **197** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 26,224; DF = 6; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.11 vergelyk die huwelikstatus van die slagoffer met die rol van drank tydens die voorval. In 197 (65,01%) gevalle speel drank nie 'n rol nie, maar in 107 (35,31%) gevalle wel. By 38 (12,54%) ongetroudes asook dié wat in 'n saamwoon verhouding betrokke is speel dit onderskeidelik 'n rol, in 24 (7,92%) gevalle by getroudes en in 4 (0,66%) gevalle by geskeides. Die frekwensie van voorkoms waar drank wel 'n rol speel is die hoogste by ongetroude slagoffers, sowel as diegene wat saam woon. Hierdie syfers is staisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.12 Huwelikstatus van die oortreder en provokasie deur die slagoffer**

| Status | Provokasie deur die slagoffer | | Totaal |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | |
| Getroud | 22 | 43 | 65 |
| Geskei | 11 | 17 | 28 |
| Weduwee | 2 | 3 | 5 |
| Ongetroud | 44 | 91 | 135 |
| Woon saam | 43 | 23 | 66 |
| Onseker | 3 | 1 | 4 |
| **Totaal** | **125** | **178** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 25,288; DF = 6; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.12 vergelyk die huwelikstatus van die oortreder met provokasie deur die slagoffer. In 178 (58,74%) gevalle was daar geen provokasie nie, maar in 125 (41,25%) gevalle wel. Die meeste provokasie het voorgekom by ongetroudes 44 (14,52%), gevolg deur dié wat in 'n saamwoon verhouding betrokke is 43 (14,19%), getroudes 22 (7,26%), geskeides 11 (3,63%) terwyl 3 (0,99%) onseker was. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.13 Die geslag van die oortreder en die tipe misdaad**

| Geslag van oortreder | Tipe misdaad | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Roof | Verkragting | Aanranding (Gewoon) | Seksuele teistering | Uitlok king | Diefstal | Ontvoer Ing |
| Manlik | 38 | 96 | 71 | 22 | 8 | 2 | 11 |
| Vroulik | 2 | 1 | 15 | 1 | - | - | 1 |
| **Totaal** | **40** | **97** | **86** | **23** | **8** | **2** | **12** |

| Geslag van oortreder | Aanranding met die opset | Onseker | Totaal |
|---|---|---|---|
| Manlik | 28 | 1 | 276 |
| Vroulik | 6 | - | 27 |
| Totaal | 34 | 1 | 303 |

Pearson Chi-kwadraat 30,878; DF = 8; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.13 vergelyk die geslag van die oortreder en die tipe misdaad. Mans wat oortredings begaan het was altesaam 276 (91,08%) en 27 (8,91%) vroue was oortreders in die steekproef. Verkragting 97 (32,01%) het die meeste voorgekom gevolg deur gewone aanranding 86 (28,38%), roof 40 (13,20%), aanranding met die opset 34 (11,22%), seksuele teistering 23 (7,59%), ontvoering 12 (3,96%), uitlokking 8 (2,64%), diefstal 2 (0,66%) en 1 (0,33%) dossier was onvolledig. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.14** **Geslag van die oortreder en die redes wat deur die slagoffer aangevoer word waarom die misdaad gepleeg is**

| Geslag van die oortreder | Redes wat deur die slagoffer aangevoer word | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Krimineel | Seksueel | Werksdruk | Aggressie | Finansies | Stres | Jaloesie |
| Manlik | 111 | 50 | - | 14 | 11 | 1 | 26 |
| Vroulik | 5 | 1 | 1 | 4 | 3 | - | 1 |
| Totaal | 116 | 51 | 1 | 18 | 14 | 1 | 27 |

| Geslag van die oortreder | Alkohol | Skinder | Partytjie | Provokasie | Ritueel | Wraak | Familietwis |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | 1 | - | 1 | 35 | 1 | 7 | 12 |
| Vroulik | - | 7 | - | 1 | - | 1 | 2 |
| Totaal | 1 | 7 | 1 | 36 | 1 | 8 | 14 |

| Geslag van die oortreder | Ander | Totaal |
|---|---|---|
| Manlik | 6 | 276 |
| Vroulik | 1 | 27 |
| Totaal | 7 | 303 |

Pearson Chi-kwadraat 98,306; DF = 14; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.14 vergelyk die geslag van die oortreder en die redes wat deur die slagoffer aangevoer word waarom die misdaad gebeur het. Manlike oortreders in 276 (91,08%) gevalle by misdade betrokke geraak teenoor die 27 (8,91%) vroulikes. Slagoffers het op die vraelyste aangedui dat kriminele oorwegings vir 111 (36,63%) voorvalle, seksuele redes vir 51 (16,50%) en uitlokking vir 35 (11,55%) voorvalle van misdaad verantwoordelik was. Hierdie gegewens is statisties hoogs beduidend.

**Kruistabel 6.4.15 Geslag van die oortreder en provokasie deur die slagoffer**

| Geslag | Provokasie | | Totaal |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | |
| Manlik | 105 | 169 | 274 |
| Vroulik | 18 | 9 | 27 |
| Onseker | 2 | - | 2 |
| Totaal | 125 | 178 | 303 |

Pearson Chi-kwadraat 8,172; DF = 1; Prob = 0,004

Kruistabel 6.4.15 vergelyk die geslag van die oortreder en die moontlikheid van provokasie deur die slagoffer. In 178 (58,74%) gevalle het provokasie geen rol gespeel nie, maar in 125 (41,25%) gevalle wel. Mans, 105 (34,65%) het provokasie ervaar en 18 (5,94%) vroue. Dit is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.16 Die ras van die oortreder en die dag van die week**

| Ras van die oortreder | Dag van die week | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maan | Dins | Woens | Don | Vry | Sater | Son | |
| Blank | 4 | 7 | 19 | 18 | 12 | 14 | 11 | 85 |
| Swart | 7 | 15 | 12 | 9 | 31 | 27 | 26 | 127 |
| Kleurling | 5 | 4 | 9 | 15 | 12 | 18 | 17 | 80 |
| Asiër | 3 | 1 | 2 | - | 2 | 1 | - | 9 |
| Onseker | 1 | - | - | - | - | - | 1 | 2 |
| Totaal | 20 | 27 | 42 | 42 | 57 | 60 | 55 | 303 |

Pearson Chi-kwadraat 53,051; DF = 24; Prob = 0,001

Kruistabel 6.4.16 hierbo vergelyk die ras van die oortreder met die dag van die week waarop die voorval plaasgevind het. Daar het 127 ( 41,91%) Swartes, 85 (28,03%) Blankes,

80 (26,40%) Kleurlinge en 9 (2,97%) Asiërs by misdade betrokke geraak. Die meeste voorvalle 172 (56,76%) het oor naweke plaasgevind. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.17** **Die ras van die oortreder en bekendheid met die slagoffer**

| Ras | Bekend heid met slagoffer | | Totaal |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | |
| Blank | 68 | 17 | 85 |
| Swart | 58 | 68 | 126 |
| Kleurling | 61 | 19 | 80 |
| Asiër | 7 | 2 | 9 |
| Onseker | - | 3 | 3 |
| Totaal | 194 | 109 | 303 |

Pearson Chi-kwadraat 34,999; DF = 4; Prob = 0,001

Kruistabel 6.4.17 vergelyk die ras van die oortreder met die vraag of die oortreder en slagoffer mekaar enigsins geken het. Oortreders uit al die rassegroepe saam 194 (64,02%), het hul slagoffers geken en 109 (35,97%) het aangedui dat hulle nie hul slagoffers geken het nie. Meer Blanke oortreders 68 (22,44%), ken hul slagoffers, gevolg deur Kleurlinge 61 (20,13%), Swartes 58 (19,14%) en Asiërs 7 (2,31%), terwyl 3 (0,99%) vraelyste onvolledige inligting bevat het. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.18** **Die ras van die oortreder en die rol van drankgebruik**

| Ras | Het drank 'n rol gespeel? | | Totaal |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | |
| Blanke | 32 | 53 | 85 |
| Swart | 30 | 97 | 127 |
| Kleurling | 40 | 40 | 80 |
| Asiër | 2 | 7 | 9 |
| Onseker | 1 | 1 | 2 |
| Totaal | 105 | 198 | 303 |

Pearson Chi-kwadraat 17,952; DF = 4; Prob = 0,001

Kruistabel 6.4.18 vergelyk die ras van die oortreder en die rol van drankgebruik. In 198 (65,34%) gevalle het drank geen rol gespeel nie, maar in 105 (34,65%) gevalle wel. Drank speel die grootste rol by Kleurlinge 40 (13,20%), gevolg deur Blankes 32 (10,56%), Swartes

30 (9,90%) en Asiërs 2 (0,66%). Slegs 2 (0,66%) vraelyste was onvolledig. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.19** **Die ras van die oortreder en die tipe misdaad**

| Ras | Die tipe misdaad | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Roof | Verkragting | Aanranding (gewoon) | Seksuele teistering | Uitlokking | Diefstal | Ontvoering | Aanranding met die opset | |
| Blank | 2 | 22 | 28 | 12 | 5 | - | 7 | 9 | **85** |
| Swart | 27 | 49 | 23 | 8 | 1 | 1 | 3 | 15 | **127** |
| Kleurling | 10 | 24 | 32 | 3 | - | 1 | 2 | 8 | **80** |
| Asier | - | 2 | 3 | - | 2 | - | - | 1 | **9** |
| Onseker | - | - | - | - | - | - | - | 2 | **2** |
| **Totaal** | **39** | **97** | **86** | **23** | **8** | **2** | **12** | **35** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 102,234; DF = 32; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.19 vergelyk die ras van die oortreder met die tipe misdaad wat gepleeg word. Swartes 127 (41,91%) is die meeste by misdade betrokke, gevolg deur Blankes 85 (28,05%), Kleurlinge 80 (26,40%) en Asiërs 9 (2,97%). Twee vraelyste 2 (0,66%) was onvolledig. Verkragting 97 (32,01%), het die meeste voorgekom gevolg deur gewone aanranding 86 (28,38%), roof 39 (12,87%), aanranding met die opset om ernstig te beseer 36 (11,88%), seksuele teistering 23 ( 7,59%), ontvoering 12 ( 3,96%), uitlokking 8 (2,64%) en diefstal 2 (0,66%). Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.20** **Die ras van die oortreder en die familieband**

| **Ras** | **Familieverbintenis** | | | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| | Pleegsorg | Voogdyskap | Geen | |
| **Blank** | 1 | 2 | 82 | 85 |
| **Swart** | - | - | 127 | 127 |
| **Kleurling** | - | - | 80 | 80 |
| **Asiër** | 1 | - | 9 | 9 |
| **Onseker** | - | - | 1 | 1 |
| **Totaal** | 2 | 2 | 299 | 303 |

Pearson Chi-kwadraat 21,826; DF = 8; Prob = 0,05

Kruistabel 6.4.20 vergelyk die ras van die oortreder met die familieverbintenis indien enige. Daar is 299 (98,67%) gevalle waarin daar geen familiebande gevind is nie. Hierdie gegewens is statisties hoogsbeduidend.

**Kruistabel 6.4.21** **Die huwelikstatus van die oortreder en voorafkennis**

| Status | Voorafkennis | | Totaal |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | |
| Getroud | 45 | 3 | **48** |
| Geskei | 26 | 12 | **38** |
| Weduwee | 4 | 1 | **5** |
| Nooit getroud | 76 | 80 | **156** |
| Woon saam | 41 | - | **41** |
| Onseker | 4 | 11 | **15** |
| **Totaal** | **196** | **107** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat67,067; DF = 5; Prob = 0,00

Kruistabel 6.4.21 vergelyk die huwelikstatus van die oortreder en voorafkennis tussen die twee betrokke partye. In 196 (64,68%) gevalle het hulle mekaar geken en in 107 (35,53%) gevalle was daar geen voorafkennis gewees nie. Van hulle wat nooit getroud was nie het 76 (25,08%) hul slagoffers geken, gevolg deur getroudes 45 (14,85%), die wat 'n saamwoon verhouding het 41 (13,53%), geskeides 26 (8,58%), weduwees 4 (1,32%) en 4 (1,32%) vraelyste was onvolledig. Hierdie syfers is statisties beduidend.

**Kruistabel 6.4.22** **Huwelikstatus van die oortreder en tydperk van kennis met die oortreder**

| Status | Tydperk van kennis | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 Week | 1 Maand | 6 Maande | 1 Jaar | ≻1 Jaar | Onbe kend | |
| Getroud | - | - | 2 | - | 14 | 32 | **48** |
| Geskei | - | - | - | - | 1 | 37 | **38** |
| Weduwee | - | 2 | - | - | - | 2 | **4** |
| Nooit getroud | 4 | 2 | 2 | - | 3 | 146 | **157** |
| Woon saam | - | - | - | 2 | - | 39 | **41** |
| Onseker | - | - | - | - | - | 15 | **15** |
| **Totaal** | **4** | **4** | **4** | **2** | **18** | **271** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 129,277; DF = 30; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.22 vergelyk die huwelikstatus van die oortreder met die tydperk van kennis met die slagoffer. In 271 (89,43%) gevalle is daar geen voorafkennis tussen die betrokkenes nie. Slegs 14 (4,62%) getroudes het hulle slagoffers langer as een jaar geken. Hierdie syfers is statisties hoogs beduidend.

**Kruistabel 6.4.23** **Die huwelikstatus van die oortreder en familiebande met die slagoffer**

| Status | Familieverbintenis | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Huweliks maats | Bloed familie | Aange troud | Stief | Geen | |
| Getroud | 14 | 5 | 5 | 2 | 22 | **48** |
| Geskei | 2 | 1 | - | 2 | 32 | **37** |
| Weduwee | 1 | 1 | - | - | 1 | **3** |
| Nooit getroud | - | 3 | - | - | 154 | **157** |
| Woon saam | - | - | 3 | 1 | 39 | **43** |
| Onseker | - | - | - | - | 15 | **15** |
| **Totaal** | **17** | **10** | **8** | **5** | **263** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 142,474; DF = 30; Prob = 0,00

Kruistabel 6.4.23 vergelyk die huwelikstatus van die oortreder met die familieband van die slagoffer. In 263 (86,79%) gevalle is daar geen familieverbintenisse nie. Dit is statisties hoogs beduidend.

**Kruistabel 6.4.24** **Die huwelikstatus van die oortreder en die plek van voorval**

| **Status** | **Plek van die voorval** | | | | | | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Kantoor | Fabriek | Skool | Hotel | Motor | Eie huis | |
| Getroud | - | - | - | 1 | 2 | - | **3** |
| Geskei | - | - | - | 2 | 1 | - | **3** |
| Weduwee | - | - | - | - | - | - | **-** |
| Nooit getroud | 1 | - | 4 | 7 | 13 | 1 | **26** |
| Woon saam | - | - | - | 1 | 2 | 1 | **4** |
| Onseker | 1 | 1 | - | - | - | - | **2** |
| **Totaal** | **2** | **1** | **4** | **11** | **18** | **2** | **38** |

| **Status** | **Plek van voorval** | | | | | | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Veld | Plot | Hospitaal | Kafee | OTM | Supermark | |
| Getroud | 1 | - | - | 2 | | - | **3** |
| Geskei | 11 | - | - | 2 | 1 | - | **14** |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Weduwee | 2 | - | - | - | - | - | 2 |
| Nooit getroud | 27 | - | - | 8 | 1 | - | 36 |
| Woon saam | 4 | - | - | 1 | - | 1 | 6 |
| Onseker | - | 1 | 1 | - | 2 | 1 | 5 |
| **Totaal** | **45** | **1** | **1** | **13** | **4** | **2** | **66** |

| **Status** | **Plek van voorval** | | | | | | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Stasie** | **Publieke toilet** | **Slagoffer Se huis** | **Vriende se huis** | **Tuin** | **Ander** | |
| Getroud | - | - | 33 | 3 | - | 6 | **48** |
| Geskei | - | - | 15 | 3 | - | 2 | **38** |
| Weduwee | - | - | 1 | - | - | - | **3** |
| Nooit getroud | 1 | 3 | 31 | 16 | 2 | 42 | **157** |
| Woon saam | - | - | 19 | 6 | 1 | 5 | **41** |
| Onseker | 2 | - | 2 | 1 | - | 3 | **16** |
| **Totaal** | **3** | **3** | **101** | **29** | **3** | **58** | **303** |

Pearson Chi-kwadraat 209;264; DF = 90; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.24 vergelyk die huwelikstatus van die oortreder met die plek van voorval. Persone wat nooit getroud was nie 157 (51,81%) raak die meeste by misdade betrokke, gevolg deur getroudes 48 (15,84%), die wat in 'n saamwoon verhouding betrokke is 41 (13,53%), geskeides 38 (12,54%), vraelyste wat onvolledige inligting bevat het 16 (5,28%) en 3 (0,99%) was weduwees. Die meeste voorvalle het plaasgevind by die huis van die slagoffer 101 (33,33%), in die veld 45 (14,85%) en 58 (19,14%) voorvalle het plaasgevind by plekke wat nie in die vraelys aangedui word nie. Hierdie syfers is statisties hoogs beduidend.

**Kruistabel 6.4.25** **Die huwelikstatus van die oortreder en die tipe misdaad**

| **Status** | **Tipe misdaad** | | | | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|
| | Roof | Verkragting | Aanranding (gewone) | Seksuele teistering | |
| Getroud | - | 9 | 28 | 4 | **41** |
| Geskei | 1 | 14 | 14 | 3 | **32** |
| Weduwee | - | - | - | 2 | **-** |
| Nooit getroud | 28 | 59 | 27 | 15 | **129** |
| Woon saam | - | 13 | 16 | 1 | **30** |
| Onseker | 10 | 2 | 1 | - | **13** |
| **Totaal** | **39** | **97** | **86** | **25** | **247** |
| | | | | | |

| Status | Uitlokking | Diefstal | Ontvoering | Aanranding (met opset) | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Getroud | 2 | - | 2 | 3 | 7 |
| Geskei | 2 | - | - | 4 | 6 |
| Weduwee | - | - | 1 | 1 | 2 |
| Nooit getroud | 4 | 2 | 8 | 14 | 28 |
| Woon saam | - | - | - | 11 | 11 |
| Onseker | - | - | 1 | 1 | 2 |
| **Totaal** | 8 | 2 | 12 | 34 | 303 |

Pearson Chi-kwadraat 217,226; DF = 40; Prob = 0,000

Kruistabel 6.4.25 vergelyk die huwelikstatus van die oortreder met die tipe misdaad wat gepleeg word. Oortreders wat nooit getroud was nie 157 (51,81%) pleeg die meeste misdade en toevallig volgens die navorsing is hulle ook die groep wat die meeste verantwoordelik is vir verkragtings 59 (19,47%). Hierdie syfers is statisties hoogs beduidend.

## 6.5 *Modus operandi* (metode wat gevolg is)

Vervolgens word die modus operandi van die oortreders beskryf in terme van die maand van die jaar die dag, tyd, plek en waarin die misdade gepleeg is.

**Tabel 6.5.1 Maand van die jaar**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Januarie | 32 | 10,6 |
| Februarie | 34 | 11,2 |
| Maart | 29 | 9,6 |
| April | 24 | 7,9 |
| Mei | 24 | 7,9 |
| Junie | 26 | 8,6 |
| Julie | 20 | 6,6 |
| Augustus | 22 | 7,3 |

| | | |
|---|---|---|
| September | 27 | 8,9 |
| Oktober | 28 | 9,2 |
| November | 20 | 6,6 |
| Desember | 16 | 5,3 |
| Onseker op vraelys | 1 | 0,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.5.1 was daar in Februarie 34 (11,2%) voorvalle van misdade teen vroue, in Januarie 32 (10,6%), in Maart 29 (9,6%) in Oktober 28 (9,2%), in September 27 (8,9%), in Junie 26 (8,6%), in April 24 (7,9%), in Mei 24 (7,9%), in Augustus 22 (7,3%), in November 20 (6,6%), in Julie 20 (6,6%), en in Desember 16 (5,3%) aangemeld. Slegs een dossier waarop die vraelys vir inligting aangewese was, was onvolledig ingevul met betrekking tot hierdie vraag. Die inligting dui daarop dat daar in die eerste kwartaal, dit wil sê vanaf Januarie tot Maart altesaam 95 (31,4%) misdaadverwante voorvalle teen vroue gepleeg is, gevolg deur 74 (24,4%) in die tweede kwartaal, (April tot Junie), 69 (22,8%) in die derde kwartaal (Julie tot September) en 64 (21,2%) in die laaste kwartaal (Oktober tot Desember). Die eerste kwartaal het dus die hoogste frekwensie voorvalle van misdade teen vroue, gevolg deur onderskeidelik die derde en vierde kwartale met die laaste kwartaal die minste.

**Tabel 6.5.2 Dag van die week**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Maandag | 20 | 6,6 |
| Dinsdag | 27 | 8,9 |
| Woensdag | 42 | 13,9 |
| Donderdag | 42 | 13,9 |
| Vrydag | 58 | 19,1 |
| Saterdag | 60 | 19,8 |
| Sondag | 54 | 17,8 |

| | | |
|---|---|---|
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.5.2 het die meeste voorvalle plaasgevind op Saterdae, naamlik 60 (19,8%), gevolg deur 58 (19,1%) op Vrydae, 54 (17,8%) op Sondae, 42 (13,9%) op beide Woensdae en Donderdae, 27 (8,9%) op Dinsdae en die laagste voorkoms op Maandae 20 (6,6%). Hieruit is dit dus duidelik dat die grootste aantal gevalle van misdade teen vroue oor naweke voorkom. Wanneer die gegewens vir Vrydag, Saterdag en Sondag saam bereken word, maak dit 172 (56,76) van die totale aantal voorvalle uit.

**Tabel 6.5.3 Tydstip van die dag**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| 06:01-10:00 | 24 | 7,9 |
| 10:01-14:00 | 35 | 11,5 |
| 14:01-18:00 | 70 | 23,1 |
| 18:01-22:00 | 87 | 28,7 |
| 22:01-02:00 | 52 | 17,2 |
| 02:01-06:00 | 35 | 11,6 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.5.3 het die meeste misdade teen vroue, te wete 87 (28,7%) in die periode van die dag tussen 18:01 en 22:00 voorgekom. Die tweede meeste, 70 (23,1%) het tussen 14:01 en 18:00, die derde meeste, 52 (17,2%) tussen 22:01 en 02:00, die vierde meeste, 35 (11,6%) beide tussen 10:01 en 14:00 en tussen 12:01 en 06:00, en die minste voorvalle, 24 (7,9%) tussen 06:01 en 10:00 voorgekom.

Die feit dat die meeste voorvalle in die aand plaasgevind het, het bepaald daarmee te doen dat die vroulike slagoffers nie by die werk was nie omdat dit aand was, óf omdat

hulle op reis, by ontspanningsplekke óf ander plekke was waar hulle maklike teikens vir misdaad kon wees.

**Tabel 6.5.4 Plek van die voorval**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Kantoor | 2 | 0,7 |
| Fabriek | 1 | 0,3 |
| Skool | 4 | 1,3 |
| Hotel | 11 | 3,6 |
| Motor | 18 | 5,9 |
| Oortreder se woonplek | 2 | 0,7 |
| Veld | 45 | 14,9 |
| Plot | 1 | 0,3 |
| Hospitaal | 1 | 0,3 |
| Kafee | 13 | 4,3 |
| OTM (Bank) | 4 | 1,3 |
| Supermark | 2 | 0,7 |
| Spoorwegstasie | 3 | 1,0 |
| Publieke toilet | 3 | 1,0 |
| Woonplek van slagoffer | 101 | 33,3 |
| Vriende se woonplek | 29 | 9,6 |
| Tuin | 3 | 1,0 |
| Ander | 59 | 19,5 |
| Onseker op vraelys | 1 | 0,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.5.4 het die meeste voorvalle, dit wil sê 101 (33,3%), gebeur by die woonplek van die slagoffer, 45 (14,9%) in die veld, 29 (9,6%) by die huis van die oortreder, 18 (5,9%) in óf naby motors, 13 (4,3%) by kafees en 11 (3,6%) in of voor hotelle. Die ander plekke waar voorvalle plaasgevind het, is relatief gering soos dit in die syfers weerspieël word. Dit wil dus voorkom dat daar 'n wisseling is van die plekke waar voorvalle plaasvind tussen formele sowel as informele plekke. Daar kan egter nie met sekerheid beweer word dat daar meer insidente plaasvind by formele of informele plekke nie. Kortom, misdaad teen vroue gebeur oral waar die geleentheid hom voordoen en die risiko vir arrestasie laag is vir die oortreder.

'n Hele aantal voorvalle 59 (19,5%) is egter op ander plekke gepleeg wat nie in die vraelys opgenoem is nie, soos byvoorbeeld sportgronde, pawiljoene, lapas, bushuisies, vlooimarkte en sèlfs woonstelbalkonne. Die vraelys het egter nie vir al die moontlikhede voorsiening gemaak nie.

**Tabel 6.5.5 Tipes misdade**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Roof | 40 | 13,2 |
| Verkragting | 97 | 32,0 |
| Aanranding (gewoon) | 86 | 28,4 |
| Aanranding (ernstig) | 23 | 7,6 |
| Seksuele teistering | 8 | 2,6 |
| Uitlokking | 2 | 0,7 |
| Diefstal | 12 | 4,0 |
| Ontvoering | 34 | 11,2 |
| Onseker op vraelys | 1 | 0,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens die inligting in tabel 6.5.5, kom verkragting die meeste voor, dit wil sê 97 (32,0%), aanranding (gewoon) tweede, naamlik 86 (28,4%), gevolg deur roof, 40 (13,2%),

ontvoering, 34 (11,2%), aanranding met die doel om ernstig te beseer, 23 (7,6%), diefstal, 12 (4,0%), seksuele teistering, 8 (2,6%) en uitlokking met die doel om seksuele dade te pleeg, 2 (0,7%). Die grootste gevaar wat vroue in Gauteng loop om as slagoffers in misdaad betrokke te raak, is dus die gevaar wat hulle loop om verkrag te word. Gewone aanranding, roof, ontvoering, ernstige aanranding en ander misdade kan ook nie geïgnoreer word nie.

**Tabel 6.5.6 Het alkohol 'n rol gespeel?**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 106 | 35,0 |
| Nee | 197 | 65,0 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

In tabel 6.5.6 het 197 (65,0%) oortreders glad nie alkohol gebruik nie, terwyl 106 (35,0%) dit wel gedoen het. Alkohol speel dus nie 'n deurslaggewende rol by misdade soos dit vry algemeen beweer word nie, en behoort nie as verskoning vir oortreders te kan dien nie.

**Tabel 6.5.7 Was die aanval beperk tot slegs een slagoffer?**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Enigste | 281 | 92,7 |
| Enigste uit 'n groep | 12 | 4,0 |
| Een van 'n paar persone | 10 | 3,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.5.7 is daar 281 (92,7%) persone aangeval wat die enigste slagoffers was, 12 (4,0%) was een van 'n groep toe die voorval plaasgevind het, en 10 (3,3%) persone was die enigste uit die groep wat 'n slagoffer geword het. Dit dui daarop dat oortreders meer geneig sal wees om eensame en enkellopendes aan te val.

**Tabel 6.5.8 Was die oortreder deel van 'n groep?**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Alleen | 264 | 87,1 |
| In 'n groep | 37 | 12,2 |
| Onseker op vraelys | 2 | 0,7 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.5.8 was daar 264 (87,1%) alleenlopende oortreders en 37 (12,2%) wat in 'n groep beweeg het. Dit dui daarop dat, alhoewel die meeste oortreders individueel optree, hulle soms ook in groepsverband en selfs bendeverwant optree.

**Tabel 6.5.9 Wat het die voorval veroorsaak volgens die oortreder?**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Gewoon misdadigheid | 116 | 38,3 |
| Seksueel | 51 | 16,8 |
| Werksdruk | 1 | 0,3 |
| Eie aggressie | 18 | 6,0 |
| Finansies | 14 | 4,6 |
| Stres | 1 | 0,3 |
| Eie jaloesie | 27 | 9,0 |
| Alkohol | 1 | 0,3 |
| Skinder | 7 | 2,3 |
| Partytjie | 1 | 0,3 |
| Provokasie van slagoffer | 36 | 12,0 |
| Ritueel | 1 | 0,3 |
| Wraak | 8 | 2,6 |
| Familietwis | 14 | 4,6 |
| Ander redes nie gespesifiseer | 7 | 2,3 |

| | | |
|---|---|---|
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.5.9 het seksuele oorwegings 'n rol gespeel by 51 (16,8%) gevalle van misdaad teen vroue in Gauteng, provokasie by 36 (11,8%), jaloesie by 27 (8,9%), aggressie by 18 (5,9%), finansies en familietwiste onderskeidelik elk 14 (4,6%), wraak 8 (2,6%), skinder en ander redes 7 (2,3%). Stres, werksdruk, alkohol en rituele het elk vir 1 (0,3%) voorval gesorg.

**Tabel 6.5.10 Was provokasie deur die slagoffer 'n faktor?**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 123 | 40,6 |
| Nee | 178 | 58,7 |
| Onseker op vraelys | 2 | 0,7 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.5.10 het provokasie deur die slagoffer in 178 (58,7%) gevalle geen rol gespeel nie, en in 123 (40,6%) gevalle wel, terwyl daar twee dossiere was waar die vraag nie beantwoord is nie.

**Tabel 6.5.11 Waarmee en hoe is die misdaad gepleeg?**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Vuurwapen | 8 | 2,6 |
| Mes | 15 | 4,9 |
| Vuis | 60 | 19,8 |
| Skop | 7 | 2,3 |
| Veg (spartel, ens.) | 31 | 10,2 |
| Motor | 3 | 1,0 |
| Byl | 1 | 0,3 |
| Stok | 6 | 2,0 |

| | | |
|---|---|---|
| Verwurg | 1 | 0,3 |
| Klippe | 2 | 0,7 |
| Omgekoop | 4 | 1,3 |
| Verrassingsaanval | 4 | 1,3 |
| Ander (nie genoem) | 160 | 53,0 |
| Onseker op vraelys | 1 | 0,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.5.11 is 160 (52,8%) maniere buiten dié wat op die vraelys aangebring was gevind om misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie te pleeg. Voorbeelde hiervan is dinge soos om die slagoffer aan die hare rond te trek, met sigaretstompies te brand, te byt, te knyp, te krap met die naels, met suur of kookwater te gooi, te skiet of te dreig met 'n vuurwapen ensovoorts. Omdat die vraelys nie vir al die verskillende moontlikhede voorsiening kon maak nie, is die kategorie "ander" bygevoeg.

Die misdade is gepleeg met die vuiste, 60 (19,8%), messe, 15 (5,0%), vuurwapens, 8 (2,6%), stokke, 6 (2,0%) omkopery en verrassingsaanvalle onderskeidelik elkeen 4 (1,3%) terwyl bylaanvalle en verwurging elk 1 (0,3%) geval verteenwoordig het. Daar was een dossier waar hierdie vraag nie ingevul was nie. Dit blyk duidelik uit hierdie data, dat vuisgevegte vry algemeen voorkom, en dat die aanvaller waarskynlik in die meeste gevalle oor die algemeen sal probeer om sy slagoffer ('n vrou) met die vuis buite aksie te stel.

## 6.6 Besonderhede rakende die regspleging van die misdaad

**Tabel 6.6.1 Het die oortreder enige vorige veroordelings gehad?**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 46 | 15,2 |
| Teruggetrekte sake | 25 | 8,3 |
| Was gewaarsku | 10 | 3,3 |

| | | |
|---|---|---|
| Geen vorige oortredings | 221 | 72,9 |
| Onseker op vraelys | 1 | 0,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.6.1 het 221 (72,9%) oortreders wat by misdade teen vroue betrokke geraak het, geen vorige veroordelings gehad nie. In 46 (15,2%) gevalle was oortreders wel reeds voorheen gevonnis, is die sake teen 25 (8,3%) persone teruggetrek, het 10 (3,3%), opgeskorte vonnisse gekry, terwyl 1 (0,3%) dossier onvolledige inligting bevat het.

**Tabel 6.6.2 Indien daar vorige veroordelings was, watter tipe vonnisse is opgelê?**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Opgeskort | 20 | 6,6 |
| Korrektiewe toesig | 2 | 0,6 |
| Gevangenisstraf | 10 | 3,3 |
| Boete | 19 | 6,3 |
| Vrygespreek | 206 | 68,0 |
| Ander | 5 | 1,7 |
| Onseker op vraelys | 41 | 13,5 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.6.2 is 206 (68%) oortreders vrygespreek, 41 (13,5%) dossiere was onvolledig, 20 (6,6%) het opgeskorte vonnisse ontvang, 19 (6,3%) het boetes betaal, 10 (3,3%) het gevangenisstraf uitgedien, 5 (1,7%) het ander tipes vonnisse uitgedien as wat in die vraelys voorgekom het, en 2 (0,7%) het korrektiewe toesig uitgedien.

**Tabel 6.6.3 Wie het die saak by die polisie aangemeld?**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Slagoffer self | 205 | 67,7 |
| Sekuriteit | 1 | 0,3 |

| | | |
|---|---|---|
| Hospitaal | 11 | 3,6 |
| Vriende | 20 | 6,6 |
| Welsyn | 1 | 0,3 |
| Vreemdes | 22 | 7,3 |
| Oortreder | 3 | 1,0 |
| Motoriste | 3 | 1,0 |
| Kerk | 1 | 0,3 |
| Skool | 4 | 1,3 |
| Familie | 1 | 0,3 |
| Ander | 31 | 10,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.6.3 is 205 (67,7%) van die misdade aangemeld deur die slagoffer self, 31 (10,3%) persone het nie in die genoemde kategorieë van die vraelys verskyn nie, 22 (7,3%) gevalle is deur vreemdes aangemeld, 20 (6,6%) deur vriende, 11 (3,6%) deur die hospitaal, 4 (1,3%) deur die skool en 1 (0,3%) elk deur familie, kerk, welsyn en sekuriteit onderskeidelik.

**Tabel 6.6.4 Tydsverloop voor aanmelding van die voorval**

| Opsie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Onmiddellik | 194 | 64,0 |
| 2 ure | 62 | 20,4 |
| 12 ure | 27 | 8,9 |
| 24 ure | 12 | 4,0 |
| 7 dae | 5 | 1,7 |
| 30 dae | 2 | 0,7 |
| Onseker op vraelys | 1 | 0,3 |
| **Totaal** | **303** | **100,0** |

Volgens tabel 6.6.4 is 194 (64,0%) gevalle onmiddellik, 62 (20,5%) 2 ure later, 7 (8,9%) binne 12 ure, 12 (4,0) binne 24 uur, 5 (1,7%) binne 7 dae en 2 (0,7%) binne 30 dae aangemeld. Daar was 1 (0,3%) dossier wat nie die inligting oor hierdie vraag kon weergee nie.

## 6.7 Bevindinge

Daar het 'n hele aantal interessante feite aan die lig gekom met die ontleding van die vraelys.

### 6.7.1 Bevindinge oor die biografiese data van die slagoffer

- Tabel 6.2.1 toon aan dat 88 (29,0%) vroulike slagoffers in die ouderdomsgroep tussen 31-45 jaar was, 54 (17,8%) tussen 19 en 21 jaar, 46 (15,2%) tussen 28 en 30 jaar, 35 (11,6%) tussen 25 en 27 jaar, 29 (9,6%) tussen 22 en 24 jaar, 26 (8,6%) onder 18 jaar en 25 (8,2%) slagoffers was bó 45-jarige ouderdom. Die grootste aantal slagoffers 88 (29,0%), het gekom uit die ouderdomsgroep tussen 31 en 45 jaar. Die hoogste aantal vroulike slagoffers is dus afkomstig vanuit die ouderdomsgroep 31-45 jaar. Dit verdien verdere navorsing.

- Tabel 6.2.2 toon aan dat daar 110 (36,3%) Blanke, 105 (34,7%) Swart, 78 (25,7%) Kleurling en net 10 (3.3%) Asiatiese slagoffers van misdade onder die vroulike respondente was. Dit is toevallig. Daar is geen poging aangewend om 'n sekere verhouding tussen die rassegroepe te bewerkstellig vir die doeleindes van die navorsing nie. Dit is onduidelik waarom Blanke vroue die meeste geviktimiseer word, gevolg deur Swart, Kleurling en Asiërs in 'n spesifieke rassevolgorde. Die redes hiervoor moet nagevors en verklaar word, ten einde die problematiek van misdade teen vroue beter te verstaan.

- Tabel 6.3.1 vertoon die gegewens insake die familiale verhoudinge tussen die slagoffer en die oortreder. Die oorgroote meerderheid, te wete 263 (86,8%) van

die groep was nie familie van mekaar nie. Hierna volg die getroudes 17 (5,6%), die wat bloedfamilie is 10 (3,3%), die wat aangetroud en stieffamilie van mekaar is onderskeidelik 5 (1,7%) elk en 3 (0,9%) van die dossiere het nie inligting hieroor bevat nie. Dit is dus duidelik uit bostaande gegewens dat die grootste aantal oortreders, geen familieverband met die slagoffer het nie.

### 6.7.2 Bevindinge oor die biografiese data van die oortreder

Wat die biografiese data van die oortreder aanbetref, het die volgende waardevolle inligting aan die lig gekom in die soek na antwoorde vir die probleem van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie:

- Tabel 6.4.1 toon aan dat die meeste oortreders, naamlik 276 (91,1%) mans was, terwyl daar slegs 27 (8,9%) vroulike oortreders was. Dit is 'n interessante feit dat alhoewel die grootste aantal misdade deur manlike oortreders 276 (91,1%) gepleeg is, daar tog wel ook vroue is 27 (8,9%) in hierdie steekproef wat ander vroue geviktimiseer het. Van die 27 vroulike oortreders was 3 weduwees in die dossiere wat as steekproef gedien het. Volgens die bostaande inligting het mans 'n groter geneigdheid om misdade teen vroue tepleeg, as wat ander vroue het om vroue te viktimiseer

- Tabel 6.4.2 toon dat Swart mans, naamlik 127 (41,9%) die meeste misdade teen vroue gepleeg het, gevolg deur 85 (28,0%) Blankes, 80 (26,4%) Kleurlinge en 9 (3,0%) Asiërs. Daar was onsekerheid oor die ras van 2 (0,6%) van die oortreders in die dossiere wat ontleed is. Hierdie aspek behoort verder nagevors te word.

- Volgens tabel 6.4.6 was die meeste misdade gepleeg deur ongetroude oortreders 157 (51,9%), gevolg deur getroudes 48 (15,8%), dié wat saamwoon 41 (13,5%) en geskeides 38 (12,5%). Daar was 3 (1,0%) weduwees positief verbind aan oortredings teen ander vroue en 16 (5,3%) dossiere het geen inligting oor huwelikstatus bevat nie. Die redes hiervoor het waarskynlik te doen met die

heilsame (misdaadvoorkomende) effek wat huwelikstatus op mans het, deurdat dit hulle meer verantwoordelikheidsin gee, maar behoort verder ondersoek te word.

- Daar is gevind volgens kruistabel 6.4.6 dat drank in 106 (35,0%) gevalle 'n rol en in 197 (65,0%) gevalle, geen rol gespeel het by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie. Hierdie aspek verdien verdere navorsing. In hierdie steekproef het drankgebruik met betrekking tot misdade teen vroue, 'n groter rol gespeel by Kleurlinge as by enige ander rassegroep. Altesaam 39 (12,8%) Kleurlinge, 32 (10,5%) Blankes en 30 (10%) Swartes was oortreders terwyl hulle onder die invloed van drank was, terwyl slegs 5 (1,6%) Asiërs onder die invloed was tydens misdaadvoorvalle. Hierdie syfers is statisties beduidend (Chi-kwadraat 12,302; DF 3: Prob 0,006). Dit beteken dat daar 'n verband bestaan tussen die rassegroep en die gebruik van drank. (Die gebruik van dwelms soos byvoorbeeld dagga is nie in hierdie studie ondersoek nie, maar hierdie navorser is van mening dat sodanige dwelms na alle waarskynlikheid ook 'n rol kon gespeel het, en dat dit 'n aspek is wat met vrug ondersoek kan word.) Die oorweging van kulturele aspekte sou 'n aanduiding kon wees waarom sommige vroue uit 'n spesifieke rasegroep, groter risikos loop om geviktimiseer te word.

### 6.7.3 Bevindinge rakende die *modus operandi* van die oortreder

Wat die *modus operandi* van die oortreder betref, het die volgende bevindinge aan die lig gekom vanuit die datavangs:

- Volgens tabel 6.5.1 was daar in Februarie 34 (11,2%) voorvalle van misdade teen vroue, in Januarie 32 (10,6%), in Maart 29 (9,6%) in Oktober 28 (9,2%), in September 27 (8,9%), in Junie 26 (8,6%), in April 24 (7,9%), in Mei 24 (7,9%), in Augustus 22 (7,3%), in November 20 (6,6%), in Julie 20 (6,6%), en in Desember 16 (5,3%) aangemeld. Slegs een dossier waarop die vraelys vir inligting

aangewese was, was onvolledig ingevul met betrekking tot hierdie vraag. Die inligting dui daarop dat daar in die eerste kwartaal, dit wil sê vanaf Januarie tot Maart altesaam 95 (31,4%) misdaadverwante voorvalle teen vroue gepleeg is, gevolg deur 74 (24,4%) in die tweede kwartaal, (April tot Junie), 69 (22,8%) in die derde kwartaal (Julie tot September) en 64 (21,2%) in die laaste kwartaal (Oktober tot Desember). Die eerste kwartaal het dus die hoogste frekwensie voorvalle van misdade teen vroue, gevolg deur onderskeidelik die derde en vierde kwartale met die laaste kwartaal die minste. Die feit dat dit só is soos hierbo genoem word, behoort aandag te geniet in verdere navorsing.

- Volgens tabel 6.5.2 het die meeste voorvalle plaasgevind op Saterdae, naamlik 60 (19,8%), gevolg deur 58 (19,1%) op Vrydae, 54 (17,8%) op Sondae, 42 (13,9%) op beide Woensdae en Donderdae, 27 (8,9%) op Dinsdae en die laagste voorkoms op Maandae 20 (6,6%). Hieruit is dit dus duidelik dat die grootste aantal gevalle van misdade teen vroue oor naweke voorkom. Wanneer die gegewens vir Vrydag, Saterdag en Sondag saam bereken word, maak dit 172 (56,76) van die totale aantal voorvalle uit. Dit is dus uit bostaande duidelik dat naweke krities is vir die voorkoms van misdade teenvroue.

- Volgens tabel 6.5.3 het die meeste misdade teen vroue, te wete 87 (28,7%) in die periode van die dag tussen 18:01 en 22:00 voorgekom. Die tweede meeste, 70 (23,1%) het tussen 14:01 en 18:00, die derde meeste, 52 (17,2%) tussen 22:01 en 02:00, die vierde meeste, 35 (11,6%) beide tussen 10:01 en 14:00 en tussen 12:01 en 06:00, en die minste voorvalle, 24 (7,9%) tussen 06:01 en 10:00 voorgekom. Die redes hiervoor is nie baie duidelik nie, maar waarskynlik het dit te doen met die feit dat vroue geen aktiwiteite (ledige ure) het tussen 18:01 en 22:00, wat hulle meer kwesbaar maak vir misdadigers.

- Volgens tabel 6.5.4 het die meeste voorvalle, dit wil sê 101 (33,3%), gebeur by die woonplek van die slagoffer, 45 (14,9%) in die veld, 29 (9,6%) by die huis van die oortreder, 18 (5,9%) in óf naby motors, 13 (4,3%) by kafees en 11 (3,6%)

in of voor hotelle. Die ander plekke waar voorvalle plaasgevind het, is relatief gering soos dit in die syfers weerspieël word. Dit wil dus voorkom dat daar 'n wisseling is van die plekke waar voorvalle plaasvind tussen formele sowel as informele plekke. Die plek van voorkoms is dus waarskynlik 'n oorweging wanneer die oortreders hulle misdade teen vroue beplan.

- Volgens die inligting in tabel 6.5.5, kom verkragting die meeste voor, dit wil sê 97 (32,0%), aanranding (gewoon) tweede, naamlik 86 (28,4%), gevolg deur roof, 40 (13,2%), ontvoering, 34 (11,2%), aanranding met die doel om ernstig te beseer, 23 (7,6%), diefstal, 12 (4,0%), seksuele teistering, 8 (2,6%) en uitlokking met die doel om seksuele dade te pleeg, 2 (0,7%). Die grootste gevaar wat vroue in Gauteng loop om as slagoffers in misdaad betrokke te raak, is dus die gevaar wat hulle loop om verkrag te word. Hierna volg gewone aanranding en daarna roof. Soos reeds gesê behoort die redes waarom verkragting, gewone aanranding en roof so 'n hoë frekwensie van voorkoms het, verder ondersoek te word, en moet dit op 'n prioriteitslys van die SAPD sowel as elke ander liggaam wat met die voorkomende aspek van misdade teen vroue te doene het, verskyn. Waarskynlik het misdadigers uitgevind dat "universele magteloosheid" soos verwoord in die teorie van Seligman in hoofstuk 3, by vroue 'n rol speel.

- Die bevindinge in tabel 6.5.6 rakende die rol wat drank speel,word nie hier bespreek nie, aangesien dit reeds in die kruistabelle gedoen is.

- Volgens tabel 6.5.7 is daar 281 (92,7%) persone aangeval wat die enigste slagoffers was, 12 (4,0%) was een van 'n groep toe die voorval plaasgevind het, en 10 (3,3%) persone was die enigste uit die groep wat 'n slagoffer geword het. Hiervolgens is dit duidelik dat misdadigers eerder sal verkies om slagoffers wat alleen is aan te val as wanneer dit die geval sou wees dat hulle in 'n groep beweeg. Die teorie van Seligman lê klem op die magteloosheid wat slagoffers

ervaar. Alleenlopende vroue kan so voel wanneer hulle geviktimiseer word. Hierdie aspek verdien verdere navorsing.

- Volgens tabel 6.5.8 was daar 264 (87,1%) alleenlopende oortreders en 37 (12,2%) wat in 'n groep beweeg het. Dit dui daarop dat, alhoewel die meeste oortreders individueel optree, hulle soms ook in groepsverband en selfs bendeverwant optree. Hierdie feite is uiters relevant teen die agtergrond van die nuutste tendense van misdadigers om in groepe of bendeverband op te tree. Dit kan alleenlopende vroue heeltemal laat stres wanneer hulle deur 'n groep aangeval sou word.

- Volgens tabel 6.5.9 het seksuele oorwegings 'n rol gespeel by 51 (16,8%) gevalle van misdaad teen vroue in Gauteng, provokasie by 36 (11,8%), jaloesie by 27 (8,9%), aggressie by 18 (5,9%), finansies en familietwiste onderskeidelik elk 14 (4,6%), wraak 8 (2,6%), skinder en ander redes 7 (2,3%). Stres, werksdruk, alkohol en rituele het elk vir 1 (0,3%) voorval gesorg. Die redes hiervoor is ietwat onduidelik en moet verder ondersoek word. Stres speel 'n groot rol by die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie. Seks kan as 'n stresontlading by vroue sowel as mans voorkom.

- Volgens tabel 6.5.10 het provokasie deur die slagoffer in 178 (58,7%) gevalle geen rol gespeel nie, en in 123 (40,6%) gevalle wel, terwyl daar twee dossiere was waar die vraag nie beantwoord is nie. Provokasie blyk nie 'n ernstige faktor te wees nie, maar word wel in die ondersoek weërspieël as 'n moontlike oorsaak. In die teorie is provokasie nie beduidend nie en dus is verdere ondersoek nie nodig in terme van Seligman nie.

- Volgens tabel 6.5.11 is 160 (52,8%) maniere buiten dié wat op die vraelys aangebring was gevind om misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie te pleeg. Voorbeelde hiervan is dinge soos om die slagoffer aan die hare rond te

trek, met sigaretstompies te brand, te byt, te knyp, te krap met die naels, met suur of kookwater te gooi, te skiet of te dreig met 'n vuurwapen ensovoorts. Omdat die vraelys nie vir al die verskillende moontlikhede voorsiening kon maak nie, is die kategorie "ander" bygevoeg. Daar sal in toekomstige ondersoek ook op hierdie "ander" aspekte gefokus moet word. Hierdie data kan belangrik wees wanneer die konsep "algemene magteloosheid" van Seligman ter sprake kom.

### 6.7.4 Bevindinge rakende die besonderhede van die regsplegingsproses

- Bevindinge met betrekking tot die besonderhede rakende die regspleging van die misdade, het die volgende inligting vorendag gebring:

- Volgens tabel 6.6.1 het 221 (72,9%) oortreders wat by misdade teen vroue betrokke geraak het, geen vorige veroordelings gehad nie. In 46 (15,2%) gevalle was oortreders wel reeds voorheen gevonnis, is die sake teen 25 (8,3%) persone teruggetrek, het 10 (3,3%), opgeskorte vonnisse gekry, terwyl 1 (0,3%) dossier onvolledige inligting bevat het. Alhoewel daar lae frekwensies van voorkoms van vorige veroordelings was (naastenby een derde van die totale gevalle), behoort dit nie buite rekening gelaat te word by die samestelling van 'n strategie wanneer misdade teen vroue bestudeer word nie.

- Volgens tabel 6.6.2 is 206 (68,0%) oortreders vrygespreek, 41 (13,5%) dossiere was onvolledig, 20 (6,6%) het opgeskorte vonnisse ontvang, 19 (6,3%) het boetes betaal, 10 (3,3%) het gevangenisstraf uitgedien, 5 (1,7%) het ander tipes vonnisse uitgedien as wat in die vraelys voorgekom het, en 2 (0,7%) het korrektiewe toesig uitgedien. Die uitwerking hiervan op die groot prentjie, is ietwat laag, maar daar moet kennis van die bestaan van hierdie data geneem word in die soek na oplossings. Die feit dat vroue vrees dat die misdadiger kan terugkom en wraak neem (volgens Seligman), en die feit dat oortreders in

68,0% gevalle vrygespreek word, verskaf belangrike stof vir verdere navorsing oor die teorie.

- Volgens tabel 6.6.3 is 205 (67,7%) van die misdade aangemeld deur die slagoffer self, 31 (10,3%) persone het nie in die genoemde kategorieë van die vraelys verskyn nie, 22 (7,3%) gevalle is deur vreemdes aangemeld, 20 (6,6%) deur vriende, 11 (3,6%) deur die hospitaal, 4 (1,3%) deur die skool en 1 (0,3%) elk deur familie, kerk, welsyn en sekuriteit onderskeidelik. Dit dui daarop dat vroue dus (afhangende van die intensiteit van die voorval) nie heeltemal hulpeloos is om die situasie te hanteer nie. Met betrekking tot die teorie van Seligman verdien dit verdere ondersoek.

- Volgens tabel 6.6.4 is 194 (64,0%) gevalle onmiddellik, 62 (20,5%) 2 ure later, 7 (8,9%) binne 12 ure, 12 (4,0) binne 24 uur, 5 (1,7%) binne 7 dae en 2 (0,7%) binne 30 dae aangemeld. Daar was 1 (0,3%) dossier wat nie die inligting oor hierdie vraag kon weergee nie. Hierdie aspek verdien heelwat verdere ondersoek aangesien dit kan dui op die bestaan van aangeleerde hulpeloosheid by vroue volgens die teorie van Seligman.

## 6.8 Slotbeskouing

Daar is in hierdie hoofstuk tabelle en inligting verskaf, wat in terme van die probleem van misdade teen vroue geïnterpreteer is. Belangrike aspekte rondom tendense is uitgewys en bespreek. Ek wil die vertroue uitspreek dat hierdie navorsing sal aansluit by die huidige diskoers wat wêreldwyd aan die gang is oor hierdie aangeleentheid.

Voorstelle is gemaak ten einde voorkomende maatreëls te ondersteun. Sekere fasette van die problematiek verdien verdere navorsing, aangesien daar nie maklike en of bevredigende antwoorde vry algemeen beskikbaar is nie. 'n Probleem van hierdie omvang, wat wêreldwyd reperkussies het tot op die agendas van die hoogste raadsale

van regeringsliggame, aangesien dit gespesialiseerde politiese, kulturele, ekonomiese, strategiese en maatskaplike aandag verg, moet as hoë prioriteit hanteer word.

Daar moet voortdurend navorsing gedoen word, sodat die probleem uiteindelik beheer en indien moontlik geëlimineer kan word; veral in Suid-Afrika en spesifiek die Gauteng Provinsie waar die noodkrete daagliks al hoe dringender word.

In **hoofstuk 7** word daar vervolgens gekonsentreer op die samevatting, bevindinge en slotbeskouing van hierdie navorsing.

## HOOFSTUK 7

## SAMEVATTING, BEVINDINGE EN SLOTBESKOUING

### 7.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting gegee van die navorsing wat met betrekking tot misdade teen vroue in Gauteng gedoen is. Die bevindinge van die navorsing word uitgelig, en op grond van die bevindinge, word sekere aanbevelings gemaak. Daar word ook voorstelle vir verdere navorsing gemaak. Hier volg 'n kort samevatting van dit wat gedoen is, en dit waarop die bevindinge gebaseer is.

### 7.2 'n Kort samevatting van die ondersoek

Die metodologiese fundering vir die navorsing is in hoofstuk 1 beskryf. Die doelwitte was om misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie te ondersoek en die uitwerking van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie daaraan te koppel.

In **hoofstuk 1** is daar gefokus op die metodologiese model en ontwerp van die navorsingsproses wat gevolg is. Dit het gesentreer om inligting wat vanuit 303 vraelyste uit polisiedossiere, afkomstig van MIAS se streekkantoor in Johannesburg, beskikbaar gestel is. Die rasionaal van die studie sowel as die bydrae daarvan tot die Kriminologie is bespreek. Die doel van die ondersoek, tesame met die geografiese afbakening is beskryf, waarna toepaslike tabelle wat die biografiese en ander data aangaande die slagoffers en oortreders weergee, statisties ontleed is. Hierna het die hipotesestellings, definiëring van sekere konsepte asook die navorsingsprosedures aandag gekry.

In **hoofstuk 2** is daar indringend gekyk na die fenomeen van misdade teen vroue soos dit wêreldwyd manifesteer. Verskillende tipes misdaad is gedefinieer, terwyl daar ook kennis geneem is van die toedrag van sake in ander lande soos die VSA en Brittanje. Die omvang van die probleem is in die Suid-Afrikaanse konteks bespreek. Moontlike

oorsake van sowel as oplossings vir die probleem van misdade teen vroue is geïdentifiseer.

In **hoofstuk 3** is die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie van Seligman breedvoerig bespreek. Die konsepte soos vervat in die teorie, die uitgangspunte sowel as die toepassing daarvan in die praktyk het aandag geniet. Hierna het die negatiewe kritiek vanuit die beskikbare lektuur wat teen die teorie van Seligman gemaak is onder die soeklig gekom. Die positiewe bydraes wat die teorie kan lewer, is ook onderstreep.

In **hoofstuk 4** is daar gelet op die huidige status van regspleging met betrekking tot misdade teen vroue in die Republiek van Suid-Afrika. Polisiëring van misdade teen vroue en verskillende definisies van konsepte is geformuleer. Die hele regsplegingsaspek is oor 'n wye spektrum bespreek. Daar is gelet op die status van hofsake, interdikte en vonnisse, terwyl rehabilitasieprogramme vir slagoffers en oortreders ook aandag in die bespreking gekry het.

**Hoofstuk 5** het gefokus op voorkoming van misdade teen vroue. Die groot rol wat lektuur in die proses van voorkoming kan speel, is uitgewys en bespreek. Die invloed wat kultuur en opvoeding op voorkoming kan hê, is onderstreep. Daar is gelet op primêre, sekondêre en tersiêre voorkoming. Plekke van veilige skuiling tydens traumatiese situasies en voorstelle vir verbetering van die bestaande sisteme is gemaak. 'n Groter samewerking tussen bestaande hulporganisasies wat deur die staat beskikbaar gestel word, is bepleit. Verbeterde beradingsprogramme is voorgestel en uitbreiding waar moontlik aangemoedig.

In **hoofstuk 6** is daar hoofsaaklik gefokus op statistiek. Biografiese inligting oor die slagoffer en oortreder is in tabelvorm weergegee en analities bespreek. Hierna het die *modus operandi* asook data wat op regspleging betrekking het aandag geniet. Dit is aan die hand van statisties beduidende tendense bespreek. Daar is sekere bevindinge gemaak vanuit die statistiese getuienis.

## 7.3 Bevindinge

Die bevindinge van hierdie navorsing word aan die hand van die resultate van die literatuurstudie en die empiriese datavangs weergegee. Soos volg:

### 7.3.1 Bevindinge van die literatuurstudie

Soos aangedui in hoofstuk 6, was daar in die polisiedossiere wat ondersoek is, 97 (32,0%) verkragtings, 86 (28,4%) gewone aanrandings en 40 (13,2%) voorvalle van roof. Hierdie drie tipes misdade verteenwoordig dus saam 'n frekwensie van 223 (73,6%) voorvalle. Daar word vir die doeleindes van hierdie navorsing, net op die genoemde drie tipes misdade gekonsentreer.

Misdade teen vroue kan op 'n beperkte wyse aan die hand van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie verklaar word, en wel soos volg:

(1) Daar kom van tyd tot tyd geleenthede voor waar politieke leiers in Suid-Afrika die apartheidstydperk, dit wil sê die tydeperk voor die 1994 - verkiesing, wil blameer vir misdade teen vroue. Adjunk-president Jacob Zuma het juis verlede Saterdag, 8 Desember 2001 by die Uniegebou 'n lang verduideliking hieroor gegee. Hy het gesê: "Women were powerless and therefore learned helplessness because of legislation and cultural views of the 'apartheid' era in our country" (SATV 2 - 7nm).

Die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie berus op die aanname dat daar 'n onvermoë bestaan by mense (vroulike slagoffers) om effektief in krisissituasies (misdade wat teen hulle gepleeg word) op te tree. Hiervoor word verskillende redes aangevoer soos byvoorbeeld die sogenaamde "onkontroleerbaarheid" van 'n situasie wat in die teorie ter sprake is. Wanneer daar 'n verkragting,- aanranding- of roof sou plaasvind, sal die logiese gevolg volgens die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie wees dat die persoon (vrou) weinig weerstand bied, omdat sy redeneer dat daar nie

beheer (kontrole) daaroor is nie. Sy voel daar is nie 'n manier hoe sy kon wen nie, selfs al sou sy probeer.

(2) 'n Verdere element van algemene hulpeloosheid wat poog om misdade teen vroue te verklaar, is die konsep "persoonlike magteloosheid". In hierdie geval glo slagoffers dat hulle weinig weerstand kan bied omdat hulle vroue is en dat daar (manlike) hulp van buite sal kom. Dit verklaar waarom vroue wat verkrag, aangerand en beroof word, min doen om weerstand te bied. Baie keer vra buitestaanders waarom die betrokke persoon dit toegelaat het en skynbaar niks gedoen het om die oortreder teë te staan nie. Dit is juis hierdie kontroversiële aspek in die voorkoms van misdade teen vroue, waarop die teorie nou lig wil werp.

(3) Die element "universele magteloosheid" verduidelik waarom (vroulike) slagoffers redeneer niemand ander sou die saak anders hanteer het as juis op die wyse wat hulle dit gedoen het nie. 'n Mens is geneig om te veralgemeen, veral in die lig van die huidige vlaag van geweld teen vroue. Die vraag kan met reg gevra word, hoe sou jy (anders) opgetree het, as jy in 'n soortgelyke situasie beland het? Die blote behoefte om só 'n vraag te vra, bevestig die element van "universele magteloosheid" van die teorie van aangeleerde hulpeloosheid.

(4) Slagoffers glo volgens die teorie van aangeleerde hulpeloosheid, dat dit hulle niks sal baat om hulp te vra nie omdat hulle aanvaar dat niemand na hulle sal wil luister nie en gee by voorbaat moed op. In hierdie navorsing is gevind dat 98/303 (32,3%) aanmeldings deur ander persone behalwe die slagoffer gedoen is. Dit bevestig die bestaan van aangeleerde hulpeloosheid by mense omdat dit ook waarskynlik die rede is waarom so baie gevalle van veral verkragting en aanranding, nooit in hulle persoonlike hoedanigheid by die polisie aangemeld word nie. Vrees speel ook 'n groot rol in die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie aangesien die slagoffer van mening is dat die misdadiger mag terugkom om wraak te neem. Hulpelose

gedrag kom as gevolg hiervan voor omdat hulle deur die blote gedagte daaraan gekondisioneer is om by voorbaat handdoek in te gooi.

### 7.3.2 Empiriese datavangs

Daar is vir die beskikbaarheid van inligting om hierdie navorsing te doen gebruik gemaak van die data vanuit 303 polisiedossiere soos in hoofstuk 1 volledig bespreek is. Die data vanuit die vraelys is later met behulp van die SPSS 10,0 program op 'n wetenskaplike wyse omskep in kruistabelle wat hoofsaaklik op die biografiese data van die slagoffers sowel as oortreders, asook die *modus operandi* van die oortreders gefokus het. Daardie alternatiewe hipoteses wat beduidende korrelasies getoon het, word hieronder in tabelvorm weergegee.

**Tabel 7.3.2 - Hipotesestelling**

| Hipotese 1 | Bevinding bevestig |
|---|---|
| Daar is 'n verband tussen die ouderdom van die slagoffer en die huwelikstatus van die oortreder by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 96,124; DF=36; Prob= 0,000 |
| **Hipotese 2** | **Bevinding bevestig** |
| Die ouderdom van die slagoffer en vooraf bekendheid met die oortreder, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 58,847; DF= 6; Prob=0,009 |
| **Hipotese 3** | **Bevinding bevestig** |
| Die ouderdom van die slagoffer en wie die voorval aanmeld, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 128,937; DF=66; Prob=0,000 |
| **Hipotese 4** | **Bevinding bevestig** |
| Die ouderdom van die slagoffer en die *modus operandi* van die oortreder speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 91,876; DF=78; Prob=0,001 |

| Hipotese 5 | Bevinding bevestig |
|---|---|
| Die ras van die slagoffer en haar huwelikstatus speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 39,678; DF=18; Prob= 0,002 |
| **Hipotese 6** | **Bevinding bevestig** |
| Die ras van die slagoffer en die huwelikstatus van die oortreder speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 45,711; DF=15; Prob= 0,000 |
| **Hipotese 7** | **Bevinding bevestig** |
| Die ras van die slagoffer en die rol wat drank speel, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 12,302; DF=3; Prob=0,006 |
| **Hipotese 8** | **Bevinding bevestig** |
| Die huwelikstatus van die slagoffer en voorafkennis met die oortreder, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 34,710;DF= 6; Prob=0,000 |
| **Hipotese 9** | **Bevinding bevestig** |
| Die huwelikstatus van die slagoffer en die familieband met die oortreder, speel nie 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie. | Chi-kwadraat 84,117; DF=36; Prob=0,000 |
| **Hipotese 10** | **Bevinding bevestig** |
| Die huwelikstatus van die slagoffer en die tipe misdaad wat gepleeg word, speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 98,342; DF=48; Prob=0,000 |
| **Hipotese 11** | **Bevinding bevestig** |
| Die huwelikstatus van die slagoffer en die rol van drank, is 'n belangrike faktor by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 26,224; DF=6; Prob=0,000 |

| Hipotese 12 | Bevinding bevestig |
|---|---|
| Die huwelikstatus van die oortreder en provokasie deur die slagoffer speel 'n rol by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 25,288; DF=6; Prob=0,000 |
| **Hipotese 13** | **Bevinding bevestig** |
| Die geslag van die oortreder speel 'n rol by die tipe misdaad wat teen vroue in die Gauteng Provinsie gepleeg word. | Chi-kwadraat 30,878 ; DF=8; Prob=0,000 |
| **Hipotese 14** | **Bevinding bevestig** |
| By die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie, speel geslag 'n rol in die redes wat deur die slagoffer aangevoer word waarom die misdaad gepleeg is. | Chi-kwadraat 98,306; DF=14; Prob=0,000 |
| **Hipotese 15** | **Bevinding bevestig** |
| Daar is 'n verband tussen die geslag van die oortreder en provokasie deur die slagoffer in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 8,172; DF=1; Prob=0,004 |
| **Hipotese 16** | **Bevinding bevestig** |
| Daar is 'n verband tussen die ras van die oortreder en die dag van die week waarop die voorval plaasgevind het, in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 53,051; DF=24; Prob=0,001 |
| **Hipotese 17** | **Bevinding bevestig** |
| Daar is 'n verband tussen die ras van die oortreder en bekendheid met die slagoffer in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 34,999; DF=4; Prob=0,000 |
| **Hipotese 18** | **Bevinding bevestig** |
| Daar is 'n verband tussen die ras van die oortreder en die rol van drankgebruik by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 17,952; DF=4; Prob=0,001 |

| Hipotese 19 | Bevinding bevestig |
|---|---|
| Daar is 'n verband tussen die ras van die oortreder en die tipe misdaad, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 102,234 ; DF=32; Prob=0,000 |
| **Hipotese 20** | **Bevinding bevestig** |
| Daar is geen verband tussen die ras van die oortreder en die familieverbintenis wat hy met die slagoffer het, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie. | Chi-kwadraat 21,826; DF=8; Prob=0,005 |
| **Hipotese 21** | **Bevinding bevestig** |
| Daar is 'n verband tussen die huwelikstatus van die oortreder en bekendheid met die slagoffer by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 67,067; DF=5; Prob=0,000 |
| **Hipotese 22** | **Bevinding bevestig** |
| Daar is geen verband tussen die huwelikstatus van die oortreder en die tydperk wat hy die slagoffer ken, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie. | Chi-kwadraat 129,277; DF=30; Prob=0,000 |
| **Hipotese 23** | **Bevinding bevestig** |
| Daar bestaan geen verband tussen die huwelikstatus van die oortreder en die familieband tussen hom en die slagoffer, by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie nie. | Chi-kwadraat 142,474; DF=30; Prob=0,00 |
| **Hipotese 24** | **Bevinding bevestig** |
| Die huwelikstatus van die oortreder en die plek van die voorval, hou met mekaar verband in die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 209,694; DF=90; Prob=0,000 |

| Hipotese 25 | Bevinding bevestig |
| --- | --- |
| Die huwelikstatus van die oortreder en die tipe misdaad wat gepleeg is, toon 'n definitiewe verband met mekaar by die voorkoms van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie. | Chi-kwadraat 217,226; DF=40; Prob=0,000 |

Kortweg kom bogenoemde tabel op die volgende neer ten opsigte van die biografiese data van die slagoffer:

- Daar was 'n beduidende korrelasie ten opsigte van die ouderdom, ras en huwelikstatus van die slagoffers, wat die alternatiewe hipotese bevestig het. Dit beteken dat hierdie drie genoemde faktore 'n rol speel by misdade teen vroue, en dat daar in die soeke na antwoorde om oplossings vir die probleem van misdade teen vroue te vind, met groot vrug gebruik gemaak sal kan word van studies wat hierdie faktore in ag neem.

Bogenoemde tabel kom ook op die volgende neer ten opsigte van die biografiese data van die oortreder:

- Die geslag, ras en huwelikstatus van die oortreder is positief geïdentifiseer as faktore wat 'n rol speel by misdade teen vroue, soos tabel 7.3.2 hierbo aandui. Dit behoort verder ondersoek te word.

Kortweg kom tabel 7.3.2 op die volgende neer ten opsigte van die *modus operandi* van die oortreder:

- Die ouderdom van die slagoffer, die dag van die week en die plek van die voorval is hoogs beduidend. Die rol wat drank speel kan ook nie weggeredeneer word nie. In die breër en meer proaktiewe benadering tot die probleem, sal dit dus goed wees vir die betrokkenes om deeglik kennis te

neem van die rol wat hierdie faktore in die voorkoms van misdade teen vroue speel.

## 7.4 Aanbevelings vir verdere navorsing

Empiriese navorsing moet onderneem word om die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie se misdaadverklaringsmoontlikhede by vroue, verder te ondersoek.

Nog aspekte wat met die datavangs uit die dossiere verband hou, wat verdere navorsing vereis, sluit die volgende in:

- die uitwerking van vaste verhoudings op misdade teen vroue
- kultuurverskille by verskillende rassegroepe en misdade teen vroue
- die redes waarom die *modus operandi* van vroue verskil van dié van mans wat misdade teen vroue pleeg
- die rol van onmiddellikke arrestasie van oortreders waar misdade teen vroue ter sprake kom
- berading aan die slagoffer sowel as die oortreder met die oog op rehabilitasie

Behalwe die aanbevelings vir verdere navorsing, kan die volgende ook oorweeg word insake misdade teen vroue in Gauteng provinsie:

### 7.4.1 Algemene aanbevelings

Die volgende aanbevelings word gemaak na aanleiding van die navorsing wat voltooi is om die probleem van misdade teen vroue in Suid-Afrika effektief te beheer:

- Verbeterde opleiding van polisiebeamptes in die hantering van misdade teen vroue moet geïmplementeer word.
- Die polisie moet bemagtig word om vinniger en effektiewer te reageer tydens en na aanmeldings van misdade teen vroue.

- 'n Algemene gesindheidsverandering by die polisie teenoor getraumatiseerde vroue moet bevorder word.
- Oortreders wat misdade teen vroue pleeg, moet summier gearresteer word.
- Die aard van vonnisse wat opgelê word vir mans wat teenoor vroue oortree, moet heroorweeg word.
- Wette wat oor die algemeen verband hou met misdade teen vroue moet strenger gemaak en effektiewer toegepas word.
- Die stelsel van interdikte behoort aangepas en uitgebrei te word.
- Hofprosedures moet meer vaartbelynd gemaak word sodat verhore insake misdade teen vroue gouer afgehandel kan word.
- Opleiding en bewusmakingsveldtogte insake die voorkoming van misdade teen vroue om die breër publiek bewus te maak van die probleem, moet bevorder word.
- Die staat moet beter plekke van veiligheid aan die slagoffers beskikbaar stel.
- Vroue moet bemagtig word ten opsigte van hulle regte.
- Welsynsdienste vir vroue en krisissentra moet gekoördineer word.
- Vroue moet ingelig word oor die aard en tipe van die dienste wat op die huidige stadium in die gemeenskap beskikbaar is.
- Meer en verbeterde beradingsdienste aan sowel slagoffers as oortreders moet voorsien word.
- Die totstandkoming van groepe deur vroue wat geviktimiseer was, sodat hulle mekaar vanuit hulle ondervinding kan ondersteun en raad gee, moet bevorder word.
- Sentra moet opgerig word waar kundigheid en inligting beskikbaar is om die probleem effektief die hoof te bied.

### 7.4.2 Voorstelle oor veiligheidsplekke vir vroue en / of kinders

Die algemene konsensus is dat die huidige beskikbare plekke van veiligheid vir vroue in Suid-Afrika geherevalueer moet word, ten einde hulle effektiwiteit al dan nie te bepaal. Plekke waar kinders tydelik geplaas kan word in noodsituasies moet ook vroegtydig geïdentifiseer word.

### 7.4.3 Voorstelle vir die verbetering van beradingsdienste

Huidige beradingsdienste laat veel te wense oor en daarom moet daar gekyk word na dinge soos verskuiwing van beradingsfasiliteite na sentrale sentra waar dit vir almal makliker bereikbaar sal wees. Spesiale traumasentra moet ingerig word om krisisse die hoof te bied. Daar moet ook hulpdienste aan oortreders beskikbaar wees, en vrouepersoneel moet hierdie sentra beman omdat vroue oor die algemeen 'n beter aanvoeling met getraumatiseerdes het. Komitees moet gevorm word deur slagoffers sodat hulle kennis en vaardighede kan uitruil met betrekking tot hul gemeenskaplike probleme; probleme moet aangemeld kan word by alternatiewe plekke en nie slegs by polisiestasies nie; verder moet regshulp wat uitsluitlik op slagoffers gerig is, onmiddellik beskikbaar wees.

## 7.5 Slotbeskouing

**Hoofstuk 1** het gefokus op die inleiding, die doel en probleemstelling van die navorsing. Die navorsingsontwerp is bespreek en konseptuele en ruimtelike afbakening het aandag geniet. Daar is ook gekonsentreer op kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing ten einde die problematiek van misdade teen vroue in die Gauteng Provinsie, beter te begryp.

Dat misdade teen vroue wêreldwyd onrusbarend aan die toeneem is, is volledig in **hoofstuk 2** behandel. Die sielkundige en emosionele letsels wat dit vir die betrokkenes (slagoffer sowel as oortreder) inhou, is onder die vergrootglas geplaas. Probleme wat ondervind word met die rapportering van misdade en tersaaklike versameling van inligting is uitgewys. Hierdie en ander faktore saam met 'n vergelyking van die oorsese situasie in ander lande soos die VSA en Groot Brittanje het aandag geniet, terwyl daar ook kennis geneem is van ons eie situasie in die RSA.

In **hoofstuk 3** is daar gekonsentreer op die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie van Seligman oor 'n wye spektrum. Die oorsprong, ontwikkeling en herformulering daarvan is bespreek. Die positiewe misdaadvoorkomingselemente waaroor die teorie

beskik, is uitgewys en bespreek, terwyl die negatiewe eienskappe daarvan ook nie in die bespreking geïgnoreer is nie.

**Hoofstuk 4** het gefokus op die aspekte van regspleging en bekamping van misdade teen vroue. Die verskillende stelsels wat betrokke is by die hantering van misdade teen vroue, soos byvoorbeeld die polisie, die howe en welsyn, is krities bespreek en voorstelle vir die verbetering daarvan is uitgewys. Selfs die rol wat politiek in hierdie verband speel, kon nie uit hierdie bespreking weggelaat word nie.

In **hoofstuk 5** het die voorkoming van misdade teen vroue oor die algemeen, maar meer spesifiek ook in die Gauteng Provinsie ter sprake gekom. Daar is verskeie opsies oorweeg wat literêre, filosofiese, sosiale sisteem en kulturele veranderingsopsies ingesluit het. Die rol wat berading kan speel vir oortreders sowel as slagoffers is positief oorweeg. Alhoewel daar goeie regspleging aan die gang is soos byvoorbeeld naweekhowe, is die regspleging in Suid-Afrika skynbaar nog ligjare ver van die verwagte standaard verwyder.

**Hoofstuk 6** het die statistiese data ontleed aan die hand van inligting oor die biografiese aard van die slagoffer en oortreder asook sy *modus operandi*. Heelwat lig soos volledig uiteengesit in hoofstukke ses en sewe in hierdie verband, kon gewerp word om die probleem van misdade teen vroue beter te verstaan.

**Hoofstuk 7** sluit die diskoers oor die teorie af met sekere bevindinge en voorstelle vir verdere ondersoek. Dit is die begeerte van die navorser dat hierdie werk daartoe sal bydra om beter begrip oor die probleem onder die beleidmakers se aandag te bring, ten einde die probleem van misdade teen vroue effektief in ons samelewing aan te spreek.

Seligman se teorie oor aangeleerde hulpeloosheid het nie staties gebly nie maar is verwerk en herskryf. Dit dra steeds in kontemporêre konteks 'n dinamiese karakter en neem 'n belangrike plek in in die diskoers rondom die viktimologie. Die herformulering van die teorie het daartoe bygedra dat dit ook op misdade teen vroue toegepas kan word.

## 7.6 Slotwoord

Hierdie navorsing het gefokus op misdade teen vroue en die uitwerking van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie op die reaksie van getraumatiseerde vroue. Daar is oor 'n wye spektrum na die probleem gekyk. Dit het gelei tot sekere bevindinge en uit die bevindinge is daar voorstelle gemaak. Die negatiewe sowel as positiewe aspekte van die teorie is uitgewys en bespreek. Dit is duidelik dat alhoewel die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie van Seligman nie vir al die situasies waartydens vroue slagoffers van misdaad word, antwoorde verskaf nie, dit wel baie nuttige inligting bevat vir die verstaan van die problematiek rondom getraumatiseerde vroue.

Dit is 'n realiteit dat vroue makliker teikens as mans in 'n gegewe misdaadsituasie is. Dit sal egter 'n donker dag vir die beskawing wees as die noodfakkels om hulp wat daagliks uit soveel verskillende rigtings in ons samelewing afgevuur word, geen reaksie by ons die verbygangers sal hê nie. Daarom moet alles gedoen word om oplossings en antwoorde te vind. Dit het tyd geword om iets daadwerkliks aan die probleem te doen. Môre mag dalk vir baie vroue in ons samelewing heeltemal te laat wees.

## Bibliografie


Abramson, L.Y., Seligman, M.E.P. & Teasdale, J.D. 1978. Learned helplessness in humans: critique and reformulation: *Journal of Abnormal Psychology* 87 (no.1) 49-74.

Ahuja, R. 1987. *Crime against women.* Jaipur: Rawat Publications.

Babbie, E. 1992. *The practice of Social Research.* Sixth edition. California: Wadsworth.

Barber, J.G. 1986. The promise and the pitfalls of learned helplessness theory for social work practise: *British Journal of Social Work. 1986. 557- 570.*

Barnett, O.W., & La Violette, A. D. 1993. *It could happen to anyone: why battered women stay.* London: SAGE Publications.

Bart, P. & Morani, E. (eds.) 1993. *Violence against women: The Bloody Footprints.* Newbury Park: Sage Publications.

Bollen, S., Artz, L., Vetten, L. & Louw, A. 1999. *Violence against women in metropolitan South Africa.* ISS Monograph Series No 41, September 1999. Pretoria: Institute for Security Studies.

Bunch, C. & Carrillo, R. 1992. *Gender violence: a development and human rights issue.* Dublin: Attic Press.

Burger, M. 1992. *Verwysingstegnieke.* Agste hersiening. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Cilliers, C.H., Grobbelaar, M.M., Jacobs, W.J., Labuschagne, I.L., Pretorius, R. en Van der Hoven, A.E. 1986. *Viktimologie.* Onder redaksie van C.H. Cilliers. Pretoria: HAUM.

Coetzee, C.H., Le Roux, H.J., Van Deventer, S.H., Van Lill, J.B. en Visser, J.D. 1982. *Sielkunde. Enigste gids vir PSY213-A (Sielkundige meting).* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Community Law Centre. 1993. *Women, rape and violence in South Africa. Two preliminary studies.* Port Elizabeth: University of the Western Cape.

Cook, S. & Bessant, J. 1997. Editors. *Women's encounters with violence: Australian experiences.* London: Sage.

Crowell, N.A. & Burgess, A.W. 1996. *Understading crime against women.* Washington, DC: National Academy Press.

Davies, M. (editor). 1994. *Women and violence. Realities and responses world wide.* London: Zed Books.

Decker, D.J. 1999. *Stopping the violence. A Group Model to Change Men's Abusive Attitudes and Behaviors.* London: The Haworth Maltreatment and Trauma Press.

Fink, A. 1995. *How to sample in surveys.* USA: Sage Publications.

Ganley, A. 1981. *Court mandated counselling for men who batter: A three day workshop for mental health professionals.* Washington, D C: Center For Women's Policy Studies.

Gerber, C, 2001. Statistieke van mans in Suid-Afrikaanse gevangenisse weens misdade teen vroue. Data per faksimilee. 16 November 2001.

Garbarino, J. & Eckenrode, J. 1997. *Understanding abusive families. An Ecological Approach to Theory and Practice.* San Francisco: Jossey-Bass.

Gray, M.M.A. & Sathiparsad, R. 1997. *Violence against women in South Africa: An analysis of media coverage.* Social Work. A professional journal for the social worker. Special edition Volume 34 No. 1. Pretoria: Unisa Centre for Women's Studies, 1994:3

Gray, M.M.A. & Sathiparsad, R. 1998. *Violence against women in South Africa: An analysis of media coverage.* Social Work. A professional journal for the social worker. Special edition Volume 34 No. 3. Pretoria: Unisa Centre for Women's Studies, 1994:3

Hanmer, J. & Maynard, M. (editors) 1987. *Women, violence and social control.* Explorations in sociology 23. Basingstoke: Macmillan

Hanmer, J. & Saunders, S. 1984. *Well-founded fear. A community study of violence to women.* London: Hutchinson in association with the Explorations in Femminism, Collective, 1984.

Harway, M. & O'Neil, J.M. 1999. *What causes men's violence against women?* Thousand Oaks, California : SAGE.

Human Rights Watch. 1995. *Violence against women in South Africa: State response to domestic violence and rape.* New York: Human Rights Watch Press

Huysamen, G.K. 1983. *Inferensiële statstiek en navorsingsontwerp.* Derde uitgawe. Pretoria: Academica.

Louw, D.A., (redakteur); Erasmus, A.K., Gagiano, C.A., Grobler, S.A., Möller, A. T., Theron, A. & Van Jaarsveld, P.E. 1989. *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag.* Onder redaksie van D.A. Louw. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Louw, D.A., Van Heerden, T.J. & Smith, P.R. 1978. *Kriminologiewoordeboek.* Durban: Hayne en Gibson.

Louw, N. 2001. *MIV-mite oor seks met maagd.* Beeld: 16 November 2001.

Makofane, M.D.M. & Du Preez, M.S.E. 2000. *Reporting of wife physical abuse to the police in the Northern Province.* Acta Criminologica Vol 13 No 1.

Maier, S.F. & Seligman, M.E.P. 1976. *Learned helplessness: theory and evidence.* Journal of Experimental Psychology: General. Vol. 105, No. 1, p. 3-46.

Maier, S.F. & Watkins, L.R. 1998. *Stress, learned helplessnes and brain interleukin-1.* <http://www.mcmaster.ca/inabis98/anisman/maier0245/index.htm

Meyers, M. 1997. *News Coverage of Violence Against Women. Engendering Blame.* Thousand Oaks: Sage Publications.

Miller, S.A. 2001. Men's learned helplessness. Available at: http://www. users.erols.com/afc/learned1.html. 2001-11-14.

Miller I. W. & Norman W. H. 1979. *Learned Helplessness in Humans: A Review and Attribution-Theory model.* Psychological Bulletin. Vol. 86, No. 1, 93-118.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1988. *Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Mouton, J.S. & Marais, H.C. 1991. *Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Novitz, T. 1996. *The Prevention of Family Violence Acts 1993.Issues in Law, Race and Gender.* Cape Town: Law, Race and Gender Research Unit, University of Cape Town.

Odendal, F.F., Schoonnees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, S.M. 1984. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal.* Johannesburg: Perskor.

Ovens, M. 1992. *Drug related child abuse.* Masters Disertation: Pretoria: University of South Africa.

Pahl, J. 1985. *Private violence and public policy. The needs of battered women and the response of public services.* London: Routlledge & Kegan Paul.

Peterson, C. & Seligman E.P. 1983. *Learned helplessness and victimization.* Journal of Social Issues, No.2, 1983, pp. 103-116

Peterson, C., Maier, S.F. & Seligman, M.E.P. 1993. *Learned helplessness: a theory for the age of personal control.* New York: Oxford University Press.

Schuler, M. 1992. Series on woman, law and development. *Freedom from violence. Woman's strategies from around the world.* Edited by M. Schuler. New York: OEF International.

Seddon, N. 1993. *Domestic violence in Australia.* Second edition. Sydney: The Federation Press Pty Ltd.

Sharp, J.A. & Howard, K. 1996. *The management of a student research project.* Second edition. England: Gower Publishing Ltd.

Sherman, L.W., Schmidt, J.D. & Rogan, D.P. 1992. *Policing domestic violence: experiments and dilemmas.* New York: Macmillan, Inc.

Smit, G.J. 1985. *Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe.* Pretoria: HAUM.

Stammers, T. 1996. *Love Lies Bleeding: When Intimacy turns to abuse.* London: Hodden & Soughton.

Stanley, M.A. & Maddux, J. E. 1986. *Self-efficacy theory: potential contributions to understanding cognitions in depression.* Journal of Social and Clinical Psychology, Vol 4, No. 3, pp. 268-278.

Tempelhoff, E. 2001. *Pa verkrag glo dogter (4) vir ' genesing van MIV'.* Beeld: 16 November 2001.

The Law Commision. (Working paper No. 113). *Domestic Violence and Occupation of the Family Home.* Her Majesty's Stationary Office.

Van der Hoven, A.E. 1990. *Kriminologie.* KRM 100-5 studiegids. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van der Westhuizen, M.M. 1998. *Victimization of domestic workers in a (post)modern South African Society: an explorative study.* Unpublished MA-dissertation. Sovenga: University of the North.

Walker, L. E. 1978. *Battered women and learned helplessness.* Victimology: An International Journal. Volume 2, 1977-78. Numbers 3-4. pp. 525-534.

Walker, L.E. 1979. *The battered women.* New York: Harper and Rowe.

Wolpe, A.1999. *Child abuse: Some things never change.* Sunday Times: (14 March p.24)

# MISDAAD TEEN VROUE IN GAUTENG / CRIME AGAINST WOMEN IN GAUTENG

1.Vraelysnommer / Number of questionaire

2. Ouderdom van slagoffer / Victim's age

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| < 18<br>< 18 | 19-21<br>19-21 | 22-24<br>22-24 | 25-27<br>25-27 | 28-30<br>28-30 | 31-35<br>31-35 | 45><br>45> |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

3. Ras van die slagoffer / Victim's racial background

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Blanke<br>White | Swart<br>Black | Kleurling<br>Cloured | Asiër<br>Asian | Ander<br>Other |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

4. In watter maand het die voorval plaasgevind? / During which month did the incident happened?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Januarie<br>January | Februarie<br>February | Maart<br>March | April<br>April | Mei<br>May | Junie<br>June |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| Julie<br>July | Augustus<br>August | September<br>September | Oktober<br>October | November<br>November | Desember<br>December |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |

5. Op watter dag het die voorval gebeur? / On what day did it happened?

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Maandag<br>Monday | Dinsdag<br>Tuesday | Woensdag<br>Wednessday | Donderdag<br>Thursday | Vrydag<br>Friday | Saterdag<br>Saturday | Sondag<br>Sunday |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

6. Hoe laat het dit gebeur? / How late did it happened?

| 06H01-10H00 | 10H01-14H00 | 14H01-18H00 | 18H01-22H00 | 22H01-02H00 | 02H01-06H00 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

7. Huweliksstatus van die slagoffer / Marriage status of the victim

| Getroud<br>Married | Geskei<br>Divorced | Weduwee<br>Widow | Ongetroud<br>Unmarried | Woon saam<br>Common law |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

8. Ken die slagoffer en oortreder mekaar? / Is the victim known to the offender?

| Ja<br>Yes | Nee<br>No |
|---|---|
| 1 | 2 |

9. Hoe lank ken hulle mekaar? / For how long do they know each other?

| 1 Week<br>1 Week | 1 Maand<br>1 Month | 3 Maande<br>3 Months | 6 Maande<br>6 Months | 1 Jaar<br>1 Year | > 1 Jaar<br>> 1 Year | Onbekend<br>Unknown |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

10. Is die slagoffer en oortreder familie? / Are the victim and offender family related?

| Getroud<br>Married | Bloedfamilie<br>Blood | Aangetroud<br>Intermarried | Stief<br>Steph | Geen<br>None |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

11. Waar is die misdaad gepleeg? / Where did the offender commit the crime?

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kantoor<br>Office | Fabriek<br>Factory | Skool<br>School | Kampus<br>Campus | Hotel<br>Hotel | Motor<br>Car | Trein<br>Train |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eie huis<br>Own home | Veld<br>Field | Plaas<br>Farm | Vliegtuig<br>Aeroplane | Hoewe<br>Plot | Hospitaal<br>Hospital | Kafee<br>Café |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kerk<br>Church | Bank OTM<br>Bank OTM | Supermark<br>Supermarket | Stasie<br>Station | Openbare toilet<br>Public toilet | Plakkerskamp<br>Squatter camp | Tuin<br>Garden |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |

| | | |
|---|---|---|
| Vriende se huis<br>Friend's place | Slagoffer se plek<br>Victim's place | Ander<br>Other |
| 22 | 23 | 24 |

12. Die tipe misdaad / the type of crime

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Roof<br>Robbery | Verkragting<br>Rape | Aanranding<br>Assault | Seksuele teistering<br>Sexual embarrassment | Poging tot moord<br>Attempt to murder |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vooertuigskaking<br>Hijacking | Diefstal<br>Theft | Ontvoering<br>Kidnapping | Moord<br>Murder | Aanranding met die doel om ernstig te beseer<br>Assault with the aim of major injury |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |

| |
|---|
| Uitlokking met die doel om onsedelike dade te pleeg<br>Provocation with a sexual aim |
| 11 |

13. Het drank enige rol gespeel? / Did alcohol played any roll?

| Ja<br>Yes | Nee<br>No |
|---|---|
| 1 | 2 |

14. Was die slagoffer die enigste wat geviktimiseerd is? / Was the victim the only person victimized>

| Die enigste<br>Alone | In 'n groep<br>In a group | Daar was ander slagoffers ook<br>There were more victims |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

15.Was die slagoffer alleen? Was the victim alone?

| Alleen<br>Alone | In 'n groep<br>In a group | In 'n skare<br>In a crowd |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

16. Wat was die rede volgens die slagoffer? / What reason did the victim give for the incident?

| Krimineel<br>Criminal | Seksueel<br>Sexual | Werkstres<br>Working stress | Aggresie<br>Aggression | Finansies<br>Finances | Stres<br>Stress | Jaloesie<br>Yealousy |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

| Vriende<br>Friends | Siekte<br>Sickness | Drank<br>Alcohol | Godsdiens<br>Religion | Skinder<br>Gossip | Partytjie<br>Partytjie | Politiek<br>Politics |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |

| Provokasie<br>Provocation | Ritueel<br>Ritual | Wraak<br>Revenge | Familietwis<br>Family feud | Groepsdruk<br>Peer pressure | Gekskeer<br>Fooling | Ander<br>Other |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |

17. Was daar enige provokasie? / Was there any form of provocation?

| Ja<br>Yes | Nee<br>No |
|---|---|
| 1 | 2 |

18. Die geslag van die oortreder? / The sex of the offender?

| Manlik<br>Male | Vroulik<br>Female |
|---|---|
| 1 | 2 |

19. Ras van die oortreder? / Racial background of the offender?

| Blanke<br>White | Swart<br>Black | Kleurling<br>Coloured | Asiër<br>Asian | Ander<br>Other |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

20. Huwelikstatus van die oortreder? Maariage status of the offender?

| Getroud<br>Married | Geskei<br>Divorced | Weduwee<br>Widow | Nooit getroud<br>Never married | Woon saam<br>Common law |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

21. Was die oortreder 'n voog of pleegouer ? / Was the offender a gaurdian or foster parent?

| Pleegouer<br>Foster parent | Voog<br>Gaurdian |
|---|---|
| 1 | 2 |

22. Het die oortreder enige vorige veroordelinge? / Was the offender previously sentenced for crime?

| Opgeskorte vonnis<br>Suspended sentence | Korrektiewe toesig<br>Correctional care | Gevangenisstraf<br>Jail | Boete<br>Fine | Ander<br>Other |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

23. Was die oortreder alleen of het ander hom gehelp? / Was the offender alone or supported by other?

| Alleen<br>Groep | Groep<br>Group | Geaorganiseerde bende<br>Organized gang | Sindikaat<br>Sindicate |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |

24. Is die saak by die SAPD aangemeld? / Was the case reported to the SAPS?

| Ja<br>Yes | Nee<br>No |
|---|---|
| 1 | 2 |

25. Wie het die aangemeld? / Who reported the incident?

| Die klaagster<br>The victim | Sekuriteit<br>Security | Hospitaal<br>Hospital | Vriende<br>Friends | Welsyn<br>Welfare | Verbygangers<br>Passers-by | Ootreder<br>Offender |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

| Kerk<br>Church | Skool<br>School | Ander<br>Other |
|---|---|---|
| 8 | 9 | 10 |

26. Hoe lank ná die voorval? How long afterwards?

| Dadelik<br>Immediately | 2 Ure<br>2 Hours | 12 Ure<br>12 Hours | 24 Ure<br>24 Hours | 7 Dae<br>7 Days | 30 Dae<br>30 Days |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

27. Hoe is die misdaad gepleeg? / How was the crime committed?

| Vuurwapen<br>Gun | Mes<br>Knife | Sambok<br>Sjambuck | Vuis<br>Fist | Skop<br>Kick | Veg<br>Fight | Motor<br>Motor |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

| Ketting<br>Chain | Meubelstuk<br>Furniture | Gereedskap<br>Tool | Byl<br>Axe | Stok<br>Cane | Versmoor<br>Suffocate | Verdrink<br>Drowned |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |

| Verwurg<br>Strangled | Vergiftig<br>Poisoned | Gebrand<br>Arsoned | Klippe gooi<br>Stoning | Omgekoop<br>Bribed | Verrassing<br>Surprise | Terreur<br>Terrorism |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |

| Sluipmoord<br>Assasination | Ander<br>Other |
|---|---|
| 22 | 23 |

South African Police Service Suid- Afrikaanse Polisiediens

P. O. Box 57
Posbus

My reference 26/2/2
My verwysing

Enquiries Sr Supt Freislich
Navrae

Tel 407 - 0211

Fax 407 - 0165/0190
Faks

SPEURDIENS
MISDAADINTELLIGENSIE
DIE PROVINSIALE BEVELVOERDER
MISDAADINLIGTING ANALISE SENTRUM
GAUTENG

1999-09-23

Die Stasiebevelvoerder
S A Polisiediens
PRETORIA WES -

(Vir Aandag: Supt Young)
Faks (012) 327-5845

Geagte Superintendent Young

**NAVORSING OOR MISDADE TEEN VROUE EN KINDERS: POLICING PRIORITY AND OBJECTIVE NO 3**

7. Soos u weet is die bekamping van misdade teen vroue en kinders as prioriteit verklaar. Hierdie eenheid is in vennootskap met UNISA (Professor Conradie, Kriminologie Departement) wie die SAPD bystaan in die wetenskaplike ontleding van geprioritiseerde misdade sodat misdaadvoorkomings strategieë ontwikkel kan word.

8. Pastoor T I M Jooste van die Lede in Christus Kerk, is onder leiding van Professor Conradie besig om die verskynsel van misdade teen vroue na te vors waarna sy bevindinge aan die SAPD beskikbaar gestel sal word sodat uit die misdaad profiele en patrone voorkomende strategieë ontwikkel kan word. Vir hierdie doel is soos u weet te min inligting op die MAS beskikbaar en die inligting kan nie geredelik onttrek word nie as gevolg van die kodes en is dit nodig om dossier analise te doen. Empiriese data is reeds in die stasiewyk Pretoria Moot verkry. Daar is besluit om die proses in u stasiewyk voort te sit.

9. Dit sal waardeer word indien u pastoor Jooste sal bystaan deur hom toegang tot die tipe dossiere onder toesig te verleen.

10. Pastoor Jooste se integriteit is bo verdenking maar hy moet egter 'n skriftelike onderneming gee dat inligting nie geopenbaar mag word en dat die geheimhouding van name en adresse gewaarborg word.

11. Moontlik kan u MIAS verteenwoordiger Pastoor Jooste behulpsaam wees.

12. Pastoor Jooste sal eersdaags u kantoor besoek.

........................................SENIOR SUPERINTENDENT
PROVINSIALE BEVELVOERDER : MIAS GAUTENG
M FREISLICH
ldk/Navorsing